198313795

U.O.V.S. • U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
*19831337950122000019*

# DIE STAND VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING, SPORT EN REKREASIE IN KWAZULU: ŉ EVALUERENDE ONDERSOEK

DEUR

NICOLAAS JOHANNES BOTHA

VOORGELê TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM (LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE)

IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

JUNIE 1983

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

18 -11- 1983

No T 796.07068491 BOT

BIBLIOTEEK

## Voorwoord

By die navorsing oor liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie was dit onvermydelik dat daar van verskeie persone se hulp gebruik gemaak moes word. Langs hierdie weg wil ek graag die volgende bedankings doen:

Ten eerste my hoogste waardering aan prof. P.B.Kemp, my studieleier, vir sy toegewyde leiding en bystand gedurende my studie.

Aan prof. P.C. Luthuli, Departementshoof: Filosofie van die Opvoedkunde aan die Universiteit van Zoeloeland, vir sy hulp en persoonlike belangstelling.

My dank aan die Universiteit van Zoeloeland vir die studiebeurs wat aan my toegeken is.

Verskeie onderwysers wat behulpsaam was met die insameling van sekere aspekte van die navorsing.

'n Besondere woord van dank aan mev. M. Andrews vir haar vaardige en netjiese tikwerk.

Aan mnr. E.F. Kotze vir die taalversorging.

Dit is vir my 'n voorreg om dan 'n besondere woord van dank en waardering aan my vrou te rig vir haar aanmoediging en bystand dwarsdeur my studiejare. Ek dra graag hierdie verhandeling aan haar op.

Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes,
maar dit is dieselfde Gees wat dit gee;
daar is 'n verskeidenheid van bedieninge,
maar dit is dieselfde Here wat die opdrag
gee; daar is 'n verskeidenheid van kragtige
werkinge, maar dit is dieselfde God wat
alles in almal tot stand bring.

1 Korintiërs 12: 4-6
(1979-vertaling)

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 BLADSY

ORIENTERENDE INLEIDING

1.1. Aanleiding tot die studie 1

1.2. Die begrippe liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie 2

1.2.1. Liggaamlike opvoeding 2

1.2.2. Rekreasie 6

1.2.3. Sport 9

1.3 Probleemstelling 10

1.4. Afbakening van gebied 11

1.5. Doelstelling 14

1.6. Metode van navorsing 15

1.7. Program van ondersoek 16

1.8. Bronnelys 18

HOOFSTUK 2

BEKNOPTE GESKIEDENIS VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA

2.1. Inleiding 21

2.2. Die Kaapkolonie 21

2.2.1. Die tydperk 1652 - 1800 21

2.2.2. Die tydperk 1800 - 1860 23

2.2.3. Die tydperk 1890 - 1920 24

2.2.4. Liggaamlike opvoedingskursusse vir onderwysers 25

2.2.5. Opleiding van onderwysers in liggaamlike opvoeding 26

2.2.6. Die tydperk 1936 - 1968 27

2.2.6.1. Samestelling N.A.R.L.O. 28

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.3. | NATAL | |
| 2.3.1. | Die tydperk 1835 - 1850 | 30 |
| 2.3.2. | Die tydperk 1850 - 1900 | 31 |
| 2.3.3. | Die tydperk 1900 - 1920 | 33 |
| 2.3.4. | Die tydperk 1936 - 1968 | 35 |
| 2.4. | TRANSVAAL | |
| 2.4.1. | Die tydperk 1835 - 1850 | 37 |
| 2.4.2. | Die tydperk 1850 - 1880 | 37 |
| 2.4.3. | Die tydperk 1880 - 1905 | 38 |
| 2.4.4. | Die tydperk 1905 - 1921 | 38 |
| 2.4.5. | Die tydperk 1921 - 1968 | 39 |
| 2.5. | ORANJE-VRYSTAAT | |
| 2.5.1. | Die tydperk 1872 - 1900 | 41 |
| 2.5.2. | Die tydperk 1900 - 1906 | 43 |
| 2.5.3. | Die tydperk 1906 - 1920 | 43 |
| 2.5.4. | Die tydperk 1920 - 1968 | 44 |
| 2.6. | Kernleerplanne | 46 |
| 2.6.1. | Opstellingsprosedure van leerplanne | 46 |
| 2.6.2. | Kernsillabus vir liggaamlike opvoeding | 46 |
| 2.6.3. | Implementering van leerplanne | 49 |
| 2.6.3.1. | Kaapprovinsie | 49 |
| 2.6.3.2. | Transvaal | 49 |
| 2.6.3.3. | Natal | 50 |
| 2.6.3.4. | Vrystaat | 50 |
| 2.6.4. | Doelstellings in liggaamlike opvoeding | 50 |
| 2.7. | Bydraes tot die uitbouing van liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie | 52 |

BLADSY

2.7.1 Instansies

2.7.1.1. Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spelevereniging 53

2.7.1.2. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportweten= skap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVSLOR) 54

2.7.1.2.1 Organigram: SAVLOR (18, pp. 8 - 9) 58

2.7.1.3. Die Suid-Afrikaanse Sportfederasie 60

2.7.1.4. Die Suid-Afrikaanse Sportstigting 60

2.7.1.5. Departement Nasionale Opvoeding: Direktoraat Sportbevordering 61

2.7.1.6. Die R.S.A.-Sporttrust 63

2.7.1.7. Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spelevereniging 63

2.7.1.8. Die Trimsafederasie 64

2.7.1.9. Die Nasionale Instituut vir Sport-administrasie 65

2.7.1.10 Universiteite in Suid-Afrika 65

2.7.1.11 Onderwyskolleges in Suid-Afrika 66

2.7.2. Tydskrifte

2.7.2.1 "Liggaamsopvoeding" 67

2.7.2.2 Vigor 67

2.7.2.3 Top Sport 69

2.7.2.4 S.A. Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning 70

2.7.3 Sportondersoeke

2.7.3.1 Die Hoekverslag 71

2.7.3.2 RGN-Sportondersoek 1982 72

3. Bronnelys

HOOFSTUK 3

LIGGAAMLIKE OPVOEDING EN DIE SWARTMAN IN SUID-AFRIKA

3.1 Geskiedkundige oorsig van swart onderwys in die algemeen 78

3.1.1 Benaming van die swartman 78

BLADSY

| | | |
|---|---|---|
| 3.1.2. | Woongebiede van verskillende Swart Volke van Afrika | 78 |
| 3.2. | Tradisionele onderwys | 80 |
| 3.2.1. | Die rol van die kind | 81 |
| 3.2.2. | Opvoeding van die jeug | 81 |
| 3.2.3. | Liggaamlike ontwikkeling van die kind | 81 |
| 3.2.3.1. | Fase Een | 82 |
| 3.2.3.2. | Fase Twee | 82 |
| 3.2.3.3. | Fase Drie | 82 |
| 3.2.3.4. | Fase Vier | 82 |
| 3.3. | Inisiasie | |
| 3.3.1. | Inleiding | 83 |
| 3.3.2. | Die Xhosa | 83 |
| 3.3.2.1. | Die Seuns | 83 |
| 3.3.2.2. | Die Meisies | 85 |
| 3.3.3. | Die Pedi | 87 |
| 3.3.3.1. | Die Seuns | 87 |
| 3.3.3.2. | Die Meisies | 89 |
| 3.3.4. | Die Venda | 90 |
| 3.3.4.1. | Die Seuns | 90 |
| 3.3.4.2. | Die Meisies | 91 |
| 3.3.4.3. | Gesamentlike Seremonies | 92 |
| 3.3.5. | Die Zoeloe | 93 |
| 3.3.5.1. | Die Seuns | 94 |
| 3.3.5.2. | Die Meisies | 95 |
| 3.4. | Ontstaan van 'n onderwysstelsel | 96 |
| 3.4.1. | Onderwysstelsel in KwaZulu | 97 |
| 3.5. | Geskiedkundige oorsig van Swart Onderwys in die R.S.A. | |
| 3.5.1. | Kaapprovinsie | 99 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 3.5.1.1. | Gevorderde onderwys | 100 |
| 3.5.2. | Natal | 102 |
| 3.5.3. | Transvaal | 104 |
| 3.5.3.1. | Die Kroonkolonie-periode | 105 |
| 3.5.4. | Oranje-Vrystaat | 107 |
| 3.5.5 | Die Unie | 112 |
| 3.5.5.1. | Gesondheidsleer | 114 |
| 3.6. | Sport en Vryetydsbesteding | 115 |
| 3.7. | Die huidige onderwyssisteem | 115 |
| 3.8 | Bywoning van Skole | 117 |
| 3.9. | Spele op Skoolterrein by die Zoeloe | 119 |
| 3.9.1. | "Hopscotch" | 120 |
| 3.9.2. | Balspele | 120 |
| 3.9.2.1. | Grypbal | 120 |
| 3.9.2.2. | Springbal | 120 |
| 3.9.2.3. | Raakgooi | 121 |
| 3.9.2.4. | Sokker | 121 |
| 3.9.3. | Touspring | 121 |
| 3.9.4. | Albasters | 122 |
| 3.9.5. | Klippie opgooi | 122 |
| 3.9.6. | Kaartspel | 122 |
| 3.9.7. | Umulabalaba | 122 |
| 3.9.8. | Stelteloop | 122 |
| 3.10. | Bronnelys | 124 |

BLADSY

HOOFSTUK 4

PROSEDURE BY DIE ONDERSOEK NA LIGGAAMLIKE OPVOEDING, SPORT EN REKREASIE AAN DIE SWART SKOLE IN KWAZULU


| | | |
|---|---|---|
| 4.1. | Die vraelys | 127 |
| 4.2. | Die ondersoekgroep | 128 |
| 4.3. | Motivering | 129 |
| 4.4. | Uitstuur van vraelyste | 129 |
| 4.5. | Probleme voortspruitend uit die terugontvangs van die vraelyste | 131 |
| 4.6. | Bylaes. | |


HOOFSTUK 5

BEVINDINGE, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS


| | | |
|---|---|---|
| 5.1. | Bevindinge | 133 |
| 5.1.1. | Die Vraelys | 133 |
| 5.2. | Gevolgtrekking | 184 |
| 5.2.1. | Begrip: Liggaamlike opvoeding, Sport en Rekreasie | 184 |
| 5.2.2. | Fasiliteite | 186 |
| 5.2.3. | Finansiëring | 186 |
| 5.2.4. | Opleiding | 187 |
| 5.2.5. | Hersiening van leerplanne vir liggaamlike op=voeding | 188 |
| 5.3. | Aanbevelings | 188 |
| 5.3.1. | Reisende vakadviseurs | 189 |
| 5.3.2. | Fasiliteite | 190 |
| 5.3.3. | Finansies | 191 |
| 5.3.4. | Opleiding | 191 |

BLADSY

5.3.5. Toetse, norms en sportsisteem 191

5.3.6 RGN-Sportondersoek: 1982 193

5.4 Navorsing wat hieruit kan voortvloei 194

5.5 Bronnelys 194

BYLAES

Bylae A: 195

Bylae B: 196

Bylae C: 197

Bylae D: 198

Bylae E: 199

Bylae F: 200

BIBLIOGRAFIE 219

OPSOMMING 228

HOOFSTUK 1

# ORIENTERENDE INLEIDING

## 1.1. Aanleiding tot die studie

Prof. I.R. van der Merwe wys op die bydrae van liggaamlike opvoedkunde onder die opskrif "Unieke bydraes deur die liggaamlike opvoeding tot 'n sisteem van opvoeding" in Vigor van September 1964 (13, pp. 9-13) stel hy dit as volg:

> Die liggaamlike opvoeding is 'n metode van opvoeding, 'n wyse van onderwys aan die jeug deur middel van ervaringe opgedoen deur deelname aan motoriese aktiwiteite. Dit is 'n geordende opvoedingsproses wat bydra tot die algemene opvoeding deur middel van die ontwikkeling van die motoriek. Die liggaamlike opvoeding het in 'n groot mate betrekking op die organiese ontwikkeling maar dit moet benadruk word dat hierdie organiese ontwikkeling se invloed eweseer laat geld ten opsigte van emosionele , muskulêre, sowel as alle ander wesensuitinge van die mens.

Waar die opvoeding van die swartman vandag die aandag van opvoedkundiges besig hou en besin word oor die beste wyse om dit uit te bou tot 'n volwaardige sisteem waardeur die swartman in sy totaliteit as ondeelbare mens opgevoed kan word, is dit ook nodig om te besin oor die moontlikheid om liggaamlike opvoeding as dissipline in te span in hierdie opvoedingsproses.

## 1.2. Die begrippe liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie

### 1.2.1. Liggaamlike opvoeding

Die vak liggaamlike opvoeding het deur die jare ontwikkel tot 'n selfstandige vakgebied wat 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite insluit wat almal kan help met die vormingsproses van die mens en daarom kan en moet dit as 'n geïntegreerde aspek van die Algemene Opvoedkunde gesien word. Hier word die sport-, spel- en rekreasie-aktiwiteite gebruik as middel om die mens as 'n totaliteit op te voed. Die liggaamlike opvoeding het nie net betrekking op die organiese ontwikkeling van die kind nie, maar beslis ook op die emosionele en kognitiewe ontwikkeling van die kind. Liggaamlike ontwikkeling kan dus gesien word as die opvoeding van die mens in totaliteit as psigo-fisiese eenheid met die fisieke as aanknopingspunt.

Die liggaamsopvoeder gebruik die beweging in spel om die biologiese groeiproses te stimuleer; in rekreasie is die doel om te herskep en in sport is die doel die nastrewing van liggaamlike prestasies, maar by die liggaamlike opvoedkunde is die doel om met behulp van die spel, sport en rekreasie die mens op te voed tot 'n ewewigtige geheelwese.

Gerdes (7 p 33) sien liggaamlike opvoeding op skool as:

> een pedagogisch middel met als oogmerk
> dat de jeug nu en later om fysieke en
> psychiesche reden zal spel sporten

Dit wil voorkom asof hierdie "middel" nie by die swart skole bereik word nie weens die volgende moontlike redes:

i) Die tekort aan opgeleide personeel.

ii) Onvoldoende apparaat.

iii) Ongeskikte fasiliteite.

Liggaamlike Opvoeding beskik oor goed geformuleerde doelstellings vir blanke skole en Van der Walt (14, p.1) wys daarop dat in beide Transvaalse en Vrystaatse Onderwysdepartement daar woordeliks dieselfde doelstellings en strewes vir die vak as sodanig gestel word.

Die Departement van Onderwys en Opleiding wat verantwoordelik is vir die opstel van die Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding en Organisasie vir Sport by alle swart skole in die Republiek van Suid-Afrika, asook vir KwaZulu, stel die doelstellings vir die vak (5, p.2.) as:

i) The development of basic fitness and health.

ii) Combatting negative physical influences which are the result of modern modes of living.

iii) The systematic development of the muscular and organic systems.

vi) Requisition of general and specific skills which assist in maintaining a healthy body and provides the individual with a positive form of leisure time activity, while, at the same time, discouraging frustrations.

v) The development of eye and muscle co-ordination.

vi) The development of characteristics like courage, preseverance, tolerance, helpfulness, unselfishness, etc.

Die term 'liggaamlike opvoeding', wat vry algemeen aanvaar word deur liggaamlike opvoeders, kan soos volg, volgens Die Handboek vir Liggaamlike Opvoeding (6, p.1), weergegee word:

> Liggaamlike opvoeding word gesien as 'n fase van die algemene opvoeding wat bykans uitsluitend geskied deur middel van spesiaal uitgesoekte psigo-motoriese groot spieraktiwiteite en verwante ervarings vir die ontwikkeling van veral liggaamlike, maar ook wel geestelike, emosionele en sosiaal aangepaste burgers.

Welpton (15, p.74) toon reeds so vroeg as 1916 aan dat:

> Physical education, then, if it is to be anything more than a mere formal and artificial adjustment to school life must be founded on the natural desires and instincts of childhood.

Hiervolgens toon Williams (16, p.2) dat die eerste liggaamlike opvoeders die ouers self was:

> .. who taught his son to throw a spear, climb a tree, to leap a brook, to do all

> those things that were important for a youth to learn.

Hy wys verder daarop dat:

> The need to learn how to throw a spear has passed but the need to throw remains. The patterns developed by nature are old and fundamental forms that emerge out of a tribal past and insistently make their demands in a highly industrial and complex present.

Postma (9, p.1) verwys na liggaamlike opvoeding as:

> ..... exercises intended not merely to develop the body, but to have educational value for the individual as a psycho-physical whole.

Die taak van die liggaamsopvoeder is dus in die eerste plek skoolgeoriënteerd waar hy die taak ter bevordering van die opvoeding by die aanleer van die basiese vaardighede,gesondheid, aktiewe deelname aan rekreasie en leiding op die sportveld binne die bestek van die skoolrooster moet vervul. In die tweede plek moet hy toesien dat daar toepassing van hierdie kennis op die sportveld buite die skoolrooster sal wees.
Volgens die Hoek-verslag (8 p. 216) kan die volgende van hom verwag word:

a) In die eerste plek kan die liggaamsopvoeder die leerlinge sportbewus maak, dit wil sê, 'n positiewe gesindheid help kweek.

b) Die liggaamlike opvoeding het benewens 'n opvoedingstaak 'n belangrike fisieke kondisioneringsfunksie ten behoewe van sport te vervul.

c) Laastens kan die liggaamlike opvoeding die skoolkind aan 'n wye verskeidenheid van sportvorme bekend stel.

Om saam te vat kan ons dus sê dat die behoefte aan aktiewe deelname, deel van die vorming van die kind is en hierdeur word die vormende ontwikkeling van die kind dan in sy geheel, liggaamlik sowel as geestelik in totaliteit bereik. Liggaamlike opvoeding moet dus volgens Coetzee (3, p.8) gesien word as:

> 'n fundamentele onontbeerlike skakel in die totale opvoeding van die kind.

### 1.2.2. Rekreasie

Rekreasie is afgelei van die Latynse woord "recreare" wat beteken 'om te herskep'. Volgens die Hoek-verslag (8,p.4) word na rekreasie verwys as:

> ..... die herskepping van die menslike gees deur geestelike, intellektuele en sosiale ervaringe , wat die mens se vernuf beïnvloed en volheid aan

die lewe gee.

Die liggaamlike opvoeding het veel om tot die opvoeding van verstandelike rekreasie by te dra deurdat fisieke aktiwiteite 'n altyd teenwoordige dryfveer by die mens is wat tot uiting kom in sy spel en sport. Rekreasie word in verskeie vorms geopenbaar. Dit kan uitsluitlik sosiaal, geestelik of fisiek wees. Met die studie kyk ons egter net na fisieke rekreasie. Fisieke rekreasie word volgens die RGN se Sportondersoek (10, p.7) aangegee as:

> Deelname aan aktiwiteite soos swem, tennis, bergklim, stap, draf, oefen, ensovoorts, wat fisieke inspanning vereis en ter wille van plesier, opwinding of oefenwaarde beoefen word en nie ter wille van mededinging of wen nie.

Brüssow (1, p.26) toon aan dat liggaamlike opvoedkundiges bewus is van die vraagstukke wat spruit uit gebreke in die huislike agtergrond, ontwikkelings- en konstitusionele probleme, invloede van omgewing en kultuur, maar dat liggaamlike opvoeding in die breë sin daartoe bydra dat ontspanning werklik 'n bydrae lewer tot die bekamping van vraagstukke wat in die daaglikse lewe opduik.

Ten einde meer lig op die vraagstuk van rekreasie te werp en die liggaamlike opvoeder beter daartoe in staat te stel vir sy vryetydsbeplanning, is dit nodig om die begrip 'vryetyd' nader te omskryf.

Vele pogings is al aangewend om die begrip te omskryf, soos blyk uit Brüssow (2, p.47) se verwysing na:

i) <u>Van Mechelen, F</u>.
De vrije tijd is die tijd die niet door de arbeid word ingenomen.

ii) <u>Lundberg</u>
De tijd die vrij is van de meer vanzelfsprekende en formele verplichtingen die ons door het beroep worden opgelegd.

iii) <u>Heyde, L</u>.
Freizeit, der Teil der Zeit der Arbeitenden Menschen der nicht ist.

iv) <u>Neumeyer en Neumeyer</u>.
The free time after the practical necessities of life have been attended to.

Hieruit blyk dit dat vryetyd hoofsaaklik teenoor die individu se produktiewe dagtaak gestel word, maar 'n sekere mate van vaagheid kenmerk die beskrywings. Hierteenoor gee Brüssow (1, p.26) 'n helder siening van die begrip, naamlik:

> Vryetyd is die tyd wat oor is nadat 'n mens sy arbeidsverpligtinge, om 'n bestaan te maak, afgehandel het. Dit is tyd wat die mens na sy eie keuse wil en smaak kan aanwend.

Om saam te vat: Doeltreffende beplanning, goeie organisasie en administrasie moet by die samestelling van programaktiwiteite vir die ontspanningsbegeertes van leerlinge daargestel word. Hulle moet gelei word na optimale benutting van hul vryetyd om sodoende ontspanningsentrums werklik te kan benut.

## 1.2.3. Sport

Aangesien sport in die onderwys deel vorm van dit wat as 'n primêre lewensverband gereken word, moet dit uitgebou word tot werklike universele besit. Sport word deur die RGN-sportondersoek (10,p8) gedefinieer as:

> Betreklike gereelde deelname deur individue of spanne aan georganiseerde en mededingende sport, afgesien van die intensiteit van deelname en mededinging.

Sport bly egter 'n onafskeidbare deel van liggaamlike opvoeding en die term 'sport' word internasionaal regdeur die wêreld gebruik. Coetzee (3, p. 10) verwys na Eyler waar hy verklaar dat die term 'sport' afgelei is van die woord "disport" wat as "dysporte" in die 14de eeu gebruik is. Volgens Coetzee gee Eyler die betekenis van 'disport' dan aan as:

> ..... sport, pastime, recreation, pleasure, and was first used in the literature in 1303.

Hierdeur sien ons dus dat die betekenis van sport 'n radikale verandering ondergaan het, van 'n soeke na vermaak tot die teenswoordige deelname op soek na prestasie en materiële gewin.

## 1.3. Probleemstelling

Daar bestaan 'n noue verband tussen 'n persoon se opvoeding en sy gedrag. In die vorming van die mens speel die gemeenskap 'n belangrike rol en die gesin is die basiese of primêre samelewingsverband waarbinne die eerste opvoeding plaasvind. Ongelukkig toon veral die moderne verstedelike gesin weens die verhewigde lewenstempo, die hoër lewensstandaard, die buitenshuise loonarbeid van die ouers en ander faktore ten opsigte van al sy fundamentele funksies 'n dreigende bankrotskap en word ook die opvoeding van die kind nadelig getref.

Benewens die gesin vind ons die skool as instelling van die gemeenskap. Dit ontstaan in 'n bepaalde gemeenskap ten dienste van daardie gemeenskap. Die skool is verantwoordelik vir die handhawing en ontwikkeling van die kultuur van die gemeenskap. Die kultuur van die gemeenskap word in die skool gereflekteer. Die waardes, norme en gesindhede van die kultuurgemeenskap moet ook dié wees van die skool. Verder moet in die onderrigaktiwiteit van die onderwyser toegesien word dat die kultuuragtergrond van die gemeenskap die vertrekpunt vorm by die aanbieding van die leerstof aan die kind uit 'n bepaalde gemeenskap.

Die leemtes in die gesin en die gemeenskap bemoeilik die taak van die skool en dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die skool wat die gemeenskap behulpsaam moet wees in die oplossing van sy probleme.

## 1.4. Afbakening van gebied

Die gebied KwaZulu waarin die ondersoek gedoen is, lê verspreid in die provinsie Natal, soos op die bygaande kaart aangetoon word.

Volgens die Thorrington-Smith verslag (11, p.5) het KwaZulu suid van die Tugelarivier sy ontstaan te danke aan 'n kommissie wat in 1846 deur Martin West, Eerste Luitenant-goewerneur van Natal, ná die anneksasie van Natal as 'n Britse kolonie in 1842, aangewys is. Die kommissie, naamlik die 'Natal Native Commission 1846/7' is in die lewe geroep om ongeveer 1000 000 Zoeloes te huisves wat ná die dood van Shaka na Natal teruggekeer het, waarvandaan hulle vir hul lewens moes vlug. Die kommissie het dan tien reservate aan hulle toegewys, wat elk ongeveer 880 vierkante kilometer beslaan het.

Na die Zoeloe-oorlog van 1879, is Zoeloeland, 'n onafhanklike koninkryk noord van die Tugelarivier, geannekseer en is in 1897 ingelyf as deel van Natal. Die Thorrington-Smith verslag (12,p. 6) meld verder dat die 'Native Trust and Land Bill' van 1936 voortgebou het op die aanbevelings van 1846/7 en op die aanbevelings van die Baumont-kommissie van 1913 en die 'South African Native Trust' opdrag gegee het om addisionele grond aan die Zoeloe toe te ken. Teen

1953 het die grondbesit van die Zoeloe dan oor twee-en-twintig landdrosdistrikte in Natal gestrek wat bestaan het uit: "... 48 principal blocks and 157 small areas." (12, p.6)

Gedurende 1973 het die Suid-Afrikaanse Regering 'n konsolidasie van hierdie fragment in tien gebiede voorgestel. Hierdie gebiede soos in die bygaande kaart aangedui word, beslaan 'n gebied van 33 161 vierkante kilometer (4, p.1). Die gebiede is soos volg:

A = Maputaland

B = Northern Zululand

C = North Coast Hinterland and Tugela Valley

D = South Coast Hinterland

E = Ezikhawini

F = Amatikulu Reserve

G = Buffalo Flats

H = Drakensberg Block


I = Swartkop-Impendle-Ili Block

J = Mtamvuma Block

Die grense van hierdie gebiede is geskiedkundig afgebaken en nie fisies nie.

Waar KwaZulu so verspreid in Natal lê, is dit vanselfsprekend dat daar 'n noue kontak tussen swart en blank is, en dus so ook op sportgebied.

# KWAZULU


MAPUTO
SWAZILAND
A
TRANSVAAL
G
B
ULUNDI
C
EMPANGENI
E
H
F
LESOTHO
DRAKENSBERG
PIETERMARITZBURG
I
HAMMERSDALE
RICHMOND
DURBAN
INDIESE OSEAAN
D
UMTAMVUNA RIVIER
J
TRANSKEI
Skaal in kilometers
KM 0
50
100
150 Km

## 1.5 Doelstelling

As doel van hierdie ondersoek is dit noodsaaklik dat besin sal word oor die middele van die onderwys en te kyk of daar leemtes bestaan wat die doeltreffende benutting van die middele sal strem. Liggaam=like opvoeding is een van die middele wat ons in die opvoedingsproses kan gebruik. Dit kan as hipotese gestel word dat die opleiding van liggaamlike opvoedingsonderwysers, die fasiliteite om die vak aan te bied en die organisasie en administrasie van die vak by die skole van die swartman moontlik die probleem kan wees dat liggaamlike opvoeding nie sinvol in die opvoedingsproses gebruik kan word nie. Dit sal dus nodig wees om ondersoek in te stel of hierdie hipotese waar is.

Die hoofhipotese waarvandaan in hierdie ondersoek dan van uitgegaan word, is dat liggaamlike opvoeding 'n integrerende deel van die opvoeding op skoolvlak moet uitmaak. By die weglating of verwerping hiervan vind opvoeding nie sinvol plaas nie. Coetzee (3, p.5) wys daarop dat in die onderwys dit oor die 'hand en die verstand' gaan, en dat opvoeding toegespits word op die vorming van die hele kind:

> ... dit het tot gevolg dat opvoeding te make het nie net met die hoof en hand nie, maar ook met die hele hart (die wil en die gevoel), dus die kind in sy totaliteit, dit is die kind in geheel in sy volle bestaansituasie.

Die doel van die ondersoek is dus hoofsaaklik om vas te stel in watter mate liggaamlike opvoeding (sport en rekreasie) in KwaZulu sinvol in die leergange van die junior en senior skoolvlak geïnkorporeer word.

Sport en rekreasie vir dié doel van die ondersoek word spesifiek na verwys in der mate dit deel van die liggaamlike opvoeding in skoolverband vorm. Vir die doel van die ondersoek sal hoofsaaklik na die liggaamlike opvoeding van die swart seuns verwys word.

## 1.6. Metode van navorsing

Die metodologie van die ondersoek is grootliks daarop ingestel om met behulp van vraelyste insae te verkry in die stand van liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie wat aan alle swart skole in KwaZulu gestuur is.

In die eerste plek is daar toestemming verkry van die Departement van Onderwys en Kultuur om hierdie ondersoek te loods. Kyk bylae C.(p. 197).

Nadat die nodige toestemming verkry is, is daar oorgegaan met die opstel van die vraelyste. Die vraelyste bestaan uit die volgende afdelings: Kyk bylae F (pp. 200 - 217).

i) Met die vrae in afdeling A word beoog om die volgende inligting te bekom naamlik: die tipe skool, die geslag van die respondent, hoedanigheid van die respondent ten opsigte van sportafrigting op skool, en sy/haar kwalifikasies: professioneel of akademies, asook kwalifikasies in sport behaal.

ii) In afdeling B word beoog om algemene inligting te verkry in verband met skole met sale, atletiekbane en ander sportfasiliteite asook atletiek-

en sportapparaat, sportdrag, wedstryde in verskillende sportsoorte, bywoning van wedstryde deur ouers, afrigting deur onderwysers en ouers asook finansiële bydraes deur die Departement van Op=voeding en Kultuur en die ouers.

iii) Met afdeling C word 'n meningsopname van die respondent gevra in verband met deelname aan sport, verpligte sport aan skole, afrigtingskursusse en planne vir sportvelde.

## 1.7 Program van die ondersoek

In Hoofstuk 1 sal daar gekyk word na die doelstellings en strewes van liggaamlike opvoeding, die probleme wat in verband met die vak ondervind word by swart skole, die doel van die studie en die begrippe wat omskryf word.

Hoofstuk 2 sal oor 'n beknopte geskiedenis van liggaamlike opvoeding in blanke skole handel, die opstel van kernleerplanne en die bereiking van die doelstellings, die instansies wat bydraes gelewer het tot die uitbouing van liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie, nie net as 'n skoolvak nie, maar as 'n sosiale wetenskap.

In Hoofstuk 3 word daar gekyk na die plek van liggaamlike opvoeding in die onderwysstruktuur van die swart skole, watter rol liggaamlike ontwikkeling by swart volke in Suidelike-Afrika gespeel het, ook in die inisiasieprogram.

Verder volg 'n beknopte oorsig oor die ontwikkeling van die swart onderwyssisteem en in watter mate kontak met Westerse kulture sy uitkyk op die opvoeding verander het.

Met Hoofstuk 4 word die ondersoek prosedure na liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie aan swart skole in KwaZulu bespreek, asook die probleem met die terugvoering.

Die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings sal in Hoofstuk 5 behandel word. Die vraelys word hier ontleed, bespreek en die knelpunte sal uitgewys word.

## 1.8. Bronnelys


1. BRüSSOW A.V. : 1971 Die wenslikheid vir die instelling van 'n graad kursus in vryetyds-beplanning aan Suid-Afrikaanse Universiteite. Verslag: SAVLOR 1971: Pretoria

2. BRüSSOW A.V. : 1971 Goedbesogte ontspanning-sentrums beteken leër tronke. Verslag: 1971; SAVLOR: Pretoria

3. COETZEE N.A.J. : 1979 Die probleem van talentver-lies in die oorskakeling van junior- na seniormede-dinging in atletiek: 'n Liggaamsopvoedkundige onder soek. Pretoria; Universiteit van Pretoria; Ongepubliseerde M.A. verhandeling.

4. DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE. : 1981 Annual Report: KwaZulu Government. Ulundi

5. DEPARTMENT OF EDUCATION AND TRAINING. : Syllabus for Physical Education Pretoria.

6. DEPARTEMENT VAN KULTUUR-SAKE. : 1968 Handboek vir Liggaamlike-opvoeding: Gimnastiek vir Seuns en Mans. Staatsdrukker; Pretoria.

7. GERDES O. : 1969 Het recreatieve en sport-educatieve aspecten van de Lichamelijke Opvoeding. Verslag: 13 de Kongres; S.A.V.L.O.R. September/Oktober 1969; Pretoria.

8. HOEK DE W. B.K. : 1976 Verslag van die Komitee van Ondersoek na die stand van Sport en fisieke rekreasie onder die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Departement Sport en Ontspanning; Pretoria

9. POSTMA J.W. : 1968 Introduction to the theory of Physical Education. 2nd revised edition; A.A. Balkema; Cape Town.

10. R.G.N. SPORTONDERSOEK : 1982 Sport in die RSA Nr.1 Pretoria; April, 1982.

11. THORRINGTON-SMITH, ROSENBERG AND McCRYSTAL : 1978 Towards a plan for KwaZulu Official summary;KwaZulu Government; Ulundi.

12. THORRINGTON-SMITH, ROSENBERG AND McCRYSTAL : 1978 Towards a plan for KwaZulu Volume 1. The written report KwaZulu Government. Ulundi.

13. VAN DER MERWE I.R. : 1964 Unieke bydraes deur die Liggaamlike Opvoeding tot 'n sisteem van Opvoeding. Vigor, Nr. 4, Volume XVII, September 1964.

14. VAN DER WALT T.S.P. : 1980 Meting en evaluering van seuns in Liggaamlike Opvoeding in die sekondêre skool. Potchefstroom; P.U. vir C.H.O.; Ongepubliseerd D. Phil. proefskrif.

15. WELPTON W.P. : 1916 Physical Education and Hygiene . University Tutorial Press; London.

16. WILLIAMS J.F. : 1961 The principles of Physical Education. 7th Edition; W.B. Saunders Co. London.

# HOOFSTUK TWEE

## BEKNOPTE GESKIEDENIS VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA

### 2.1. INLEIDING

Aangesien die geskiedenis van liggaamlike opvoeding nou verbonde is aan die geskiedenis van die opvoedkunde, sal die geskiedenis van die liggaamlike opvoeding in die raamwerk van die algemene geskiedenis en die geskiedenis van die onderwys van ons land, kolonie, republieke, Unie en ten slotte die Republiek, kortliks behandel word.

### 2.2. DIE KAAPKOLONIE

#### 2.2.1. Die tydperk 1652 tot 1800

Met die landing van Jan van Riebeeck in 1652 aan die Kaap, word onmiddelik met die bou van 'n fort en die aanlê van tuine begin. Ná die afhandeling van die belangrikste take, word daar oorgegaan tot die stigting van die eerste skool in Suid-Afrika in die jaar 1658 met die totale bevolking van slegs 140 blankes aan die suidpunt van Afrika (10, p. 119).

Dié skool was volgens Malherbe (10, p. 121) in die eerste plek vir die slawe, maar word in 1663 ook vir die kinders van die koloniste oopgestel. Die skool was onder die toesig van W.B. Wylant, 'n sieketrooster, wat onder soveel beperkings moes werk dat:

> ....... werklike opvoeding doodgedruk was deur die klem op formalisme. (10, p. 121)

Dit is te betwyfel of 'n vak soos liggaamlike opvoeding daar 'n bestaansreg kon vind.

Liggaamlike opvoeding was gedurende dié tyd sinoniem met liggaamlike aktiwiteite wat in die alledaagse lewe voorgekom het. Daar was egter een aktiwiteit waar die idee van liggaamlike opvoeding onder toesig uitgevoer is, naamlik die feit dat Kommandeur van Riebeeck verpligte Sondagmiddag-parades onder toesig ingestel het waaraan seuns vanaf die ouderdom van dertien jaar moes deelneem.

Die eerste spore van liggaamlike opvoeding vind Kelder (9, p. 113) in 'n militêre skool van 1786 aan die Kaap. Leerlinge ontvang hier saam met militêre-wetenskaplike onderrig, ook liggaamlike "onderrig" om hulle vir hul taak voor te berei deur " ..... gewone ekserseer". (9, p. 113).

Jooste (7, p. 32) toon aan dat hierdie militêre skool moontlik 'n uitvloeisel was van, of beïnvloed is, deur die "Ritter-akademies" wat in die agtiende eeu in Europa ontstaan het. Volgens Rice (15, pp. 121 - 122) bestaan die moontlikheid ook dat, behalwe die vaardigheid met wapens wat aangeleer is, sekere afdelings van gimnastiek, soos byvoorbeeld gesteunde spronge, beoefen is. Die apparaat was wat vandag as die perd bekend staan. Sekere spronge soos die "skermerdraaisprong en skermersysprong (15, p. 122) het hul oorsprong in hierdie akademies gehad.

Ná die Vrede van Amiens is die Kaap, wat vanaf 1795 tot 1803

onder Britse bestuur was, teruggegee aan Holland wat onder invloed van die Franse Revolusie die Bataafse Republiek geword het. Hierdie Republiek wou die Kaap onder die Raad van die Oosterse Besittings administreer. Adv. J. A. de Mist is aangestel as kommissaris aan die Kaap. Hy is deur baie as 'n vooraanstaande opvoedkundige van sy tyd beskou (10, p. 134) en sy beskouings was baie gekleur deur die invloed van die destydse agtiende-eeuse Europese rasionalisme wat sy verreikende onderwyshervorming beïnvloed het. Hy het onderwys as 'n staatsonderneming beskou wat in 'n nasionale stelsel verenig moes word. Hy het dan 'n onderwysordonnansie uitgevaardig waarvolgens daar in die sekondêre onderwysstelsel voorsiening gemaak moes word vir verskeie tale, rekenkunde, matesis, aardrykskunde, geskiedenis van Suidelike Afrika, kunsvlyt en huishoudkunde vir meisies en liggaamlike opvoeding vir seuns wat sou bestaan het uit musiek,dans en perdry. (10, p. 117).

2.2.2. <u>Die tydperk 1800 tot 1860</u>

Vanaf 1803 tot 1806 het Kommissaris De Mist daadwerklike pogings aangewend om liggaamlike opvoeding in die skool se leerplan ingevoer te kry. Volgens Kelder (9, p. 114) wou De Mist naas die Normaalskool en die Skool vir Jongedames, 'n kosskool vir seuns stig waar hy naas handelsvakke en moderne tale ook liggaamlike opvoeding wou invoer, maar weens wangedrag van die onderwysers het die skool slegs een jaar bestaan.

Vir meisies was daar ook die gemelde deelname aan musiek, dans, teken

en behoorlike gesonde plesier. Hierdie is volgens Jooste (7, p. 32) dan ook die eerste verwysing na liggaamlike opvoeding met 'n opvoedkundige doel in die geskiedenis van die onderwys in Suid-Afrika.

Met die daarstelling van die eerste pos van Superintendent-generaal van Onderwys (SGO) in 1893 het die eerste werklike groot hervorming op die onderwysgebied plaasgevind. Tydens dr. Ross-Innes (1839 - 1859) en Sir Lanham Dale (1859 - 1892) het daar egter geen vorm van liggaamlike opvoeding in die skoolprogram voorgekom nie. (9, p 114).

2.2.3. <u>Die tydperk 1890 tot 1920</u>

Die volgende SGO, dr. Thomas Muir (1892 - 1915), het werklik kragdadig gewerk sodat liggaamlike opvoeding 'n plek in die skoolprogram gekry het. In sy verslag van 1892 maak Muir dan ook melding van liggaamlike opvoeding in skole. Muir het ook 'n persoonlike belangstelling in gimnastiek gehad, en het dan ook liggaamlike opvoedingskursusse gedurende vakansies vir onderwysers gereël om ondervinding en die nodige kennis van die Sweedse stelsel op te doen. (13, p. 50).

So was daar gedurende 1893 'n liggaamlike opvoedingskursus waaraan 92 onderwysers deelgeneem het en waarvan 52 die kursus geslaag het.

Vanaf 1892 het die Kaapse Regering 'n jaarlikse toekenning ter aanvulling van salarisse vir onderwysers in spesiale vakke

gemaak. Onder Muir se bewind in 1893 was dit 2/6d (25c) per leerling. Voor 1893 was liggaamlike opvoeding nie as 'n skoolvak gereken nie.

Reeds vanaf 1892 word in Suid-Afrika en meer spesifiek in die Kaapkolonie liggaamlike opvoeding in die skoolleerplanne opgeneem en uitvoering hieraan word vanaf 1893 op skole te Uitenhage, Kingwilliamstown, Graaff-Reinet,Calitzdorp, Mosselbaai en George dan "liggaamsoefeninge" gegee. Die groot meerderheid van inspekteurs betreur die feit dat slegs dié paar skole tot nou hierdie noodsaaklike vak ingevoer het,

> ..... want waar dit doseer word, is die resultate heeltemal bevredigend . (9, p. 115).

2.2.4. <u>Liggaamlike Opvoedingskursusse vir Onderwysers</u>.

Op aandrang van inspekteurs word daar vanaf 1895 kursusse volgens die Sweedse stelsel aangebied maar dié is ongelukkig in 1908 gestaak weens finansiële redes. (9, p. 116). Die waarde van die kursusse kan egter daarin gesien word dat in 1889 reeds 33% van die leerlinge, en in 1901 47% en in 1911 reeds meer as 50% van die leerlinge aan Kaapse skole liggaamlike opvoeding ontvang het. (7, p. 33). In seunskole was liggaamlike opvoeding in die hande van die klas-onderwysers. In nege meisieskole was daar opgeleide gimnastiek-onderwyseresse wat hul opleiding in Brittanje gehad het. (13, p. 50).

In 1909 het Muir besef watter vormende rol liggaamlike op-

voeding in die lewe van skoolkinders behoort te speel:

> ..... soos sake nou staan, is dit die sterk seuns wat te veel sport kry ..... swak seuns aan die ander kant, wat liggaamlike opvoeding die meeste nodig het, word verwaarloos.
> (7, p. 33)

2.2.5. Opleiding van Onderwysers in Liggaamlike Opvoeding

Die eerste volwaardige onderwysers in liggaamlike opvoeding is volgens Jooste (7, p. 33) skynbaar oorsee opgelei, want die Kaapse Onderwys Departement het die noodsaaklikheid van goed opgeleide personeel as prioriteit gestel en weens die feit dat daar op dié stadium nog nie voorsiening gemaak is vir opleiding in liggaamlike opvoeding nie, is leerkragte oorsee gewerf.

Tydens die ampstyd van dr. Viljoen is daar in 1921 met die opleiding van liggaamlike opvoedings-onderwyseresse aan die Kaapse Opleidingskollege te Mowbray begin onder die bekwame leiding van mej. M.C. Black. (7, p. 33).

Die opleiding van onderwysers in liggaamlike opvoeding begin egter eers in 1936 in alle erns aan die Paarlse Opleidings-Kollege. Die kursus wat aangebied is, was 'n eenjarige spesialiseringskursus in liggaamlike opvoeding ná die aflegging van die Primêre Onderwys-sertifikaat. Vanaf 1968 word die kursus verander na 'n tweejarige kursus vir die Onderwysdiploma in Liggaamlike Opvoeding. Vanaf 1975 word

'n driejarige kursus, H.O.D.L.O., ingestel en dié kollege bied vanaf 1981 'n vierjarige kursus, H.O.D.S.P., in liggaamlike opvoeding aan. Soortgelyke kursusse word tans ook aan ander Onderwys-kolleges in die Republiek aangebied.

Die hoofdoel was in die eerste plek om opgeleide personeel in liggaamlike opvoeding aan die laerskole te voorsien sodat die laerskoolkind tot sy volle reg kan kom. Daar was egter in dié tyd so 'n tekort aan onderwysers aan hoërskole dat die meeste onderwysers dan in poste aan hoërskole aangestel is waar hulle nie liggaamlike opvoeding doseer het nie. (13, p. 51).

Dit was egter die taak van universiteite om ook onderwysers met kwalifikasies in liggaamlike opvoeding aan hoërskole te voorsien. Hierin het die Universiteit van Stellenbosch die leiding geneem en met die aanstelling van dr. E. Jokl in 1936 word 'n diplomakursus in liggaamlike opvoeding ingestel. Hierdie kursus kon vanaf 1940 ook gevolg word vir 'n graadkursus in liggaamlike opvoeding. Na die Tweede Wêreldoorlog het ander universiteite soos Bloemfontein, Grahamstad, Potchefstroom en Pretoria graadkursusse in liggaamlike opvoeding aangebied. Tans beskik tien universiteite oor 'n Departement van Liggaamlike Opvoeding (Kyk 2.7.6.).

### 2.2.6. Die tydperk 1936 tot 1968

Na die Eerste Wêreldoorlog vind ons dat die Sentrale Regering vir die eerste keer in 1937 daadwerklike belangstelling in die vak as sodanig toon. Die bemoeiing met die vak loop uit op

die daarstelling van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding (N.A.R.L.O.) deur die toenmalige Minister van Onderwys, sy edele J.H. Hofmeyer. 'n Komitee deur hom saamgestel onder voorsitterskap van prof. M. C. Botha, destydse Sekretaris van Onderwys, moes 'n ondersoek na Liggaamlike Opvoeding in die Verenigde Koninkryk doen.

De Klerk (4, p. 250) gee die samestelling as volg:

2.2.6.1. <u>Samestelling van N.A.R.L.O.:</u>

a. Die Sekretaris van Onderwys (prof. M.C. Botha) Voorsitter
b. Die Sekretaris van Volksgesondheid (dr. E.H. Cluver)
c. Die Sekretaris van Verdediging (mnr. A.H. Broeksma)
d. Die Sekretaris van Volkwelsyn (mnr. G.A.C. Kuschke)
e. Die Superintendent van Onderwys, Natal (mnr. F.D. Hugo) as verteenwoordiger van die Provinsiale Administrasie van Natal
f. Die Superintendent-Generaal van Onderwys, Kaapland
g. Die Direkteur van Onderwys, Transvaal (mnr. H.H.G. Kreft) as verteenwoordiger van die Provinsiale Administrasie van Transvaal
h. Die Direkteur van Onderwys, Oranje-Vrystaat (mnr. S.H. Pellissier) as verteenwoordiger van die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat
i. Verteenwoordiger van die Verenigde Munisipale Uitvoerende Komitee van Suid-Afrika (majoor Troskie Maré, DSO, LPR).

j. Verteenwoordiger van die Olimpiese en Britse Rykspele-Assosiasie (mnr. R Honey)

k. ŉ Onderwyseres in Liggaamlike Opvoeding, mej. E. Percival Hart

l. ŉ Deskundige in liggaamsopvoeding wat in daardie stadium nog benoem moes word

ŉ Verdere belangrike stap volg in 1938 met die aanstelling van mnr. H.J. Taylor en mej. M. Logeman as organiseerders van die vak Liggaamlike Opvoeding in die Kaapprovinsie. (4, p, 234).

Gedurende April 1938 word groter skole versoek om voorkeur aan onderwysers met opleiding in Liggaamlike Opvoeding te gee indien vakatures by skole sou ontstaan. In Desember word ŉ omsendbrief aan alle skole gerig met die versoek om minstens 80 minute per week aan

> ..... opvoedkundige en korrektiewe gimnastiek te wy as byvoeging tot die buitemuurse sport en spele. (4, p. 235).

In 1952 word daar met alle erns begin met ŉ omvattende hersiening van leerplanne, ook dié van N.A.R.L.O., wat dan vanaf 1956 geimplimenteer word. Hieruit vloei later op nasionale vlak twee werke voort vir die gebruik van primêre skole. In 1961 publiseer mnr. H.B.K. McEwan sy werk, <u>Die les in Liggaamlike Opvoeding</u> in beide landstale wat leerstof vir die onderwyser sowel as die student bied. Hierdie werk is tans beskikbaar en

verskyn reeds in die vierde druk.

Sedert Junie 1961 verskyn in Vigor artikels van mnre. J.J. Schoombee en C.A. Victor onder die titel: "Liggaamlike Opvoeding op skool vir Seuns" (20, p. 13) wat 'n handige leiding vir leerkragte was en ook reekse oefenstof verskaf het. In 1968 verskyn die werk van dieselfde outeurs met dieselfde titel waardeur 'n redelike beeld van die opset van die vak vir seuns in die provinsie verkry word. (4, p. 235).

## 2.3. NATAL

### 2.3.1. Die tydperk 1835 tot 1850

Volgens dr. Steenkamp (21, p. 12 tot 13) word die eerste spore van onderwys in 1835 deur die sendelinge wat in Natal werksaam was. Hierdie onderwys was veral vir die swart kind, maar op 'n vergadering in Junie 1835 word besluit om ook voorsiening vir blanke onderwys te maak. Piet Retief, die eerste goewerneur van Natal, bepleit onderwys in Junie 1837. Dié onderwys sou onder andere kinders laat kwalifiseer vir lidmaatskap van die N.G.H. Kerk en dit is te betwyfel of hierdie onderwys iets met liggaamlike opvoeding te make sou hê. (7, p. 34.).

Ná die anneksasie van Natal (1834) is daar onderskeidelik in 1848 en 1849 skole te Pietermaritzburg en Durban gestig wat volgens Malherbe (10, p. 136) geskoei was op die lees van

die destydse goewermentskole in die Kaap waar daar nog geen sprake van liggaamlike opvoeding was nie.

2.3.2. Die tydperk 1850 tot 1900

Volgens Jooste (7, p. 34) kon dr. R.J. Malan, in 'n soortgelyke pos as dié van 'n S.G.O. aan die Kaap, in 1859 aan liggaamlike opvoeding as 'n aktiwiteit op skool gedink het, want hy was sy tyd vêr vooruit, soos blyk uit die leerplanne wat hy opgestel het. Die onderwysers wat egter in die provinsie diens gedoen het, is hoofsaaklik uit Engeland, Skotland en die Kaapprovinsie ingevoer met geen kennis van liggaamlike opvoeding nie.

In 1836 word 'n hoërskool vir seuns naas die ou Staatskool in Pietermaritzburg geopen, en met verbeteringe aan die skool in 1866 is oefenbalke op die terrein rondom die geboue aangebring met die oog op liggaamlike ontwikkeling van die seuns. Hierdie feit was volgens Jooste (7, p. 34):

> ..... dat dit dui daarop dat die behoefte aan liggaamlike opvoeding vir die kinders darem al voor hierdie tyd aangevoel was.

Gedurende 1866 moes die ingevoerde Britse onderwysers 'n kort kursus in Pietermaritzburg volg om hulle vir hul taak voor te berei. Daar bestaan dus 'n moontlikheid dat hulle hier iets omtrent liggaamlike opvoeding vir Suid-Afrikaanse toestande moes leer. Jooste (7, p. 34) meen

ook dat dit hoogs waarskynlik is dat hierdie onderwysers hulle, met hul agtergrond van die Engelse sport, sou beywer vir die afrigting van spele van die tyd, naamlik krieket en sokker.

Onderwyswetgewing van 1877 plaas alle skole onder die beheer van die Raad van Onderwys. In artikel 18 van die Wet op Onderwys vind ons dat, waar die kursus vir primêre skole uiteengesit word, punt nommer 10 oor verpligte liggaamsoefeninge handel, (21, p. 17).

Du Toit (5, p. 3) voer aan dat die meeste sportsoorte deur die Britse Setlaars of lede van die Britse militêre garnisoene in Suid-Afrika bekend gestel is. Hy voer aan dat dit onseker is waar tennis vir die eerste keer in die land gespeel is, maar dat sommige bronne dié eer aan Natal toewys. Hy wys daarop dat 'n sekere mnr. L. Nevill en enkele ander Engelse spelers, kort nadat die spel in Engeland deur majoor Walter Wingfield in 1873 bekend gestel is, in Suid-Afrika daarmee begin het. Dit is volgens hom by Richmond, 25 km van Pietermaritzburg in Natal, waar die oudste geregistreerde tennisklub in 1877 gestig is. Deurdat Richmond in hierdie stadium 'n handelstasie was, het die inwoners van die hart van die Natalse Middeland naweke hier bymekaargekom om sosiaal te verkeer, iets wat ook daartoe kon bygedra het dat die spel só na die skole oorgedra is.

Teen die einde van 1893 het die Raad van Onderwys nog bestaan

wat oor die wel en wee van die onderwys in die provinsie moes beslis, dog reeds in 1891 is die wens deur etlike vooraanstaande persone uitgespreek dat die Raad deur 'n Departement van Onderwys vervang moet word. Steenkamp (21, p. 175) toon aan dat:

> ..... voorstelle het gelui dat aan die hoof van die departement 'n Direkteur moet staan, 'n persoon met 'n Universiteitsgraad en ondervinding as onderwyser. Die Departement sou verder bestaan uit een inspekteur en twee klerke vir die algemene onderwys.

2.3.3. <u>Die tydperk 1900 tot 1920</u>

Kelder (9, p. 117) toon aan dat wetgewing gedurende hierdie tydperk taamlik konserwatief deurgevoer moes gewees het, want in 1900 sien ons dat 'n vakansiekursus in "Sweedse Dril" gereël is met die resultaat dat goeie gevolge in die praktiese toepassing in baie skole merkbaar was.

Met die opleiding van onderwyseresse in Pietermaritzburg en Durban vanaf 1904 vir 'n derdeklas-onderwysertifikaat, moes liggaamlike opvoeding as vak ook aandag geniet het, aangesien die vak volgens wetgewing van 1877 ook 'n vak op laerskool was. Teen 1908 staak hierdie opleidingskursusse en vanaf September 1908 word daar 'n begin gemaak met die Natalse Onderwysers Opleidingskollege te Pietermaritzburg. (7, p. 34).

Volgends Kelder (9, p. 117) het liggaamlike opvoeding vir dogters 'n groot stoot vorentoe gekry met die aanstelling van spesiale leerkragte aan dié opleidingskollege, en veral die aanstelling van opgeleide lektrises in liggaamlike opvoeding aan meisieskole. Jooste (7, p.34) wys daarop dat liggaamlike opvoeding in dié tyd aan die militêre owerheid toevertrou was.

Vanaf 1917 word daar kragdadige pleidooie vir liggaamlike opvoeding gemaak; onder meer word aangevoer dat die skool die groei en bewegingsdrang van die kind belemmer en vir hierdie "skandaligheid" moet daar kompensasie voor gegee word. Liggaamlike opvoeding word nou as 'n belangrike deel van die skoolopleiding beskou en sou in die vervolg elke dag gegee moes word. Daar word op gewys dat om liggaamsoefeninge vir een uur per week aan te bied, foutief sou wees en dit moes liefs elke dag vir 'n periode van tien minute aangebied word. Howel dié leerplan wat vir liggaamlike opvoeding voorgeskryf was, toe gevolg is, wys Kelder, (9, p.117 - 118) daarop dat van die onderwysers baie foute gemaak het, naamlik:

i) Moet daar sakdoekdril in elke klas wees?

ii) Volgorde van die oefeninge moet aanpas by die leeftyd en geslag.

iii) Rompbuig en -draai is net so belangrik as bene- en arm-oefeninge, en tog word dit so dikwels vergeet.

iv) Presiesheid en beweging vir onder tien jaar oue leerlinge kan nie dieselfde wees nie .

v) Elke les moet ŉ spel bevat en mag nie langer as dertig minute duur nie.

vi) Skole moet muurrekke, toue, perd, boom en ŉ trapese hê.

Kelder (9, p. 118) wys voorts daarop dat daar aangedring was dat swem en noodhulp vir "verdrinktes" opgeneem moet word in liggaamlike opvoedingskursse want:

> ..... niemand aan die kusgebied is opgevoed as hy nie leer swem het nie.

Daar is in Natal, net soos in die Kaapprovinsie, persone wat verantwoordelik was vir spesiale vakke soos huishoudkunde, kuns en handwerk, maar ook hier is liggaamlike opvoeding stief=moederlik behandel wat leiding betref. Jooste (7, p. 34) wys daarop dat eers teen die einde van dié tydperk daar wetgewing ingedien is om voorsiening te maak vir die aanstelling van ŉ organiseerder vir liggaamlike opvoeding.

2.3.4. <u>Die tydperk 1936 tot 1968</u>

Volgens De Klerk (4, p. 238) word die aanstelling van ŉ organiseerder vir die vak vanaf 1936 bepleit en mnr. E. Braham van Engeland word dan in 1939 in die pos aangestel. Met sy aanstelling is daar nog twee belangrike mylpale in die geskiedenis van liggaamlike opvoeding bereik, naamlik:

Ten eerste N.A.R.L.O. se veldtog om liggaamlike opvoeding 'n groter rol in die lewens van die Suid-Afrikaners te laat speel, en ten tweede Niels Bukh se besoek met sy Deense gimnaste aan die Unie van Suid-Afrika.

Mnr. Braham begin met die instelling van vakansiekursusse en die keuse van manstudente vir spesiale opleidingskursusse sou weldra bydra om veral die liggaamlike opvoeding van die seun, wat veel te wense oorgelaat het, te bevorder. Hy lewer ook 'n waardevolle bydrae in die samestelling van leerplanne vir die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

In 1945 is negentig minute per week aan die vak toegestaan en fasiliteite was vinnig besig om te verbeter. In 1953 word daar 'n leerplan vir st. 1 tot st. 8 uitgegee. Die tabelle is saamgestel om as 'n leidraad vir leerkragte te dien om 'n minimum standaard van afrigting te verskaf.

Vanaf 1968 is leergange vir hoërskoolseuns en leergange vir laerskole so opgestel dat dit gewysig kon word na gelang van die ondervinding van die leerkragte. Vir dogters in die hoërskool is onderwyseresse gretig om hul eie skemas op te stel om aan te pas by hul opleiding en fasiliteite.

## 2.4. TRANSVAAL

### 2.4.1. Die tydperk 1835 tot 1850

Uit die algemene geskiedenis leer ons dat gedurende die Groot Trek (1835 tot 1838) daar geen gereelde onderwys was nie, maar opvoeding is deur ouers en saamtrekkende meesters gegee aan kinders wanneer daar tyd was. Ons weet egter dat die volgende fasette beoefen is:

1. Godsdienstige opvoeding;
2. Praktiese opvoeding; en
3. Sosiale opvoeding.

Behalwe lees en skryf was die seuns sowel as dogters liggaamlik gehard en het fiks gebly deur perd te ry, te jag en handearbeid te verrig. Ontspanning het hoofsaaklik bestaan uit geselligshede in die laers en boeresport vir algemene ontspanning.

### 2.4.2. Die tydperk 1850 tot 1880

Die eerste spore van gewone onderwys vind ons volgens McKerron (12, p. 40) in 1851 toe drie Hollandse onderwysers, naamlik H. van der Linder, J.W. Spruyt en W. Poen op 29 Julie in Delagoabaai aangekom het. Daar was gedurende daardie eerste jare redelik baie interne moeilikhede en die onderwys het in 'n stagnante periode verval, as gevolg van botsings tussen die beleid van die onderwysers en sekere konserwatiewe elemente.

Met die eerste onderwyswetgewing van 1859 - 1871 toon Kelder

(9, p. 119) dat daar geen plek aan liggaamlike opvoeding afgestaan is nie. Hy wys verder daarop dat die onderwysers moes sorg dra dat die sindelikheid en netheid van kinders nie agterweë bly nie. Die Onderwyswet van 1874, onder die bewind van president Burgers, maak vir die laer onderwys geen, maar vir die uitgebreide onderwys wel, voorsiening dat gimnastiek in die leerplan opgeneem word. Die Engelse Superintendent van Onderwys, dr. Lyle, het gimnastiek egter weer uit die leerplan van 1878 gelaat.

### 2.4.3. Die tydperk 1880 tot 1905

Ingevolge die Onderwyswet van 1882 word bepaal dat onder andere gesondheidsleer in hoërskole vir meisies gedoseer moes word. Volgens Kelder (9, p. 119) het ongeveer 200 Engelse onderwysers/esse in Sargent se Kampskole diens gedoen en in 1902 het "Sports and Drill" wortel geskiet. In 1903 was daar 252 skole waar 18 828 kinders opleiding in liggaamlike opvoeding geniet het.

### 2.4.4. Die tydperk 1905 tot 1921

Met selfbestuur aan die Transvaal in 1906 en met lord Selborne as goewerneur en genl. J.C. Smuts as koloniale sekretaris en Minister van Onderwys aangestel, het Smuts 'n nuwe grondwet vir die onderwys opgestel. Die is op 19 Augustus 1907 deur die Parlement goedgekeur en word vanaf 1 Oktober 1907 geïmplementeer. Hierin, toon Jooste (8, p. 72) aan, word bepaal dat laerskoolonderwysopleiding moet geskied

> ..... in sekere werktuiglike kunste .....
> vir onderrig in die eenvoudigste gesondheidsbegrippe en liggaamsontwikkeling deur handewerk ..... en algemene gimnastiekoefeninge.

Liggaamlike opvoeding kry weer 'n groot stoot vorentoe met die aanstelling van Collard, eers as onderwyser en vanaf 1912 as organiseerder in gimnastiek, wat meegebring het dat, volgens Jooste (8, p. 72), Transvaal nou die voortou op dié gebied neem. Collard het die aktiwiteite en leerplanne sover moontlik aangemoedig en probeer uitbrei. Die vak is egter deur sekere maatreëls aan bande gelê en deur sommige onderwysers erg verwaarloos, sodat daar in 1921 slegs een liggaamlike-opvoedingsonderwyser uit elke 5 000 was .

## 2.4.5. Die tydperk 1921 tot 1968

Daar was egter vanaf 1934 'n opflikkering in die vak toe die Departement van Verdediging met die werwing van manskappe gevind het dat die liggaamlike materiaal swak was. Volgens Jooste (8, p . 73) het die Pretoriase Tegniese Kollege in 1936 'n kursus vir die opleiding van suiwer gekwalifiseerde liggaamlike opvoeders ingestel, maar ná die jaar, in 1937, word die kursus oorgeplaas na die Witwatersrandse Tegniese Kollege.

In 1949 stel die Transvaalse Onderwysdepartement mnr. Matt Maré aan as Organiseerder vir Liggaamlike Opvoeding. Die pos word

in 1950 verander na Opsiener van Liggaamlike Opvoeding, wat eers in 1954 deur mnr. H. van N. de Vos gevul word.

Gedurende hierdie periode begin die vak nou vorm aanneem deurdat verskeie spesialiste in die vakgebied van oorsee ingevoer word om die tekort aan opgeleide instrukteurs aan te vul. Die Transvaalse Onderwysdepartement beperk sy keuse nie tot 'n bepaalde land nie, met die gevolg dat 'n verskeidenheid van stelsels in die daaropvolgende jare gevolg het. Die idee was dat dié mense mettertyd aan die Transvaalse toestande gewoond sou word om dan 'n bydrae te lewer tot die samestelling van 'n geskikte leerplan.

De Klerk (4, p . 243) meld dat hierdie beoogde leerplan egter nie die lig gesien het nie, deurdat die Transvaalse Onderwysdepartement besluit het om die leerplanne van N.A.R.L.O. na te volg.

Teen 1938 stel die administrasie vier beurse beskikbaar vir oorsese studie in Liggaamlike Opvoeding. Twee mans en twee dames word gekies om vir drie jaar kursusse in die buiteland te volg. Gedurende 1940 word daar dan ook 32 poste vir Liggaamlike Opvoedingsinstrukteurs geskep waarvan 29 dadelik gevul kon word. De Klerk (4, p. 243).

Volgens prof. P.B. Kemp (mondelinge mededelinge) is hierdie

poste reeds in 1938 soos volg toegeken aan persone met opleiding in liggaamlike opvoeding: Hulle is elk aan 'n area toegewys wat hulle moes bedien en het as "reisende liggaamlike opvoedingsonderwysers" bekend gestaan. Hulle het skole op sekere dae besoek waar liggaamlike opvoeding aan die seuns gegee is. Gedurende hierdie periodes het die dogters in sportsoorte soos korfbal en atletiek afrigting van die doserende personeel ontvang.

Sedert 1954, met die aanstelling van mnr. H. van N. de Vos as Adviseur in Liggaamlike Opvoeding, vind daar 'n opbloei in die vak plaas deur die positiewe bydraes van die adviseurs. Hierdie bydraes is in die vorm van kursusse, die vervaardiging van films, artikels in die tyskrif Vigor en die uitgee van pamflette gemaak. Dientengevolge word dan ook die eerste leerplan vir die Transvaal in 1961 in werking gestel.

## 2.5. ORANJE - VRYSTAAT

### 2.5.1. Die tydperk 1872 tot 1900

Jooste (8 p . 73) wys daarop dat die Volksraad van 1872 in dié jaar se Onderwyswetgewing voorsiening gemaak het vir beurse met die oog op verdere studie aan die Grey-kollege te Bloemfontein. Die studiekursusse het die volgende ingesluit:

> ..... lees, skryf, rekeningkunde, Hollands, Engels, literatuur, Bybel-geskiedenis , algemene geskiedenis, aardrykskunde, algebra, meetkunde, fisika, meganika, sang, musiek, teken en gimnastiek.

Dit beteken dat die Oranje-Vrystaat reeds so vroeg as 1872 gimnastiek as 'n skoolvak in die vooruitsig gestel het, by die opleiding van onderwysers sowel as in hul skole. Dit was 'n stukkie onderwyswetgewing wat prakties gesproke spesiaal met betrekking tot liggaamlike opvoeding die res van Suidelike Afrika ver vooruit was, byna twintig jaar voordat iets soortgelyks gemeld word in die verslae van die S.G.O.'s van die ander provinsies.

Volgens Malherbe (10, p . 372) skryf dr. Brebner op 12 Augustus 1876 dat 'n bedrag van 2/6d (25c) aan onderwysers betaal word vir elke leerling wat in een van die volgende vakke slaag: naaldwerk, teken, gimnastiek of houtwerk. Hieruit blyk dit dat die Oranje-Vrystaat die eerste Republiek in Suidelike Afrika was wat gimnastiek as skool- en veral as eksamenvak op skole ingesluit het. Volgens Jooste (8, p. 73) is die veronderstelling ook daar dat die Oranje-Vrystaat in hierdie geval die Britse Ryk en moontlik ook sekere Europese state ver vooruit was.

In die tydperk ná die Britse Besetting word liggaamsoefeninge gemeld in die leerplanne van sowel die laer as die hoër onderwys in dié provinsie. Aangesien daar geen noemenswaardige inkortinge in die leerplanne was nie, bestaan daar tog 'n moontlikheid dat liggaamsopvoeding ononderbroke aan die meeste skole gedoseer is.

2.5.2. Die tydperk 1900 tot 1906

Vanaf 1900 tot 1904 word daar melding gemaak van liggaamsoefeninge in die leerplanne van laer- sowel as hoërskole. Vakansiekursusse maak dan ook voorsiening vir onderwysers wat in bepaalde vakke nie oor die nodige kwalifikasies beskik nie, sodat hulle hierdeur beter toegerus kan word vir die taak wat hulle opgelê is. Kelder (9, p . 121) toon dat gedurende 1906 liggaamsoefeninge op slegs 'n paar dorpskole beoefen word, maar soos dié inspekteursverslag aandui

> ..... (word) die belangrikheid van die vak ... nog onvoldoende besef .

2.5.3 Die tydperk 1906 tot 1920

Die Hoërskool vir Meisies Eunice in Bloemfontein maak ook plek vir gimnastiek in hul leerplan en deur belangstelling en toewyding word Sweedse Gimnastiek, swem en spele bevorder. Jooste (8, p. 73) toon aan dat gedurende 1908 'n dame aan die Normaalskool in Bloemfontein vir die afrigting in spele aangestel word en vanaf 1912 woon studente gimnastiekklasse by, aan die Polytegniese Kollege in die stad.

Vanaf 1919 kry die Normaal- en die Polytegniese Kolleges die hulp van militêre instrukteurs en vanaf 1920 word mediese inspeksies ingestel wat die noodsaaklikheid van vormende liggaamlike oefeninge op skool beklemtoon. Jooste (8, pp. 73 - 74) toon aan dat die leemtes wat ontstaan het as gevolg van onopgeleide personeel nou aangevul word deur die instelling van 'n Departement van Liggaamlike Opvoeding aan die Normaalkollege, en later word die tekort aan

goed gekwalifiseerde liggaamlike opvoeders nog verder aangevul deur 'n opleidingskursus vir liggaamlike opvoeders aan die destyds Universiteitskollege, tans Universiteit van die Oranje-Vrystaat, daar te stel. Jooste (8, p. 74).

2.5.4. <u>Die tydperk 1920 tot 1968</u>

Aanmerklike vordering van die vak word gedurende hierdie periode in die Vrystaat bespeur. Vooraanstaande liggaamlike opvoeders neem in hierdie provinsie die voortou. Vanaf 1939 word mnr. A. van der Plaat en mev. I. Salmon as organiseerders van die vak aangestel. Deurdat fasiliteite, soos in al die ander provinsies, op hierdie stadium nog gebrekkig was, het Van der Plaat begin deur die beskikbaarstelling van grasperke en oefenterreine te propageer, en om onderwysers se kennis in die vakgebied te verryk, is daar begin met vakansiekursusse. As gevolg van die swak finansiële posisie van die provinsie, meld Van der Plaat in sy verslag, volgens De Klerk (4, p. 248), dat sekere kosbare maatreëls nog agterweë gelaat moes word om die vak tot sy volle reg te laat kom.

Gedurende 1945 het die Departement van Verdediging kampe vir uitgesoekte skoliere gereël, om leerlinge op hoogte van die vakgebied te bring. De Klerk (4, p. 249) meld dat die seuns hier geleer is hoe om liggaamsoefeninge aan 'n peloton te gee, waar verskeie van die seuns weer as demonstrateurs en assistente vir die onderwysers opgetree het. Die Departement

van Verdediging het goedgunstelik gimnastiek toestelle vir liggaamlike opvoeding aan skole gestuur wat ook weer deur leerlinge gebruik kon word wat nie in die kadet-korps was nie.

Die Vrystaat was die eerste provinsie in die land wat reeds so vroeg as 1955 begin het met die daarstelling van 'n sillabus in liggaamlike opvoeding. Die persone wat verantwoordelik was hiervoor was mnre. Van der Plaat, Britton, J.van R. Furter en mej. Neethling . Hierdie sillabusse word vanaf 1955 ook in die provinsie uitgetoets en vanaf 1958 begin hulle met 'n gewysigde vorm.

Die sillabus wat hulle voorgestel het, is 'n stelsel vir 'n volk en die behoeftes van 'n volk. Die inhoud van die sillabus was nie staties nie en dit het verander met die tyd; dit het slegs gedien as 'n middel tot 'n doel. Die einddoel was dan ook nie net oefening ten opsigte van die fisieke nie, maar gerig op die totaliteit van die mens.

Vanaf die vyftigerjare word mnr. J. van R. Furter en mej. E. Neethling as vakinspekteurs in die provinsie aangestel. Hierdie twee persone was hul tyd ver vooruit, en lewer 'n groot bydrae in liggaamlike opvoeding, nie net in die Vrystaat nie maar ook in die hele Suidelike Afrika. Onder hul leiding as vakinspekteurs van die provinsie in liggaamlike opvoeding, word met samewerking van liggaamlike opvoeders in die ander provinsies, leerplanne vir die vak liggaamlike opvoeding uitgegee wat in 1965 herdruk word. Hierdie leerplanne word gevolg totdat die kernleerplanne in werking tree .

## 2.6. KERNLEERPLANNE

Gedurende die sestigerjare, met die geweldige industriële groei in die land, het daar 'n gedurige volksverhuising plaasgevind. Die kind is hoofsaaklik hierdeur geraak deurdat hy van een skool na 'n ander skool in verskillende provinsies verskuif is. Die Departement van Nasionale Opvoeding het gevolglik in 1966 'n besluit geneem om leerplanne met 'n gelyke basis vir die hele land voor te skryf. (Mondelinge mededelinge: prof. P.B. Kemp).

### 2.6.1. Opstellingsprosedure van leerplanne

Die opstel van die leerplanne het kortliks soos volg verloop. Sekere vakke is aan 'n provinsie toegewys om die kernsillabus daarvoor op te stel. Na die voltooiing hiervan word die konsep aan 'n breë komitee voorgelê wat saamgestel is uit verteenwoordigers van elke provinsie. Dié komitee het die nodige byvoegings en weglatings op 'n raamwerk besluit wat die goedkeuring van elke provinsie moes wegdra. Teen 1968 was al die skoolvakke afgehandel en geïmplementeer. (Mondelinge mededelinge: prof. P.B. Kemp).

### 2.6.2. Kernsillabus vir Liggaamlike Opvoeding

Aan liggaamlike opvoeding is daar egter tot in hierdie stadium nog geen aandag gegee nie. Prof. P.B.Kemp, huidige Hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die UOVS, wat destyds voorsitter van S.A.V.L.O.R. was, het hier 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van liggaamlike opvoeding bereik deur prof. Gert Jordaan, die toenmalige ondervoorsitter van die Onderwys-adviesraad wat belas was met die opstel van die kernleerplanne, te versoek dat daar

ook 'n kernleerplan vir liggaamlike opvoeding opgestel moes word. Prof. Jordaan het die versoek voor die Onderwys-adviesraad gelê en op hierdie vergadering is daar besluit dat die Provinsie Transvaal die voorbereidingswerk vir dié vak moet doen. (Mondelinge mededelinge: prof. P.B. Kemp).

Met die daarstelling van die kernsillabus word dit dan nou net soos in die geval van al die ander vakke verwys na die breë komitee met verteenwoordigers uit al vier die provinsies wat soos volg verteenwoordig word:

| | | |
|---|---|---|
| Kaapprovinsie | : | Mnr. H. Schoombie |
| Transvaal | : | Mnr. H. Ahrens |
| Natal | : | Mnr. E. Bruin |
| Vrystaat | : | Mnr. J. van R. Furter |

Hierdie komitee het toe tot die volgende besluit gekom:

1. Al die provinsies moet saamstem oor die doel, inhoud en leerstof van die kernsillabus.
2. By die implementering van die kernsillabus kon elke provinsie aanpassings maak volgens spesifieke behoeftes en omstandighede.
3. Omdat die persone wat die implementering moes behartig, ook betrokke was by die opstelling van die sillabusse, het hulle ook aandag gegee aan die breë metodologiese voorskrifte wat elke provinsie volgens sy eie behoeftes hanteer het, byvoorbeeld met,

   i) Kursusse aan onderwysers,

ii) Skriftelike voorskrifte oor die metode van toepassing, en

iii) Die metodiek van hoe verskillende basiese vaardighede aangeleer moes word.

Die komitee het dan ook gebruik gemaak van publikasies wat reeds verskyn het, soos

1. Junior Boek (1941) vir seuns en dogters tot 10 jaar.
2. Senior Boek 1 (1943) vir seuns bo 10 jaar en mans.
3. Senior Boek 11 (1947) vir seuns bo 10 jaar en mans.
4. Junior Boek (1950) hersiene uitgawe.
5. Senior Boek 111 (1952) vir meisies bo 10 jaar en vroue.
6. Liggaamlike Opvoeding vir Meisies (1958) leeftydsgroep 5½ tot 12½ jaar.
7. Liggaamlike Opvoeding vir Seuns (1961) leeftydsgroep 8½ tot 12½ jaar.

Die kernsillabus het nou die raamwerk gevorm en elke provinsie moes sy eie leergange uitwerk volgens eie behoeftes en belange. 'n Hersiene uitgawe van die oorspronklike leerplan vir liggaamlike opvoeding verskyn in 1967-68 (2, Voorwoord) as Handboek Vir Liggaamlike Opvoeding, Gimnastiek vir Seuns en Mans. Hierdie handleiding word deur die Departement van Kultuursake uitgegee as 'n amptelike naslaanwerk vir die Departement van Hoër Onderwys, die vier Provinsiale Onderwysdepartemente en die Nasionale Beheerliggame vir Senior en Junior Gimnastiek.

ʼn Toevoeging tot die kernsillabus op aandrang van die toenmalige Minister van Onderwys, Minister J. de Klerk, was dat selfverdediging in die leerplanne opgeneem moes word. Hiervolgens stel Transvaal voor dat stoei as verpligtend in die liggaamlike opvoedingsleerplanne gevolg moet word. Dit word egter nie by al die provinsies aanvaar nie, en judo is toe as alternatief voorgestel.

Vir die dogters het prof. Nel van die Universiteit van Stellenbosch met ʼn studiekomitee navorsing gedoen, met fondse wat deur die R.G.N. bewillig is, ten gevolge waarvan leerplanne vir dogters opgestel is wat, net soos die leerplanne vir seuns, ook onderhewig was aan die goedkeuring van al die ander provinsies.

2.6.3. <u>Implementering van leerplanne</u>

Volgens mnr. J. van R. Furter (mondelinge mededelinge) het die aanloop van die leerplanne tot gevolg dat die vier provinsies as volg in verskillende rigtings beweeg het:

2.6.3.1. <u>Kaapprovinsie</u>

In die Kaapprovinsie het dit geblyk dat die klem geval het op vaardigheid; dus ʼn breë benadering tot sport en gimnastiek.

2.6.3.2. <u>Transvaal</u>

Hier, onder die invloed van mnr. Ahrens, was die

instelling heeltemal op gimnastiek, met die doel om gimnastieksale by skole te kon bekom. Hierdeur is die Transvaalse Onderwysdepartement dan oortuig van onvoldoende geriewe by skole. Die provinsie besef later dat 'n te eensydige siening nie die oplossing is nie en wysig die leerplanne.

2.6.3.3. Natal

Die provinsie laat baie vryhede van keuse toe. Geen bepaalde rigting word voorgeskryf nie en die benadering was meer globaal.

2.6.3.4. Vrystaat

Ook die Vrystaat het ingeval by dié benaderingspatroon maar daar is besef dat dit meer spesifiek moes wees, meer realisties met betrekking tot die tyd wat aan die vak bestee word.

2.6.4. Doelstellings in Liggaamlike Opvoeding

Met die noodsaaklikheid vir die daarstelling van die kern-sillabus vind ons dat daar drie hoofvereistes gestel is, naamlik:

i) Inleiding,
ii) Strukturele en
iii) Vaardigheidsbenadering.

Die beginsels van die onderrigmetode word o.a. deur

Preller (14, p. 123) geformuleer:

> Ook liggaamlike opvoeding is geen uitsondering nie en beskik oor goed geformuleerde doelstellings.

In beide die sillabusse van die O.V.S.-Onderwysdepartement en die Transvaalse Onderwysdepartement word woordeliks dieselfde doelstellings en strewe gestel, wat soos volg lui, soos aangetoon deur Van der Walt, (23, p. 1-2):

> Die strewe van liggaamlike opvoeding is om voorsiening te maak vir die nodige onderrig wat aan die individu of groep die geleentheid sal stel om deel te hê aan liggaamlike bedrywighede wat 'n bydrae sal lewer tot die vorming van die hele mens.

<u>Doelstellings</u>

1. Die stimulering van liggaamlike groei en ontwikkeling.
2. Die verwerwing van basiese liggaamlike fiksheid.
3. Die bemeestering van liggaamlike rekreatiewe bedrywighede.
4. Die aankweek van gesondheidsgewoontes.
5. Die ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid.
6. Die bevordering van geestesgesondheid.

Van der Walt (23, p. 2) wys daarop dat die verwesenliking van bogenoemde strewe en doelstellings nie 'n eenvoudige taak is nie. Die aanbieding van die voorgeskrewe leer-inhoud sal ook nie tot die bereiking daarvan lei nie. Sommige van die doelstellings is ook nie van 'n maklikmeetbare aard nie, en om te bepaal of sodanige doelstellings wel bereik word, is moeilik.

By die aanbieding van die vak vir die bereiking van die doelstellings het die owerhede besef dat die leerkragte in liggaamlike opvoeding die enigste personeellede is wat al die seuns of dogters elke week vir twee periodes sien. Die invloed wat 'n goeie onderwyser vir Liggaamlike Opvoeding op die kinders uitoefen, is van kardinale belang, terwyl, aan die ander kant, 'n negatiewe of swak leerkrag seker een van die gevaarlikste invloede verteenwoordig wat 'n skool op sy leerlinge kan uitoefen. Om hierdie rede pleit prof. Thiart (22, p. 3-4) dan dat kandidate wat vir hierdie vak gewerf word, opgelei moet word om daarna te streef om blywende gesindhede by kinders te kweek. Hierdeur sal daar dan ook verseker word dat die doelstellings uitgeleef sal word.

Vervolgens kan daar nou oorgegaan word na die instansies wat betrokke was by die beplanning, organisasie en administrasie van Liggaamlike Opvoeding, Sport en Rekreasie in die Republiek van Suid-Afrika.

## 2.7. Bydraes tot die uitbouing van liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie

### 2.7.1. Instansies

#### 2.7.1.1 Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spelevereniging.

Die Olimpiese Vereniging het in 1908, met Suid-Afrika se eerste deelname aan die Olimpiese Spele in Londen, onder die naam Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspelevereniging tot stand gekom (6, p. 172) en kan beskou word as een van die stigterslede van die huidige Internasionale Olimpiese Komitee. Ná die onttrekking van Suid-Afrika as lid van die Statebond is die naam van die Vereniging in 1959, dienooreenkomstig verander (1, p . 20) met die instelling van die eerste Suid-Afrikaanse Spele, na die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spelevereniging.

Die Olimpiese Vereniging het in die eerste plek (6, p . 173)

> ..... sy plig aanvaar teenoor die I.O.K. om deelnemers voor te berei vir deelname aan die vierjaarlikse Olimpiese Spele.

en in die tweede plek,

> ..... na die belange van sy lede om te sien

Sedert Suid-Afrika se algehele lidmaatskapskorsing in 1968 bestaan die Suid-Afrikaanse Olimpiese Vereniging, wat die I.O.K. betref, nie meer nie. Die Vereniging het dit egter nie daar gelaat nie, en doen tans alles in sy vermoë om hertoelating tot die I.O.K. te bewerkstellig. Die afgelope aantal jare het die Vereniging hom begin toespits op 'n derde doelstelling, naamlik aan die kwessie van 'n Suid-Afrikaanse Spele.

### 2.7.1.2 <u>Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVSLOR)</u>

Die Vereniging is in die lewe geroep as die erkende nasionale vereniging vir opgeleide personeel, sowel as vrywillige werkers, op die gebied van liggaamlike opvoeding, rekreasie en gesondheidsopvoeding.

Op 12 Januarie 1950 word SAVLOR in Kaapstad gestig om die belange van gesondheid, liggaamlike opvoeding en rekreasie te bevorder en om saam te werk met daardie instansies aan wie dit opgedra is om verantwoordelik te wees vir hierdie fasette van die nasionale welsyn van die volk. Prof. Danie Craven is aangewys as die eerste voorsitter en J.W. Postma as die eerste sekretaris.

Dié vereniging stel hom ten doel om diens van die hoogste gehalte te lewer en om dit na te strewe, tel die volgende onder die doelstellings van die Vereniging: (17, Ongedateerd, p. 2-3)

1. Maatreëls wat tot die doeltreffenheid van liggaamlike opvoeding, gesondheidsopvoeding en rekreasie sal bydra, na te spoor en ten uitvoer te probeer bring.

2. Om die geleentheid te skep tot nouer kontak en samewerking tussen lede van die Vereniging en die verskillende belangstellings en aktiwiteite wat deur

hulle verteenwoordig word, ter bereiking van hulle gemeenskaplike doelstellings

3. Om toenemende insig en waardering en erkenning by die publiek en die owerhede teweeg te bring in verband met die waarde en belangrikheid van die werk wat gedoen word deur lede van die Vereniging.
4. Om gedurige evaluering van professionele standaarde betreffende personeel en programme aan te moedig.
5. Om navorsing wat sal aanleiding gee tot die verskerping, doeltreffenheid en omvang van dit wat gedoen word, te koördineer, aan te moedig en te vergemaklik.
6. Om informasie, wat lede sal help om meer doeltreffende diens te lewer, in te samel en te versprei.
7. Om nasionale en streekkonferensies, kursusse en sodanige ander byeenkomste te reël wat in die belang van lede en die werk deur hulle gedoen word, beskou word.
8. Om skakeling met nasionale en internasionale organisasies te bewerkstellig wat tot die voordeel van lede van die Vereniging kan strek.
9. Om daardie beroepsbelange van lede wat hulle in staat sal stel om meer doeltreffende dienste te lewer, te bevorder en te beskerm.
10. Om erkenning aan onderskeidende diens binne en buite die beroep te verleen.

Die Vereniging stel hom dan ook ten doel om liggaamlike opvoeding te verbeter en beywer hom vir die liggaamlike-opvoedingsonderwyser en die verbetering van fasiliteite, asook vir die uitbouing van die vak. Die Vereniging het eers jaarlikse kongresse, en later tweejaarlikse kongresse gereël waar daar ook mense van die buiteland gebruik is om referate te lewer oor spesifieke knelpunte. Ook vooraanstaande liggaamlike opvoeders soos onder andere proff. D.P.J. Smith, I.R. van der Merwe, P.B. Kemp en andere het informasie deur die Vereniging aan sy lede oorgedra.

Die Vereniging het hom ook beywer vir 'n tydskrif en het by die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gepleit vir 'n kwartaalblad, Vigor, wat vandag nog 'n belangrike naslaanbron vir Liggaamlike Opvoeding is. (Kyk Vigor, 2.7.3.) Hierdeur is die kennis van die vak versprei, wat een van die groot take van SAVLOR was.

SAVLOR het hom ook beywer vir die nodige fondse vir navorsing in die vakgebied, sodat die vak dan ook 'n volwaardige vak word. Nie net die doseer, oplei en aanbied van die vak nie,maar ook die navorsingsaspek moes bygebring kon word. Hierdie fonds beloop tans etlike duisende rande.

Tydens die Kongres van 1965 te Bloemfontein het mnr. Jan Botha 'n voorstel ingedien dat daar deur die Vereniging gepoog moet word om 'n Staatsdepartement vir Sport ingestel te kry. Prof. P.B. Kemp, nasionale voorsitter van die Vereniging het onderneem om die destydse Eerste Minister, Sy Edele dr. H.F. Verwoerd, te

nader om onderhandelinge aan te knoop vir die vestiging van so 'n Departement. Deur SAVLOR se onderhandelinge is die destydse Departement van Sport en Ontspanning ingestel wat vandag bekend is as die Departement Nasionale Opvoeding Direktoraat: Sportbevordering. (Mondelinge mededeling: Prof. PB Kemp).

Deurdat SAVLOR verskillende vertakkinge soos Sport, Opleiding, Rekreasie, Navorsing en andere het, het die bestuur gevoel dat die tyd ryp was vir 'n nuwe struktuur. Die Hoofbestuur het onder leiding van prof. Kemp as nasionale voorsitter hieraan gewerk en tydens die Tweejaarlikse Kongres van die Vereniging van 24 tot 26 September 1980 te Port Elizabeth is die nuwe struktuur voorgelê en bevestig.

Die primêre doelstellings van die Vereniging bly egter die bevordering en koördinering van opleiding en navorsing oor sport, liggaamlike opvoeding en rekreasie. Die Vereniging bemoei hom nie met die huishoudelike aangeleenthede van enige ander nasionale liggaam of vereniging nie, maar sy dienste word aangebied aan almal wat daarvan wil gebruik van maak. (18, p. 1-7)

'n Diagrammatiese uiteensetting (kyk p. 58) van die nuwe struktuur soos uiteengesit in die <u>SAVLOR Nuusbrief</u> Jaargang 1 No. 1, toon die afdeling en die organisasie binne elke afdeling om dit as afdeling binne die eenheid van die Vereniging funksioneel te maak. Hierdeur lê daar nou 'n pragtige nuwe toekoms

vir SAVLOR voor waar Liggaamlike Opvoeding, Sport en Rekreasie 'n goue era betree. SAVLOR dra dan ook hiermee sy deel by tot samewerking en dienslewering in dié opsig.

Prof. Kemp tree by hierdie Kongres ook uit as Voorsitter en word opgevolg deur die huidige president, prof. W.J. Putter.


Die feit dat liggaamlike opvoeding vandag as 'n volwaardige vak sy plek tussen al die ander beklee, kan hoofsaaklik aan die werking van SAVLOR en deur sy media, Vigor, Top Sport, en sy navorsingsblad S.A. Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, toegeskryf word, asook aan die deursettingsvermoë van die Vereniging se besture en lede. SAVLOR gee ook reeds vanaf 1981 vakkundige publikasies uit om die lede op hoogte te hou van die jongste verwikkelinge in die vak.

Vanaf 1982 verander SAVLOR na SAVSLOR (Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie) en is 'n multidissiplinêre professionele vereniging wat as primêre doel=stelling het "om navorsing en opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde, Rekreasie en Sportwetenskap te bevorder en te koördineer." (Artikel 4.1 van die grondwet).

Die organigram wat vervolgens uiteengesit word in 'n Nuusbrief van SAVLOR gedurende 1981 sal op die volgende kongres van SAVSLOR bespreek word.

2.7.1.2.1. Organigram: SAVLOR (18, pp. 8 - 9)

ORGANIGRAM SAVLOR



#### 2.7.1.3 Die Suid-Afrikaanse Sportfederasie

Die Suid-Afrikaanse Sportfederasie is in 1951 in die lewe geroep toe mnr. Jan Botha (1, p. 14), van die destydse Nasionale Adviesraad vir Volwasse Opvoeding met die idee voor die dag gekom het. Mnr. R. Honey, voorsitter van die Advieskomitee vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie is gevra om met 'n vergadering van sportlui hierdie moontlikheid te ondersoek.

Gedurende 1963 word die naam dan gewysig tot die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport (6, p. 156), maar in Junie 1975 word die naam weer terug verander na die S.A. Sportfederasie.

Die doelstellings van die Sportfederasie is om die morele, geestelike en fisieke gesondheid van die gemeenskap te bevorder en te verbeter. Die belangrikste taak is dat die Sportfederasie as mondstuk namens sport in Suid-Afrika moet optree.

#### 2.7.1.4 Die Suid-Afrikaanse Sportstigting

Met die loodsing van die Sportstigting van Suider-Afrika gedurende 1964 (6, p. 197), kom een van die grootste deurbrake in die ondersteuning van sport in Suid-Afrika. Die Sportstigting word aanvanklik deur dr. Anton Rupert (1, p . 22) van die Rembrandt-tabakgroep gefinansier. Die Sportstigting beywer hom vir die aktivering van die massa tot deelname aan sport, die verhoging van die fisieke fiksheidstandaard van die bevolking.

Met die totstandkoming van die Departement Sport en Ontspanning en die gepaardgaande probleem van funksie oorvleueling moet hy noodgewonne sy doelstellings in heroorweging neem. Dit het gelei tot die konsentrasie op hulpverlening en daar is 'n aantal sportspesialiste aangestel om spesifiek aan die betrokke sportbeheerliggame leiding te bied op die gebied van opleiding en afrigting.

Op hierdie gebied lewer Sportstigting tans nog 'n unieke en uiters waardevolle diens aan sport in die algemeen in die Republiek.

2.7.1.5 Departement Nasionale Opvoeding: Direktoraat Sportbevordering

Tydens die silwerjubileum van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie te Bloemfontein in 1965 word 'n voorstel ingedien vir die totstandkoming van 'n Staatsdepartement, Sport en Ontspanning ( Kyk 2.7.1. p.. 35) op die Vereniging se aandrang en 'n besef van die belofte deur die Sentrale Regering, word die Departement van Sport en Ontspanning op 1 Julie 1966 ingestel. Aan die einde van 1979 word die Departement onder beheer van Nasionale Opvoeding geplaas en is tans bekend as die Direktoraat Sportbevordering.

Die samestelling is tans:

| | | |
|---|---|---|
| Minister | : | Dr. G. van N. Viljoen |
| Direkteur-generaal | : | Dr. P.S. Meyer |
| Adjunk-direkteur-generaal | : | Mnr. M.L. Visagie |
| Direkteur Sportbevordering | : | Mnr. K.J. Bodenstein |
| Hoof: Skakeldienste (Ontspanning) | : | Mnr. A.S. Basson |
| (Sport) | : | Mnr. J.W. Brandt |
| Adjunkhoofde: Ontspanning | : | Mnr. F. Venter |
| Sport | : | Mnr. A. Vermeulen |
| | : | Mnr. B.J.M. Vorster (Spesiale projekte) |

Die doelstellings en funksie van die Departement is met die totstandkoming as diensorganisasie bepaal. Dit word naamlik as die hooffunksie van die Departement gestel dat hy daarop ingestel is om die ontwikkeling van 'n sterk en gesonde bevolking te verseker (6, p. 192), deur

i) steun te gee aan sport en rekreasie op alle vlakke;

ii) saam te werk en hulp te verleen aan sportliggame wat hierdie doel nastreef;

iii) aanmoediging van afrigtings-, opleidings en deelnameprojekte; en

iv) steun te verleen met die voorsiening van die nodige fasiliteite.

Ten einde aan hierdie doelstellings uitvoering te kan gee, lewer die Departement ten eerste tegniese dienste deur sy personeel vanuit die hoofkantoor in Pretoria en takkantore in die vernaamste sentra in die land; en ten tweede deur die toewysing van hulptoekennings aan vrywillige diensorganisasies. Verder reël die Departement ten opsigte van rekreasie talle

kursusse, konferensies en is hy ook verantwoordelik vir nasionale projekte soos die Nasionale Fiksheidskema, lenteloop, stap-en-leef en talle ander. Fondse word ook verskaf vir navorsing op die gebied van liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie wat op kontrakbasis uitgevoer word.

2.7.1.6 Die R.S.A.-Sporttrust

Die Sporttrust lewer vanaf 1967 waardevolle dienste en hulpdienste aan sport in die Republiek. Min aandag is aanvanklik aan fondsinsameling geskenk, maar vanaf 1977 met die herorganisasie van die Sporttrust onder voorsitterskap van mnr. D.J. Joubert het daar 'n nuwe vuur in die Vereniging gekom.

Sedert 1967 dra die Sporttrust dan ook finansieël by tot die S.A. Spele in Bloemfontein, die S.A. Nie-Blanke Spele van 1970 in Johannesburg, die Republiekfees van 1971 in Kaapstad, die S.A. Ope Internasionale Spele van 1973 in Pretoria en ook die Gedesentraliseerde Spele gedurende 1981 te Durban, Johannesburg, Kaapstad en Pretoria.

2.7.1.7 Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spele-Vereniging

Hierdie liggaam kom op 17 Augustus 1971 (6, p.174) tot stand as gevolg van die pogings wat die Olimpiese Vereniging in werking gestel het om die Nie-Blanke Olimpiese sportsoorte onder sy beheer te kry.

Dit blyk egter uit verslae dat die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spele-vereniging as gevolg van 'n gebrek aan die nodige middele ernstig gekortwiek is om tot 'n betekenisvolle aksieprogram oor te gaan. Die swak administratiewe posisie waarin die vereniging verkeer het, beskou die Olimpiese Vereniging as 'n besondere knelpunt in die land se sport-opset. Ná 'n aanvanklike suksesvolle begin het die Olimpiese vereniging ontaard in 'n volslae klug (6, p. 175).

2.7.1.8 Die Trimsafederasie

Na aanleiding van die aanbevelings vervat in die Hoekverslag, word die Trimsafederasie in die lewe geroep gedurende 1979, en geskei van sport. Die doelstellings kom in kort neer op die volgende (1, p. 17):

i) Om die liggaamlike en geestelike welsyn van die gemeenskap te bevorder.

ii) Om met enige liggaam of instansie wat gemoeid is met fisieke rekreasie saam te werk.

iii) Om die belangstelling in sport te prikkel, en

iv) Om enige eiendom wat die Federasie nodig of geskik ag vir die bevordering van sy doelstellings aan te koop of te huur.

Mev. Cruywagen (1, p. 17) toon aan dat dit duidelik is dat die Federasie in die lewe geroep is ter bevordering van alle vorme van gesonde fisieke aktiwiteite deur middel van alle fasette van ondersteuning.

2.7.1.9 Die Nasionale Instituut vir Sport-administrasie (NISA)

NISA kom op 19 April 1979 tot stand en vorm so die oorkoepelende liggaam vir die adminstrasie van die Suid-Afrikaanse Sportfederasie, Olimpiese en Nasionale Spele-Vereniging, SAVLOR, Trimsa en die Komitee vir Internasionale Skakeling.

Die doelstelling is hoofsaaklik die koördinering van die administratiewe dienste van bogenoemde liggame.

2.7.1.10 Universiteite in Suid-Afrika

Van die instansies wat nou betrokke is by die beplanning, organisasie en administrasie van liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie is die Universiteite. Hier beskik reeds tien Universiteite oor Departemente van Liggaamlike Opvoeding en lewer vandag 'n baie belangrike bydrae tot die opleiding van leiers in liggaamlike opvoedkunde, sport en rekreasie. By al die Universiteite word die klem op die aanleer van basiese vaardighede geplaas; hier is dus geen sprake van opleiding van spesialiste in sportafrigting nie.

Aan sekere Universiteite word egter Sportkunde en Rekreasiekunde aangebied deur middel van hulle opleiding en/of Institute. Waar liggaamlike opvoeding meer opvoedkundig gerig is, is Sportkunde en Rekreasiekunde meer prakties gerig.

Die volgende Universiteite beskik tans elk oor 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde:

i) Pretoria
ii) PU vir CHO
iii) Rhodes
iv) Randse Afrikaanse Universiteit
v) Stellenbosch
vi) Universiteit van die Oranje-Vrystaat
vii) Universiteit van Port Elizabeth
viii) Universiteit van die Noorde
ix) Universiteit van Wes-Kaapland
x) Universiteit Durban-Westville

2.7.1.11 Onderwyskolleges in Suid-Afrika

Die liggaamlike opvoeder in die onderwysprofessie lewer 'n belangrike bydrae tot sport en rekreasie. Die opleiding van liggaamlike opvoeders is 'n vakgebied in eie reg en die opleiding aan kolleges is primêr daarop gerig om die onderwyspersoneel vir die vak op skool op te lei. Dit impliseer 'n breë, omvattende agtergrondstudie om so die onderwyser in staat te stel om 'n suksesvolle en waardige bydrae (1, p. 9) tot die algehele opvoeding van die jeug te lewer. In hierdie opsig is daar nog geweldige tekortkominge by swart onderwys.

2.7.2 Tydskrifte

### 2.7.2.1 "Liggaamsopvoeding"

Die eerste tydskrif vir liggaamlike opvoeding in Suid-Afrika was die blad Liggaamsopvoeding wat vroeg in die veertigerjare deur die Universiteit van Stellenbosch, met die geldelike steun van die Staat, gepubliseer is. Die tydskrif is in die lewe geroep deur liggaamlike opvoedkundiges wat tot die besef gekom het dat hulle 'n mondstuk van hul eie moet hê. Hierin kon hul probleme bespreek, boodskappe vir die bevordering van die volk se liggaamlike welsyn aan skoliere, studente en aan die volk van Suid-Afrika oorgedra word. Sodoende het die blad in verskeie behoeftes voorsien.

Toe die ná 'n paar jaar nie meer moontlik was nie, het die Staat die taak oorgeneem, en in September 1947 verskyn dan in 'n nuwe gedaante die kwartaalblad Vigor.

### 2.7.2.2 Vigor

Na die Tweede Wêreldoorlog het die tydskrif Liggaamsopvoeding 'n gedaantewisseling ondergaan en 'n nuwe blad met die kragtige Latynse titel Vigor het die lig gesien. Die doel van die tydskrif word deur die eerste redakteur mnr. V.C. Wood (24,p . 3) soos volg uiteen gesit:

Ten eerste wil die blad

> ..... oor die hele land professionele manne en vroue te bedien, insonderheid

liggaamsopvoeders en studente aan ons
skole, kolleges en universiteite;

Ten tweede

..... in samewerking met ander liggame, owerhede en organe, ook daarna streef om die algemene publiek meer fisies bewus te maak en die standaard van die openbare liggaamsgeskiktheid van die betreurenswaardige C3 - soos ons deur baie beoordeel word - tot die gunstige A1 te verhef;

Ten derde

..... wil die tydskrif in elke huisgesin wat sy liggaamlike welsyn op die hart dra, 'n betroubare gids en troue vriend wees.

Vir byna twintig jaar het die blad onder die beskerming van die Departement Onderwys Kuns, en Wetenskap (25, p. 3) verskyn. Die blad het professionele manne en vroue op die gebied van Liggaamlike Opvoeding, Ontspanning en Sport bedien. Die blad het ook later as mondstuk van SAVLOR opgetree deurdat die lede artikels vir die blad geskryf het. Die tydskrif is uitgegee op 'n kwartaalbasis en is aan onderwysers en skoolbiblioteke gestuur sodat die kennis van die vak onder die jeug versprei kon word.

Met die stigting van die Departement Sport en Ontspanning

wat in Junie 1966 aangekondig is, is daar besluit dat Vigor vanaf 1 Januarie 1967 dié Departement se verantwoordelikheid sou wees. Die blad het egter 'n wipplank tussen Departemente geword en daar is besluit om die uitgee van die blad te staak iets wat ongetwyfeld een van die grootste rampe in die geskiedenis van sport en liggaamlike opvoeding in Suid-Afrika was.

Mej E.C. Botha, die laaste redakteur van Vigor, (25, p..3) skryf soos volg hieroor

> Skielik en dramaties het die lewe van Vigor dus te einde geloop, en weereens sal Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika vind dat hulle nie oor 'n eie mondstuk beskik nie.

2.7.2.3 Top Sport

Die Departement van Sport en Ontspanning het in 1966 die volgende aankondiging gedoen (25 p . 5):

> Ná baie deeglike oorweging is daar besluit om in hierdie stadium nie 'n plaasvervanger vir Vigor uit te gee nie ..... Indien die behoefte aan 'n Departementele publikasie soos Vigor weer gevoel word, sal die herinstelling van so 'n tydskrif oorweeg word.

SAVLOR het vertoë gerig om die herinstelling van 'n tydskrif en ná samesprekings met die destydse Minister van Sport en Ontspanning, Minister Koornhof, is daar tot 'n vergelyk gekom. Fondse is deur die Departement Sport en Ontspanning bewillig om 'n nuwe tydskrif uit te gee op voorwaarde dat die blad hom ná 'n paar jaar self sou moes dra. Die tydskrif wat ongeveer tien jaar na Vigor verskyn het was Top Sport, wat egter ná slegs vier jaar, en 49 uitgawes, in April 1979 vir die laaste keer verskyn het.

Louis Wessels (26, p . 7) skryf in sy artikel "Memo"

> Sporttydskrifte in Suid-Afrika het nog maar altyd gesukkel om die mas op te kom. Daarvan getuig die groot aantal wat oor baie jare op die tydskriftoneel verskyn en weer verdwyn het. Dat dit so is, is een van die onverklaarbaarhede in ons tydskrifwese - veral in die lig van die sogenaamde sportmalheid wat daar in Suid-Afrika is.

### 2.7.2.4 S.A. Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning

Hierdie tydsrif het sy ontstaan te danke aan die Nasionale Advieskomitee vir Sportnavorsing in samewerking met die Departement Sport en Ontspanning en die S.A. Sportfederasie. Gedurende April 1976 is die behoefte na 'n eie onafhanklike navorsingsblad geformuleer en op 20 November word daar amptelik in Johannesburg besluit om so 'n blad te loods.

Daar word sedert 1973 reeds op 'n georganiseerde grondslag navorsingsprojekte op dié gebied deur verskillende instansies onderneem en dit is noodsaaklik dat hierdie kennis en resultate op 'n doeltreffende wyse beskikbaar gestel word.

Vir dié doel dien die blad dan as mondstuk vir die navorsing wat in die Republiek onderneem word op die terreine van sport, liggaamlike opvoedkunde en rekreasie. Die blad verskyn dan reeds vanaf 1978 twee keer per jaar (16, p. 7).

### 2.7.3 Sportondersoeke

#### 2.7.3.1 Die Hoekverslag

Op 1 April 1975 stel die Minister van Sport en Ontspanning, min. P. Koornhof, 'n werkskomitee saam om 'n ondersoek te loods na die "Stand van sport en fisieke rekreasie onder die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika".

Die komitee bestaan uit die volgende (6, p. 1-2):

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Mnr. B.K. de W. Hoek; Sekretaris van Sport en Ontspanning. |
| Hoofnavorser: | Prof. J.L. Botha; Hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria. |
| Hulpnavorser: | Mnr. J.H. Olivier; Direkteur van die Sportburo, Universiteit van Pretoria. |
| Sekretaris: | Mnr. A.W.E. Schultz; Hoofskakelbeampte, Departement van Sport en Ontspanning. |

Die ondersoek dek 'n studieveld wat besonder omvangryk is en daar is besluit om vanweë die beperkte tyd,fondse en mannekrag die studieveld af te baken tot daardie aangeleenthede wat dringende aandag verdien. Daar is gevolglik besluit om die ondersoek slegs op die fundamentele aspekte toe te spits (6, p. 2), naamlik:

i) Die beskikbaarheid en benutting van fasiliteite.

ii) Beheer en opleiding in Suid-Afrikaanse sport en rekreasie.

iii) Die funksionele doelmatigheid van die Departement van Sport en Ontspanning.

Die ondersoek is na 15 maande afgehandel en aan die Minister voorgelê.

In sy voorsittersverslag van SAVLOR - 1978, meld die voorsitter (19, p. 6) dat volgens hierdie verslag SAVLOR 'n baie prominente rol moet speel in die toekoms op al die genoemde terreine maar veral ook op die terrein van die rekreasie-leier.

2.7.3.2 <u>RGN-Sportondersoek 1982</u>

Op 27 Oktober 1979 het die Sportadministrateurs van die nasionale sportliggame in die Republiek vergader, en ná indringende samesprekings met die destydse Minister van Nasionale Opvoeding, Minister T.N.H. Janson, is 'n versoek tot die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in November gerig om 'n indringende ondersoek na die stand van sport in Suid-Afrika te onderneem.

Prof. G.J.L. Scholtz, verbonde aan die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, word in Desember 1979 deur die RGN genooi om as Direkteur van die ondersoek op te tree.

Hierdie verslag van die Advieskomitee: Menseverhoudings in Sport, is die Eerste Konsepverslag van die Advieskomitee: Menseverhoudings in sport. Die finale verslae het tans verskyn en sal 'n groot omwenteling in die Republiek van Suid-Afrika se sportbeleid teweeg bring.

3. BRONNELYS,


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | CRUYWAGEN F.M. | 1982 | Beplanning, Organisasie en Administrasie van LORS in die Republiek van Suid-Afrika. (Ongepubliseerde manuskrip,) Bloemfontein, U.O.V.S. |
| 2. | DEPARTEMENT VAN KUL-TUURSAKE | 1967/1968 | Handboek vir Liggaamlike Opvoeding : Gimnastiek vir Seuns en Mans. Pretoria Staatsdrukker. |
| 3. | DEPARTEMENT VAN ONDER-WYS : O.V.S. | 1981 | Liggaamlike Opvoeding vir Seuns : Standerd 1 tot X. Samevatting van die belangrikste punte vanuit die voorligtingstukke, Bylae H, Bloemfontein. |
| 4. | DE KLERK R.I. | 1978 | Geskiedenis, Stelsels en Strominge in die Liggaamlike Opvoeding. Potchefstroom, Pro Rege. |
| 5. | DU TOIT J.H. | 1981 | Tennis. Bloemfontein, Nasou. |
| 6. | HOEK B.K. de W. | 1976 | Verslag van die Komitee van Ondersoek na die stand van Sport en Fisieke Rekreasie onder die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Departement van Sport en Ontspanning. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. | JOOSTE M. | 1954 | *Beknopte oorsig van die ontwikkeling van liggaamlike opvoeding in Suid-Afrika.* Vigor, Jaargang, VII, Nr. 3, Junie, 1954, Johannesburg, L.S. Gray & Co. |
| 8. | JOOSTE M. | 1954 | *Beknopte oorsig van die ontwikkeling van liggaamlike opvoeding in Suid-Afrika.* (1652-1936) Deel II. *Vigor*, Jaargang VII, Nr.4, September 1954, Johannesburg, L.S.Gray & Co. |
| 9. | KELDER J.C. | 1945 | *Die Historiese Ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding in die Onderwysdepartemente.* Verslag van die Eerste Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoeding. Stellenbosch, Pro Ecclecia. |
| 10. | MALHERBE E.G. | 1925 | *Education in South Africa*, Volume 1 (1652-1922). Stellenbosch, Pro Ecclecia. |
| 11. | MALHERBE E.G. | 1977 | *Education in South Africa.* Volume 11 (1923-1975). Kaapstad, Juta & Co., Ltd. |
| 12. | McKERRON M.E. | 1934 | *A history of Education in South Africa.* Pretoria, J.L. van Schaik. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13. | POSTMA J.W. | 1980 | Introduction to the theory of Physical Education. Second revised edition, Kaapstad, A.A. Balkema. |
| 14. | PRELLER S.J. | 1971 | Inleiding tot die tersiêre didaktiek. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O. |
| 15. | RICE, E.A. HUTCHINSON J.L. LEE M. | 1958 | A brief history of physical education. New York, Ronald Press Co. |
| 16. | S.A. TYDSKRIF VIR NAVORSING IN SPORT LIGGAAMLIKE OPVOED-ING EN ONTSPANNING | 1978 | Redaksioneel. Potchefstroom, Potchefstroom Herald Edms. |
| 17. | SAVLOR (RED) | Onvermeld | Nuusbrief. |
| 18. | SAVLOR (RED) | 1981 | Nuusbrief. Jaargang 1, Nr.1, |
| 19. | SAVLOR | 1978 | Voorsittersverslag. Ongepubliseerd |
| 20. | SCHOOMBIE J.J. | 1961 | Liggaamlike Opvoeding op skool vir Seuns. (1652-1936) Vigor, Jaargang XIV, Nr.3, Johannesburg, L.S. Gray, & Co. |
| 21. | STEENKAMP L. | 1941 | Onderwys vir Blankes in Natal; (1824-1940). Pretoria, J.L. van Schaik. |
| 22. | THIART B.F. | 1981 | Volksgesondheid: 'n Belangrike doelstelling in Liggaamlike Opvoeding. SAVLOR, Vakkundige Publikasie, Reeksnommer 1/1981. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 23 | VAN DER WALT T.S.P. | 1980 | Meting en evaluering in Liggaamlike Opvoeding. (D.Phil. proefskrif) P.U. vir C.H.O., ongepubliseerd. |
| 24 | VIGOR (RED) | 1947 | Redaksioneel. Jaargang 1, Nr. 1, Pretoria, Staatsdrukker. |
| 25 | VIGOR (RED) | 1966 | Redaksioneel. Jaargang XIX, Nr. 5, Pretoria, Minerva Printing Works. |
| 26 | WESSELS L. | 1979 | Being great at something. Top Sport, April, 1979, No. 49, Uitgegee in samewerking met S.A. Sportfederasie. |

# HOOFSTUK 3

# LIGGAAMLIKE OPVOEDING EN DIE SWARTMAN IN SUID-AFRIKA

## 3.1. GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN SWART ONDERWYS IN DIE ALGEMEEN

### 3.1.1. Benaming van die Swartman

In ou Egiptiese geskrifte uit die periode van Sankh-Ka-Ra, ongeveer 2 500 jaar voor Christus, word daar gewys na die land Punt, die woongebied van die swartmense. Dit kon, volgens Bruwer (1, pp. 1-8) moontlik die oorsprongtuiste van die swartman in Suidelike Afrika gewees het. Die naam Bantoe, wat letterlik "mense" beteken, is afgelei van die woord "muntu", meervoud van die woord "bantu", wat in feitlik al die tale van dié groot bevolkingsgroep voorkom. In 1862 het die groot taalkenner, dr. W.H.I. Bleck, bibliotekaris van Sir George Grey, die naam "Bantoe" toegeken aan die taalfamilie van Afrika se swart bewoners suid van die Sahara.

Mettertyd het die naam die algemeen aanvaarde term geword om ook die bevolkingsgroep self aan te dui. Hierdie naam is telkens reeds verander en vandag word die naam "Swartman" algemeen aanvaar onder al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

### 3.1.2. Woongebiede van verskillende Swart Volke van Afrika.

Die volkere van Afrika bestaan hoofsaaklik uit lede van die Mediterrene, tak van die Kaukasoïde, die Kapoïde en die Negroïde.

Die Mediterreense ras is hoofsaaklik beperk tot die dele noord van die Sahara terwyl die Kapoïde, dit is die Boesmans en Hottentotte, beperk is tot die suid-westelike dele van Suidelike Afrika.

Vir die doel van hierdie studie sal daar in die besonder aandag gegee word aan die Negroïde. Dié groep in Afrika word dan ook deur Coertze (3, pp. 51-52) in vier groepe verdeel, naamlik

i) Die Normale Negers, beperk tot Wes-Afrika, suid van die Sahara.

ii) Die Dwergnegers of Negrillo's, beperk tot Sentraal-Afrika.

iii) Die Vermengde Negers wat beperk is tot die Republiek van Soedan, Uganda, Kenia en Tanzanië, en

iv) Die Bantoe-Negers (op wie hierdie studie betrekking het).

Die groep word deur vooraanstaande volkekundiges beskou as 'n vermenging tussen Negroïde uit Wes-Afrika en die Hamiete uit Oos-Afrika.

Coertze (3, p. 7) aanvaar dat die vermenging in die omgewing van die Groot Mere plaasgevind het, en kon volgens hom hiervandaan suidwaarts versprei het.

Vos (22, p. 13) verdeel die Bantoe-Negers verder in drie groepe naamlike die Wes-, Oos- en Suid-Bantoe. Laasgenoemde groep bestaan uit die volgende groepe in Suidelike Afrika naamlik die Nguni, Sotho, Venda en die Tsonga. Vos (22, p. 13) verdeel die Nguni en die Sotho verder in subgroepe:

i) Die Nguni-groep word verdeel in die Xhosa, Swazi, Zoeloe en die Suid-Ndebele.

ii) Die Sotho-groep word verdeel in die Suid-, Noord- (Pedi), en die Wes-Sotho (Tswana).

Kontak tussen die swartmense en die blankes het ŉ radikale verandering in die ekonomiese struktuur en lewe van die swartman laat plaasvind, deurdat verskillende kulture hier in noue kontak met mekaar gekom het. Coertze (3, p. 115) skryf hierdie verandering toe waar hy hulle hoofsaaklik in drie groepe indeel, naamlik:

i) Die swartman in die stede en nywerhede;

ii) Die swartman op plase wat aan blankes behoort; en

iii) Die swartman wat op eie grond in tuislande woon.

## 3.2. <u>Tradisionele Onderwys</u>

Vos (22, pp. 18-23) word in hierdie studie aanvaar as die gesaghebbende bron. Hy wys daarop dat ondanks die verskeidenheid van die natuurlike en kulturele faktore wat in die verskillende gebiede aangetref word, daar nogtans baie gemeenskaplikhede aangetref word by tradisievaste gemeenskappe wat nog naas die meer ontwikkelde gemeenskappe binne ŉ enkele volk bestaan; en daarom is daar nog sprake van ŉ tradisionele onderwysstruktuur. In die tradisionele onderwys en opvoeding van dié volkere suid van die Sahara gee hy dan ook die volgende opsomming.

### 3.2.1. Die rol van die kind

Die kinders speel nog 'n sentrale rol in die tradisionele familie en gemeenskap. Die ouers van die familie beskou dit nog as 'n saak van eer om die kind in die tradisies van die groep waartoe hulle behoort, op te voed.

### 3.2.2. Opvoeding van die jeug

Die opvoeding van die jeug is nou verweef met die gemeenskapslewe op beide materiële en godsdienstige gebied. In die alledaagse aktiwiteite word die kind bewus gemaak van die gebruike van jag, boerderymetodes, korrekte houdings en waardes soos deur die gemeenskap vereis word. Nabootsing, spel en voorbeeld speel 'n belangrike rol in die tradisionele opvoeding.

### 3.2.3. Liggaamlike ontwikkeling van die kind

Die liggaamlike ontwikkeling van die kind kom van die begin af tot sy reg in die spelsituasie soos klim, bekruip, balanseer, swem, dans en ander liggaamlike aktiwiteite. Gedurende inisiasie, soos by die meeste swart volkere (die Zoeloe is egter hierby grootliks uitgesluit), val die klem op die fisieke uithouvermoë van die jeugdige alvorens hy tot die volwasse stadium toegelaat word. Met die afbakening van ouderdomsgroepe vir die opvoeding onderskei Vos (22, p. 22) verder by verskillende volkere in die volgende fases:

#### 3.2.3.1. Fase Een

Vanaf geboorte tot by die ouderdom van ses tot sewe jaar is die op-

voedingsverantwoordelikheid hoofsaaklik dié van die moeder.

3.2.3.2. Fase Twee

Vanaf die ouderdom van ses tot ongeveer tien jaar word die verantwoordelikheid volgens die geslag verdeel. Die kinders word in toenemende mate in die daaglikse lewe betrek maar die grootste gedeelte van die werksdag word nog met spel en vermaak deurgebring.

3.2.3.3. Fase Drie

Ná die ouderdom van tien jaar word die kinders van albei geslagte al meer in die wêreld van die volwassene betrek en deelname aan openbare gebeure vind plaas.

3.2.3.4. Fase Vier

Vanaf die ouderdom waar die jeugdige sy/haar vyftiende tot sestiende lewensjaar bereik, vind inisiasie tot volwassenheid normaalweg onder die meeste swart volkere plaas. Hier word die klem hoofsaaklik op die fisieke uithouvermoë van die seuns geplaas terwyl die dogters se opvoeding hoofsaaklik op die rol van die vrou in die alledaagse lewe toegespits word. Diegene wat dié skoling deurloop het, word as volwassenes in die samelewing aanvaar.

## 3.3. Inisiasie

### 3.3.1. Inleiding

Met hierdie studie word Bruwer (1, pp. 93-106) as die gesaghebbende bron aanvaar, omdat die doel wat die inlywingseremonies onder alle swartgemeenskappe is om die jeug lede van die volwasse groep te maak. Na die voltooiing van die seremonies aanvaar die samelewing hulle as volwassenes, met die regte en verpligtinge wat aan hierdie status verbonde is. Slegs dan kan daar in die huwelik getree word,kinders voortgebring en aan die bedrywighede van die volwassene deelgeneem word.

Hoewel die inlywingseremonies by alle swart bevolkingsgroepe basies dieselfde doel inhou, verskil hulle wat vorm betref. Wat die werklike aard en vorm van die inlywingseremonies is, word kortliks bespreek met verwysing na die gebruike onder die volgende belangrikste hoofgroepe van die swart bevolking van Suid-Afrika:

1. Die Xhosa
2. Die Pedi
3. Die Venda
4. Die Zoeloe

### 3.3.2. Die Xhosa

Onder die Xhosa bestaan daar groepsinlywing vir seuns, terwyl die plegtigheid vir dogters slegs 'n individuele aangeleentheid is.

#### 3.3.2.1. Die Seuns

Sodra daar 'n aantal kandidate gereed is vir die seremoniële

plegtigheid, word reëlings by 'n senior stat in die omgewing getref. 'n Voog word aangestel om gedurende die plegtigheid oor die inisiante te waak. 'n Afgesonderde huisie word vir die kandidate in die veld opgerig wat as die 'isuthu' of 'ithonto' bekend is.

Elke kandidaat ontvang 'n halssnoer gevleg van sterte van koeie wat as 'n beveiligingsmiddel teen gevare dien. Voor die plegtigheid in aanvang neem, moet 'n 'volmaakte' bul of ram geoffer word. Hierdie manlike dier simboliseer krag. Hierna moet al die kandidate van die vleis eet, hul ou klere uittrek en ontvang elk dan 'n nuwe kombers of skaapvelkaros wat hulle dwarsdeur die seremonie moet dra. Die kandidate word nou breedvoerig ingelig omtrent hulle gedrag en die erns van die seremonies, waarna hulle dan na 'n rivier geneem word waar die eerste fase begin, naamlik die besnydenis.

Ná die besnydenis voltooi is, word die inisiante na die 'isuthu' geneem waar hul gesigte met modder besmeer word wat nie verwyder mag word voordat die wonde genees het nie. Die dieet gedurende hierdie periode bestaan slegs uit koue kaboemielies wat aan hulle deur die voog gevoer word. Intussen ontvang hulle seksonderrig en moet onmiddellik ná voltooiing van die seremonies omgang met 'n vrou hê om so die jeug heeltemal af te skud.

Sodra die wonde genees het, word 'n dier geslag en die vleis word oor 'n oop vuur gebraai wat van 'n spesiale houtsoort gemaak is. Elke inisiant ontvang nou sy porsie vleis, wat toegedraai word in 'n doringstruik en na hom gegooi word. Die simboliek hiervan toon dat dit hom sal sterk en teen gevare beveilig. Hiermee saam ontvang die kandidaat ook 'n broodsoort van gerookte mielies en kragmedisyne

wat hy fyn moet kou en oor sy liggaam en gelagsorgane moet uitspu, asook in die vier windrigtings.

Na afloop hiervan word die liggame met wit klei besmeer en kolle word op die bene aangebring. Die inisiante dans nou periodiek in statte wat dui op die hoogtepunt van hul manlikheidswording. Hulle dra 'n seremoniele mondering van palmblare wat bestaan uit 'n 'rokkie' en 'n kopmasker waaraan lang palmstele, soos voelers, aan vasgemaak word.

'n Paar dae voor die plegtigheid ten einde loop, word hul hare afgeskeer en sodra dit begin groei gaan hulle na die rivier om die wit klei af te was. Hierna keer hulle na die 'isuthu' terug, die liggame word met vet ingesmeer en elke kandidaat ontvang nuwe klere wat dui op die nuwe lewe wat nou begin. Die monderings word nou saam met die huis aan die brand gesteek en die jong manne vertrek na die stat en mag onder geen omstandigheid weer terugkyk nie. Tuis word hulle feestelik ontvang en prysliedere word hulle toegesing terwyl hulle onthaal word. Elk ontvang ook 'n nuwe naam, een wat sy vorige heeltemal oorskadu. Hy word nou as 'n volwassene aanvaar.

3.3.2.2. Die Meisies

By die meisies vind daar geen groep-inisiasie plaas nie, maar sodra fisieke rypheid bereik word, vind daar tog 'n seremonie plaas om die nuwe fase wat die jong vrou ingaan te beklemtoon. Die plegtigheid is indiwidueel van aard en is hoofsaaklik 'n familie-aangeleentheid.

Met die eerste menstruasie vind die seremoniële plegtigheid plaas om die nuwe volwasse vrou in al die gebruike en geheime in te lei. Gedurende dié tyd word die vrou dan as 'onrein' beskou en moet baie reëls nagekom word om te verseker dat die huis en die mans en omgewing nie 'besoedel' word nie. Sy mag selfs nie in die beeskraal kom of tussen die beeste deurloop nie, want sy sal hulle ten kwade beïnvloed.

Die dogter word dan ook nou in 'n afgesondere huis agter 'n afskorting gehou en slegs ou vrouens wat reeds verby die baarstadium is, of geskeide en ongehude vroue mag dié huis ingaan. Die ouer vroue tree as onderrigsters op, wat haar in die geheime van die getroude lewe en pligte van die huisvrou onderrig. Sy sing saam met haar ouderdomsmaats eentonige liedjies, en as sy uitgaan, word sy in 'n kombers toegedraai om haar te verberg.

Gedurende dié tyd word daar deur die familie feesgevier. Dit kan tot 'n maand duur, afhangende van die rykdom van die vader, of solank die slagvee vir die fees hou. Die inisiant moet eerste van die geslagte dier nuttig, maar mag nie aan die feestelikheid deelneem nie. Sy ondergaan geen liggaamlike behandeling soos by die seuns nie, behalwe dat die hare van die geslagdele afgeskeer word.

Ná die periode kom die jongmense van die omtrek byeen om te dans en die jongmans moet 'n fooi betaal om te mag deel in die geselligheid. Onvolledige geslagsgemeenskap vind nou plaas tussen ongehudes en ná die feestelikheid verby is, was sy haar, word al

haar klere vernietig en kry sy nuwe klere. Sy is nou 'n volwassene en mag in die huwelik tree.

### 3.3.3. Die Pedi

By die Pedi is dié seremonie 'n volksaangeleentheid. Die jeug word groepsgewys ingelyf in georganiseerde stamskole en dit geld vir seuns sowel as dogters. Monnig (15, p. 113) toon aan dat hierdie skole met tussenposes van vier tot vyf jaar plaasvind, maar nooit op 'n sewende jaar nie, want as dit op die vingers getel word kom dit uit op die wys-vinger wat gebruik word om toorkuns aan te toon.

#### 3.3.3.1. Die Seuns

Die inlywingsplegtigheid by seuns vind in twee fases plaas. Gedurende die eerste fase, voordat die seuns ingelyf word, moet hulle 'n tyd vir die stamhoof gaan werk. Die werklike stamskool begin sodra die seun, of ander manlike familielid van die hoofman, puberteit bereik. Wanneer die kandidate dan voel dat dit tyd is vir die plegtigheid, begin hulle om die aandag op hulle te vestig deur onsindelike, onwelvoeglike gedrag en selfs om vroue lastig te val sonder om enige strafmaatreëls te vrees. Hierdie periode is gedurende die wintermaande.

'n Afgesonderde omheining word vir hulle opgerig waar die kandidate vir die duur van die kursus in privaatheid geherberg word. In die middel word 'n vuurherd opgerig en 'n nuwe vuur word vir die doel aangesteek deur middel van wrywing met twee vuurstokkies. Die toesighouer is 'n raadslid of 'n verwant van die hoofman, wat bygestaan

word deur helpers wat die vorige stamskool bygewoon het.

Monnig (15, p. 116) toon verder dat met die aanvang van die verrigtinge die aand, die mans en vroue geskei word en skyngevegte vind dan onder die mans plaas. Vroeg die volgende oggend word die kandidate met kaalgeskeerde koppe hardhandig na die omheining gejaag. Wanneer die omheining binne gegaan word, word hulle weer ongenadiglik geslaan terwyl hul net in deurtrekkers geklee is. Die deurtrekkers word nou afgeruk en die besnydenisseremonie vind plaas. Na dié operasie moet die inisiante tot by hulle nekke in die koue water staan waarna hulle met prysliedere deur die helpers uit die water geroep word. Die wonde is eers nie behandel nie en moes self genees, maar ná 1936, met die uitbreek van kwaadaardige tropiese gewasse, het dit gebruiklik geword om antibiotiese salwe en penisillien te gebruik om die wonde mee te ontsmet.

ŉ Paar dae ná die besnydenis, wanneer die wonde besig is om te genees, word daar met die plegtigheid begin. Ten eerste word die liggaam wit geskilder met klei en ŉ geheime taal word aangeleer. Hulle word onbarmhartig geslaan en gehardheidstoetse is nou aan die orde van die dag. Hulle mag nie op jagtogte water drink nie, en moet gloeiende kole in hul hande vashou. Hiermee saam word hulle geleer wat van die volwasse verwag word. Hulle word oor die volgende sake ingelig naamlik: volkstradisies, gedragsreëls, seksuele sake en seremoniele liedere.

Met die aanbreek van die laaste dag vertrek die inisiante vroeg na die rivier om die wit klei af te was en die afsonderingsplek word agter hulle afgebrand. Hulle hare word afgeskeer en die liggame word met vet ingesmeer. Hulle ontvang nuwe klere asook ŉ nuwe naam om. so as ŉ

volwassene na die stat terug te keer.

### 3.3.3.2. Die meisies

Die seremonie vind plaas net na afloop van die skool vir seuns. Almal wat die puberteitstadium bereik het of in dieselfde ouderdomsgroep val, maak dié plegtigheid mee.

Hoewel die meisies ook in afsondering verkeer, bly hulle in die stat en gaan net bedags uit in die veld na 'n afsonderingsplek om onderrig te ontvang. Geen mans word hier naby toegelaat nie, en indien een dit sou waag, word hy ongenadiglik deur die vroue toegetakel.

Die liggame word met wit klei besmeer en hulle drag word van biesies, riete en pampoenpitte vervaardig. By die onderrig speel seks die belangrikste rol, asook die gedrag teenoor mans. By sommige stamme vind hier ook besnydenis plaas deurdat 'n klein snytjie bokant die skaamdele aangebring word. Hammond-Tooke (10, p. 119) toon interessantheidshalwe aan dat by sommige stamme aan die dogters vertel word dat hulle 'n operasie moet ondergaan. 'n Mes word nou voor hulle geslyp, en dan word hulle een-een agter 'n skerm ingeroep. Hier word die dogter platgedruk en met 'n kombers toegegooi. Terwyl sy angsbevange lê, word die mes tussen haar bene geplaas sonder om haar te beseer. Wanneer die koue staal gevoel word, gil hulle angsbevange, wat die ander verder ontsenu. Een van die helpers doop haar hande in 'n vloeistof van rooi bessies, en kom so te voorskyn om die volgende inisiant te roep. Hierdie seremonie het 'n skok-effek op die jong dogters.

Dit is verder nodig dat die inisiante gedurig deur manipulasie die labia minora uitrek, en hulle word gedwing om vir lang tye tot by hul nekke in koue water te sit. Aan die einde van die plegtigheid word die inisiante se hare afgeskeer en ontvang elk 'n sagte leervelletjie wat hulle om hul agterlyf dra. Hulle mag slegs voetjie-vir-voetjie met die een hand op die skouer rondstap en mag onder geen omstandigheid met mans gesels nie. As alles verby is, word die plegtigheid met 'n fees afgesluit en die kandidate is nou gereed om die taak van die vrou en moeder in die gemeenskap in te neem.

### 3.3.4. Die Venda

By die Venda ondergaan seuns sowel as dogters dié seremonie, wat gekenmerk word deur treffende simbolisme.

#### 3.3.4.1. Die seuns

Inisiasie vind by die Venda voortdurend plaas. Aanvanklik is die besnydenis nie beoefen nie, maar dié gebruik het in latere jare bygekom.

'n Afsonderingsplek word buite die stat ingerig deur 'n uitgrawing aan die kant van 'n heuwel te maak met 'n hoë ringmuur daarom. Aan die binnekant word 'n rondawel opgerig. Die oprigting van die afsonderingsplek gaan gepaard met seremonies deur die toordokter om alles te beveilig. 'n Nuwe vuur word nou met stokkies aangesteek en die seremonies neem nou 'n aanvang.

Die seuns ontvang onderrig aangaande stamtradisies en wette en ondergaan ook 'n gehardheidstoets, leer om matte te vleg en om gebruiksartikels te vervaardig. Die inisiante woon saans die skool by en is bedags nie van die samelewing afgesonder nie. Die proses duur 'n week, en hiertydens versamel die inisiante vuurmaakhout en sorg dat daar genoeg bokke en hoenders is wat deur die instrukteurs verorber word, terwyl hulle soggens in koue water moet sit. Hierna ontvang hulle seksonderrig en kennis aangaande gedragsreëls en mag hulle nou met jongvroue gesels. Hulle is egter nog nie volwasse mans nie, want daar moet nog 'n gesamentlike seremonie plaasvind, maar hulle word as jongmans beskou.

#### 3.3.4.2. Die Meisies

Sodra 'n dogter haar eerste maandstonde ondervind, ondergaan sy en haar groep 'n seremonie wat ongeveer 'n week duur. Die kandidate vergader by die stat van die hoofman waar 'n spesiale afsonderingshut opgerig word. Soggens word die kandidate na die water geneem waar hulle rondom 'n vuur moet slaap en ontvang onderrig aangaande seksaangeleenthede en stamtradisies. Sodra die seremonies by die rivier ten einde loop, vertrek die inisiante teen sononder na die stat waar die aandseremonie plaasvind.

Die kandidate vergader nakend in die afsonderingshuis waar hulle moet toekyk hoe die leidsters afmattende danse uitvoer. Daarna moet die kandidate twee-twee die danse naboots wat tot laat in die nag aanhou om hul uithouvermoë op die dansbaan te beproef.

Op die laaste oggend word die inisiante na die rivier geneem waar hulle hul deeglik moet was en met vet ingesmeer word. Hul koppe word geskeer sodat net die haarkroon agterbly en hulle word verder met rooi klei besmeer. Hierna vertrek hulle huis toe waar hulle klere en ornamente ontvang en hulle staan nou bekend as 'hubare dogters'.

### 3.3.4.3. Gesamentlike seremonies

Die Venda is die enigste groep wat hierdie seremonie beoefen. Wanneer die seuns en dogters hul inlywingsplegtighede voltooi het, vind dié sosiale feesaangeleentheid plaas waar die twee groepe byeen gebring word, om so hul huweliksmaats uit te kies. Dit is 'n publieke aangeleentheid wat deur almal bygewoon mag word en die ouers van die inisiate moet die voedsel en bier verskaf.

Die sentrale tema is die luislangdans en word verder ook ingelei in die geheime van die huwelikslewe en alledaagse aangeleenthede. Die simboliek speel ook hier 'n belangrike rol en dié voorwerpe word aan die inisiante getoon om spesiale sedelesse te beklemtoon. Die voorwerpe word in die huis van die hoofman bewaar om die magiese krag daarvan aan te toon.

Die laaste voorstelling is 'n treffende hoogtepunt, waar 'n onbedekte metode van seksonderrig plaasvind ten aanskoue van die hele skare. Die man word daarna geloof vir sy manlikheid, terwyl die vrou 'n bok vir haar diens ontvang. Na afloop hiervan word die inisiante se sitvlakke met brandboontjies ingevryf, waarna hulle na die rivier hardloop om dit af te was. Die jong mans se hare word geskeer en vir hulle is die plegtigheid verby. Dan word hulle as volwassenes

deur die stam aanvaar.

Die dogters word ook geskeer en weer met rooi klei besmeer, waarna daar ondersoek ingestel word na hul maagdelikheid. Deurstaan hulle die toets, word hulle geklee in 'n bokvel en word hulle na hul huise geabba. Hier ontvang hulle nuwe klere en ornamente. Dié wat egter faal, word bespuug en bespot, en 'n ketting van ysterarmbande word om die meisie se hoof gedraai en 'n skaapvel word om haar gehang, om so haar skande aan almal te openbaar.

Die jong vroue word vir nog 'n week afgesonder en in dié tyd op die beste voedsel getrakteer. Hulle word dan ook vrygespreek van enige werksverpligtinge. Hierna is die meisie gereed om die pligte van die huwelikslewe te aanvaar en is sy nou 'n volwaardige vrou in die oë van die gemeenskap.

### 3.3.5. Die Zoeloe

Die swart inwoners van Natal en Zoeloeland was in honderde klein afsonderlike stamme verdeel, elk met sy eie naam. Volgens Seligman (17, pp. 172-173) is met die heerskappy van Shaka in die vroeë 19de eeu die naam "Zoeloe" aangeneem, en die groep het dan tot een van die belangrikste volksgroepe in die geskiedenis van Suid-Afrika gegroei.

Bryant (2, p. 665) toon aan dat gedurende die regeringstyd van Shaka, hy inisiasie onder die 'nuwe' Zoeloe-volk laat verval het, deurdat hy beweer het dat dié tyd nuttiger gebruik kan word met die opleiding van sy magtige Impis.

Krige (12, PP. 81-106) wys daarop dat die vroeë ontwikkelingsgang van kindsbeen tot volwassene egter nie 'n geleidelike verandering was nie. Dit het bestaan uit 'n reeks duidelik merkbare stappe wat met verhoogde status en groter verantwoordelikheid gepaard gegaan het. Ook het die meeste van dié tradisionele seremonies verval as gevolg van die invloed van die kerk en die skool op die hedendaagse gemeenskap.

3.3.5.1. Die Seuns

Die Zoeloe-kind moes net voor puberteit gate in die ore laat maak, wat 'n aanduiding van verhoogde status was en met 'n fees gevier is. Dit was dan die eerste stap van kind na volwassene. Die volgende gebeurtenis in die lewe van die jongman was met die bereiking van puberteit. Die seun staan vroeg dié oggend op en jaag al die beeste uit die kraal na 'n geheime plek langs die rivier. Hier pas hy die diere op en bad net voor sonop in die rivier. Die bewoners van die kraal sal, as hul merk dat 'n seun en die beeste verdwyn het, besef dat iets gebeur het. Al die seuns van die omgewing wat nog nie in 'n 'regiment' opgeneem is nie, moet nou die beeste gaan soek. Wanneer hy gevind word, word 'n assagaai van sy vader aan hom oorhandig, as teken dat sy vader hom as 'n man aanvaar.

Hierna het nog 'n seremonie gevolg waar die seun vir 'n sekere periode in 'n hut geïsoleer word en deur lede van sy portuurgroep bedien word. Aan die einde van dié periode word hy dan na die rivier geneem waar hy die water moes induik om wedergebore te word. 'n Nuwe naam is dan ook aan hom gegee. Hy word nou as 'n man aanvaar, maar mag nog nie in die huwelik tree alvorens hy in 'n regiment opgeneem en die kopring vasgewerk is nie.

Hierdie gebruike het egter nou in onbruik geraak deur die kontak met die Westerse beskawing en die invloed van die kerk en die skool. Sekere van dié gebruike en seremonies word egter nog in die omgewing van Muden beoefen.

3.3.5.2. Die Meisies

Die seremonies van die dogters volg 'n soortgelyke patroon as dié van die seuns. Met puberteit het die dogter gaan wegkruip en haar maats het dan aan die moeder gaan rapporteer dat sy weg is. Die moeder sal dan die vader in kennis stel. Hy sal op sy beurt die jong seuns aansê om latte te kap vir 'n afskorting in die hut van die moeder waar sy dan onderrig word deur die moeder. Vandag word 'n gordyn vir die doel gebruik.

Hier het die dogter dan vir 'n periode van 'n week tot solank as drie maande gebly totdat die vader besluit het dat sy oor genoegsame kennis beskik. Die geleentheid word nou met 'n bier-fees afgesluit. Die volgende stap ná puberteit is die 'ukwomula', waar die dogter dan as hubaar aan die gemeenskap voorgestel word. Die vader sal nou 'n bok of 'n bees slag waardeur hy te kenne gee dat sy na 'n geskikte lewensmaat kan uitkyk.

Die meeste van die gebruike het egter in die stede en dorpe verval as gevolg van die verwestering, maar in afgeleë streke van Zoeloeland word daar nog aandag aan sekere seremonies en gebruike van weleer gegee.

## 3.4. Ontstaan van 'n Onderwysstelsel

Geen onderwysstelsel ontstaan oornag in 'n gemeenskap, volk of land nie, maar ontwikkel geleidelik.

In enige skolestelsel wat die kern van 'n onderwysstelsel is, word die opvoeding van die jeug georganiseer en Stone (18,p. 105) stel dit dat:

> ..... die ouers nie langer by magte is om so 'n gespesialiseerde onderwystaak te behartig nie.

Vos (22, p. 35) wys verder daarop dat die vraag na meer en meer gevorderde onderwys vir swart bevolkings nou die gevolg gehad het dat sendingskole die bakermat vir swart onderwysstelsels was. Die onderwysstelsel het ontstaan deurdat 'n reeks sendingskole wat onder beheer van verskeie sendingorganisasies was, onder een volk gesorg het vir die beplanning, toesighouding en administrasie van die onderwys. 'Village schools' ver weg van die kwartiere van die sendinggenootskap, het nou 'n belangrike onderdeel van die onderwysstelsel geword, 'n voorloper van die Westerse stelsel.

Duminy (5, p. 45) wys ook daarop dat die vooruitgang van die swartman gesien word as 'n gevolg van die strewe na die gesag en prestige van die persoon wat agter 'n lessenaar sit, die sogenaamde 'white collar worker', en deurdat hy neersien op die soort onderwys wat tot beroepe lei waar met die hande gewerk word.

Sir George Grey het in 1850 opdrag aan alle sendinggenootskappe in die Ciskei (20, p. 37) gegee om soveel skole as moontlik te stig. Die verantwoordelikheid en beheer oor swart onderwys is as baie belangrik beskou en spesiale leerplanne vir swart onderwys is dan reeds in 1886 in Natal opgestel, in die Transvaal in 1904 in die Kaapprovinsie in 1921 en in die Oranje-Vrystaat in 1924.

### 3.4.1 Onderwysstelsel in KwaZulu

Geografies gesien, is KwaZulu vandag die derde grootste tuisland in Suid-Afrika en beslaan 35% van die grondgebied van Natal. In die jaarverslag van die Departement van Onderwys en Opleiding (4, pp. 225-231) word aangetoon dat die Zoeloes vandag die grootste volkseenheid in Suid-Afrika is. Volgens die Bevolkingsensus van 1980 (Verslag 028-80-01) is daar 5 682 520 Zoeloes in die Republiek van Suid-Afrika woonagtig, waarvan 1 747 060 stedelik en 3 935 460 nie-stedelik is. In die tuisland KwaZulu self tref ons 3 935 460 aan wat 69% van die totale bevolking is.

Volgens Vos (22,p.285) maak die onderwysstelsel van KwaZulu voorsiening vir binne- en buitemuurse bedrywighede soos koorsang, kunsverenigings, jeugbewegings en ŉ verskeidenheid sportsoorte. Dit word egter nie ten volle benut nie, weens die tekort aan opgeleide personeel.

Volgens die statistieke aangegee in Educamus, was daar in 1973 514 170 leerlinge met 8 558 onderwysers, in vergelyking met 848 781 leerlinge (7, pp. 20 - 21) en 15 402 onderwysers (6, pp. 20 - 21) in 1980. Dit toon 'n groei van 65% in die leerlingtal en 80% in die getal onderwysers oor die afgelope sewe jaar, waar die persentasie vermeerdering die groei t.o.v. die oorspronklike getal verteenwoordig.

Leerlingtalle aan instansies waar onderrig gegee is, word deur Educamus (9, pp. 20-21) soos volg verstrek:

| Inrigting | 1973 | 1980 | % Toename |
|---|---|---|---|
| Primêre Skole: Laer/Höer | 1 401 | 2 051 | 46,4 % |
| Sekondêre Skole: Jnr./Snr. | 89 | 90 | 1,12% |
| Tegniese Sekondêre Afdelings | 2 | 2 | 0 % |
| Onderwysersopleidingkolleges | 4 | 5 | 25 % |
| Onderwysersopleidingafdeling | 1 | 3 | 200 % |
| Vakopleidingskole | 7 | 7 | 0 % |
| Spesiale skole | 2 | 2 | 0 % |
| Technikon-Afdelings | - | 1 | 100 % |

Met die kontak tussen die Zoeloe-kultuur en die Westerse kultuur oor die afgelope ongeveer 160 jaar was daar onvermydelik 'n proses van kultuur-beïnvloeding. Tesame hiermee vind ons dat 'n aflegging van die tradisionele leerwyse en gebruike en verbreking van ou tradisionele stam- en familieverbande plaasgevind het. Vos (22, pp. 188-189) wys verder daarop dat die Zoeloe-volk hom nou in 'n posisie bevind waar hy nòg volkome tradisioneel nòg volkome Westers is.

## 3.5. Geskiedkundige oorsig van Swart Onderwys in die Republiek van Suid-Afrika

### 3.5.1. Kaapprovinsie

Volgens die Welsh-verslag (19, pp. 9-12) is die eerste skool vir die swart bevolking van Suid-Afrika in die Kaapkolonie in 1799 deur dr. J.T. Vanderkemp van die Londonse Sendinggenootskap naby King William's Town geopen.

Vanaf 1816 het die Wesleyaanse Kerk 'n reeks sendingstasies op die Oosgrens geopen, by die teenswoordige Grahamstad, Salem, Fort Beaufort, Peddie en Queenstown, waar ook skole vir die swart bevolking voorsien is. Vanaf 1831 het die Wesleyaanse Kerk, die Kerk van Engeland en die Genootskap van Glasgow die leiding geneem en tot 1936 het hulle oor meer as 90% van die gesubsidieerde skole beheer uitgeoefen.

Met die aanstelling van die eerste Superintendent-Generaal van Onderwys in die Kaap, mnr. J.R. Innes, het die skole onder die Departement van Onderwys se toesig gekom. Gedurende 1841 is daar ingevolge hersiene regulasies staatsteun aan sendingskole toegestaan. Dit het die skole vinniger laat ontwikkel.

Welsh (19, pp. 12-15) wys daarop dat vanaf 1841 tot 1890 die blanke- en kleurlingkinders in dieselfde klaskamers gesit en dat die 10 184 blanke kinders in die tyd ongeveer 1/3 van die totale inskrywings aan die sendingskole uitgemaak het.

Dr. Muir het in 1893 die 'armeskole' voorgestel vir die blanke behoeftige kinders, sodat die sendingskole dan uitsluitlik vir die swartman voorsiening gemaak het.

Vanaf Januarie 1864, op aanbeveling van dr. Dale, is die beginsel offisieel aanvaar om 'inboorlingskole' en 'inrigtings' onder die beheer van die SGO en die Onderwysdepartement te plaas. Die Onderwyswet, no. 13 van 1865, het die aansluiting van die skole erken en dié het bekend gestaan as 'gesubsidieerde sendingskole van Klas C'. Met die aanstelling van dr. Thomas Muir as die SGO vanaf 1892 het daar 'n sneller ontwikkeling in die era van swart-onderwys aangebreek.

Vanaf 1864 tot en met 1920 is daar in die Kaapkolonie geen poging aangewend om onderskeid te maak tussen kursusse in die onderwys vir blank, swart of Kleurling nie. Daar is veronderstel dat dieselfde elementêre kursusse vir al die bevolkingsgroepe aangebied moet word. Op aanbeveling van die Kaapse Kommissie insake Swart Onderwys van 1919 word daar eers in 1922 verskillende primêre skoolkursusse ingestel en tref ons hier die eerste spore van 'n afdeling van liggaamlike opvoeding in die leerplanne aan deurdat die vak Gesondheidsleer as 'n verpligte vak ingestel word.

3.5.1.1. Gevorderde Onderwys

Die eerste Suid-Afrikaanse swart universiteit is in Februarie 1916 te Fort Hare geopen. Dit was eers bedoel as 'n kollege vir die opleiding van swart onderwysers en het later universitêre status ontvang. Teen 1936 was daar ook meer as 50 studente van die kollege wat deur middel van UNISA baccalaureus grade ontvang het.

Teen die einde van 1949 word swart studente ook toegelaat tot kursusse by die onafhanklike universiteite van Kaapstad, Witwatersrand en Natal. Rhodes laat swart studente toe tot gevorderde kursusse van nagraadse studente wat nie aan Fort Hare gedoseer word nie. (20, p.72).

Tans is daar vyf volwaardige swart universiteite in die Republiek van Suid-Afrika. Naas Fort Hare is daar die Universiteit van die Noorde digby Pietersburg en die Universiteit van Zoeloeland in Natal, Medunsa digby Pretoria (slegs mediese Opleiding) en Vista.* Studentegetalle aan die universiteite is soos volg:

| | | Mans | Dames | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| i) | Fort Hare | 1 697 | 888 | 2 585 |
| ii) | Universiteit van die Noorde | 1 462 | 712 | 2 174 |
| iii) | Zoeloeland | 970 | 435 | 1 405 |
| iv) | Medunsa | 116 | 84 | 200 |
| v) | Vista | 472 | 316 | 788 |

Die Universiteit van die Noorde is huidig die enigste swart universiteit wat ŉ graadkursus in Liggaamlike Opvoeding vir swartes aanbied en die Universiteit het ook pas met nagraadse studente in die vakgebied begin onder leiding van dr. Nico Coetzee. Fort Hare het nog nie ŉ begin gemaak nie, maar die noodsaaklikheid van die vak word besef, aangesien Liggaamlike Opvoeding ŉ verpligte skoolvak is. Aan die Universiteit van Zoeloeland word tans net ŉ kursus in Sportadministrasie en -afrigting aangebied vir diplomastudente maar ŉ graadkursus in dié vak word in die vooruitsig gestel.

*Gedurende 1981 is Vista gestig om aan die swart inwoners in stedelike gebiede universitêre opleiding te verskaf met kampusse te Bloemfontein, Port Elizabeth, Pretoria en Soweto.

3.5.2. Natal

Swart Onderwys in Natal begin in die jaar 1835 onder die leiding van die eerste sendeling, Kaptein Allan Gardiner, 'n voorbeeld wat dan ook spoedig deur ander sendelinge gevolg word. Gedurende 1853 doen 'n Kommissie van Onderwys in dié verband verslag, en dring daarop aan dat alle swart seuns op plase by blanke boere en handelaars ingeskryf moet word as 'leerjongens'. Op alle dorpe moet swart kinders tussen die ouderdom van 7 en 12 jaar vir drie jaar verpligte skoolbesoek ondergaan. Die 'Onderwijs Ordonnansie' van 1856 gaan ook verder deur te bepaal dat al dié skole in die volgende vakke onderrig moet gee, naamlik

i) Godsdiensonderwys; en
ii) Nywerheidsopleiding;
en die medium van onderwys Engels moet wees.

Geen melding van enige faset van liggaamlike opvoeding word egter in hierdie stadium nog aangetref nie.

'n Gekose komitee insake Onderwys van 1858 het 'n uitgebreide stelsel van die Engelse Onderwys vir die swart kind aanbeveel wat nie baie gewild was nie. Met die Verslag van die Naturelle-Kommissie van 1881 tot 1882 tref ons die eerste spore van liggaamlike opvoeding aan, waar die Kommissie melding maak daarvan dat

> ..... aktiewe spel van die een of ander aard, baie gewild is onder die Naturelleseuns.

Vanaf 1885 word mnr. F.B. Fynney as inspekteur van swart onderwys in

Natal deur die goewerneur benoem.

Vanaf 1885 word daar ook begin om die beleid van inspeksie, organisasie en beheer van swart Onderwys onder afsonderlike amptenare te plaas. Daar word ook bepaal dat daar geen bemoeiing met die swartman se reg, gewoontes en gebruike sou wees nie, mits dit nie strydig is met die algemene beginsels van menslikheid wat deur die beskaafde wêreld erken word nie. Welsh (19, pp. 1-23) noem ook verder dat die eerste departementele leerplanne vir swart skole waarskynlik in 1886 die lig gesien het en dat dié skole ook vanaf 1893 gekategoriseer word ooreenkomstig die gemiddelde bywoning.

Met die verantwoordelike owerheid wat Natal in 1892 verkry het, vind ons dat daar ingrypende veranderings in die onderwys vir die swartman ingetree het. Die belangrikste gevolg was die afskaffing van die Onderwysraad en dat swart onderwys nou as 'n onderafdeling van die Superintendent van Onderwys beskou is. Hierdie stelsel bly tot en met 1910 in werking.

Eiselen (20, pp. 24-25) toon in sy verslag aan dat met die snelle aanwas van Sending- (en Separatistiese) kerke daar 'n skerp denominasionale wedywer ontstaan het om terreine vir kerke en skole in besit te kry. Dit het daartoe gelei dat daar in 1905 'n bepaling ingestel is waarvolgens geen nuwe skool binne 'n straal van drie 'myl' van 'n bestaande skool opgerig mag word nie. In 1934 het die Parlementêre Gekose Komitee oor Naturelle-sake besluit dat geen aansoeke om kerk- of skoolterreine binne vyf 'myl' van 'n bestaande terrein oorweeg sou word nie, behalwe in heel buitengewone gevalle. Hierdie beperking sou ook op die hele land van toepassing wees,

behalwe in stedelike gebiede of streke waar nuwe dorpstigtings aangelê sou word.

Die inisiatief met die oprigting van verskillende soorte skole ná 1934 het uitsluitlik by kerklike liggame berus, wat ook aanleiding gegee het tot wedywering in sekere gebiede. Ofskoon die Provinsiale Onderwysdepartemente hul eie skole begin het, meld Eiselen (20, p. 46) dat die getal provinsiale skole betreklik klein was in vergelyking met die groot getal skole wat jaar na jaar deur die kerklike liggame in die lewe geroep is. 'n Groot getal van hierdie skole wat nou as staatskole geklassifiseer is, is in werklikheid deur kerklike liggame of swart gemeenskappe opgerig.

In die Natalse leerplan vir swart kinders van 1949, toon Eiselen (20, p.87), kom liggaamlike opvoeding nou wel in die primêre skoolleerplanne voor deurdat "'n mate van liggaamsopvoeding" voorgeskryf word. Onderwysers aan opleidingskolleges kry vandag 'n basiese opleiding in liggaamlike opvoeding, maar dié opleiding skiet ver tekort om aan die behoeftes te voorsien van die opgroeiende kind, soos duidelik blyk uit die ingesamelde gegewens in Hoofstuk 5 uiteengesit.

### 3.5.3. Transvaal

Die eerste onderwyswerk in dié provinsie van blywende aard word in 1842 deur die Londense Sendinggenootskap by Mabtsa begin, toe Livingstone en Edwards hier 'n sendingstasie geopen het. Die houding van die Volksraad en burgers teenoor sendingwerk was oor die algemeen dat hulle volle beheer oor sodanige werksaamhede binne hul grense wou hê. Pres. Paul Kruger het persoonlik in die sendingwerk belang

gestel en het ook 'n deel van sy plaas vir die oprigting van die Hermannsburgse Sendingstasie by Phokeng daarvoor geskenk.

Ander sendinggenootskappe het op verskillende stadiums in Transvaal begin werk. Die verkryging van grond vir die oprigting van sendingstasies was moeilik, maar die vraagstuk is opgelos deur òf die aankoop van plase, om sodoende die swartman te help om grond te verkry waarvan die sendinggenootskap die eiendomsreg behou het, òf deur skenkings van stamhoofde in reservate.

Die skole wat hier ontstaan het, het hulle verder beywer as om net lees en skryf aan die studente oor te dra, en besliste pogings is aangewend tot maatskaplike hervorming. Die studiekursusse het ook landbou- en nywerheidsopleiding ingesluit, asook praktiese werk wat op die behoeftes van die gemeenskap gebaseer was. So het verskillende sentrums onderrig in timmermanswerk, smidswerk, landbou en ander bedrywe aangebied, wat van waarde was vir die huishouding en die gemeenskap. Gedurende hierdie tyd was swartonderwys uitsluitlik op die sendingondernemings aangewys, wat sonder enige finansiële steun van die staat moes fungeer.

### 3.5.3.1. Die Kroonkolonie-periode

Na die Anglo-Boere-oorlog het swart-onderwys die onmiddellike verantwoordelikheid van die Regering geword, en gevolglik het die eerste Onderwysordonnansie van 1903 voorsiening vir swart en kleurlingkinders gemaak.

Daar is begin met ŉ opname van die werk wat in verband met "naturelle-onderwys" gedoen is en uit die opgawes van 31 Desember 1903 blyk dit dat daar reeds 201 sendingskole was, met 12 660 leerlinge en 289 onderwysers, waarvan 41 blankes was. Hierna het die Regering ŉ "skema" vir swart-onderwys daargestel wat voorsiening sou maak vir hulptoelaes aan goedgekeurde sendinggenootskappe, waarmee die volgende beoog is, soos in die Welsh-Verslag (19, p.25) aangegee word:

i) Om in die gewone sendingskool onderrig te gee in die beginsels van praat, lees en skrywe van die Engelse taal, in eenvoudige rekenkunde, en in ander elementêre vakke tot op ŉ trap wat met st. 3 gelyk sou staan.

ii) Om vir beide geslagte die verbinding van opleiding in handwerkvakke met gewone skoolonderrig aan te moedig; en

iii) Om behulpsaam te wees by die opleiding van swart onderwysers ooreenkomstig ŉ leerplan wat deur die Departement uitgestuur is.

Die skema het verder voorsiening gemaak vir die oprigting van nywerheidskole, maar in 1904 is dit herroep omdat daar gevind is dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie. Gevolglik is die saak vir ŉ

onbepaalde tyd uitgestel. In ŉ Goewermentskennisgewing van 1 Desember 1905 vind ons die eerste aanduiding van liggaamlike opvoeding in die geskiedenis van swart skole van die Transvaal, naamlik in die leerplan wat vir die opleiding van swart onderwysers gepubliseer is. Die toelatingsvereiste vir ŉ onderwyser was ŉ st. 3-sertifikaat en die duur van so ŉ kurses was drie jaar. Die leerplan het die volgende vakke ingesluit, soos deur die Welsh-Verslag (19, p.26) aangetoon word:

> Engels, Lees, Diktee, Skrywe, Opstel, Rekenkunde; Hoofrekene, Aardrykskunde, Engelse grammatika, Swartborddemonstrasie, Liggaamsoefeninge, Sang en Praktiese musiek.

3.5.4. Oranje-Vrystaat

In dié provinsie, net soos in die res van Suidelike Afrika, volg die geskiedenis van swart onderwys feitlik dieselfde patroon as dié van die sendinggenootskappe. In die jaar 1823 stig Landdros Andries Stockenström en ds. Abraham Faure ŉ sendingstasie by die huidige Philippolis om die rondtrekkende Boesmans en Korannas te bedien. Hierdie stap word deur andere gevolg, en in 1829 stuur die Evangeliese Sending van Parys sendelinge na Suid-Afrika. Dit het daartoe aanleiding gegee dat Arbonsset die stasie Marija in Lesotho in 1833 open, asook Lemen aan die oewers van die Caledonrivier. Pellisier van die Londense Sendinggenootskap begin die werk by die huidige Bethulie.

Twintig jaar ná die stigting van die eerste skool deur Stokenström en Faure is daar ŉ hele reeks sendingstasies met skole gestig, om

die swart gemeenskap te bedien. In bykans al die gevalle word die grond vir die skole as 'n vry skenking verkry deur die hoof wie se onderdane dié skool moes bedien. Elke hoofsendingstasie het 'n reeks buiteposte bedien, en 'n soort skool is by elke stasie gestig.

Die jong Republiek wat ná jare van stryd op 22 Maart 1854 tot stand gekom het, het nie die tyd of geld gehad om aandag aan die onderwys van die blanke of die swartman te wy nie. Dit het die taak van die sendeling gebly van wie se oordeel die aard van die onderrig afhanklik was. Heelwat tyd is ook in beslag geneem deur die kategismus, gesange en tekste, wat van buite geleer moes word.

Ten spyte van die politieke en finansiële las waaronder die jong Republiek gebuk moes gaan, het die Volksraad die belangrikheid van 'n gesonde onderwysstelsel erken, soos weerspieël word in die onderwyswette van 1863 en 1872. Dit had egter net betrekking op die voorsiening vir blanke kinders, en die swartkind is buite rekening gelaat. Gedurende 1872 word voorsiening vir die pos van inspekteur van skole wat in 1874 deur ds. John Brebner gevul word , gemaak.

Swart onderwys ontvang eers vanaf 1878 werklike aandag, toe 'n besluit deur die Volksraad geneem is om 'n jaarlikse toelae vir die onderhoud van swart skole te Witsieshoek te maak. Vanaf 1889 word ook toelaes aan skole by Bethanie en Thaba Nchu gemaak.

Uit inspeksieverslae blyk dat Brebner sy taak as inspekteur ernstig ter harte geneem het en ook gereelde besoeke gebring aan die bestaande swartskole wat finansiële steun uit openbare fondse van die Republiek ontvang het. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 word alle onderwyswerk onder die swartmense stopgesit.

Ná die Vrede van Vereeniging het die sendelinge saam met die res van die volk begin om die skade wat deur die oorlog veroorsaak is, te herstel. Kerke en skole is herbou en verspreide gemeentes is weer geleidelik byeengebring. E.B. Sargant is in 1900 as Direkteur van Onderwys benoem en het die belangrikheid van onderwys vir sowel blank as swart nooit uit die oog verloor nie. Sedert 1903 het hy ook geld vir swart onderwys uit die openbare skatkis vir dié doel beskikbaar gestel.

Ná die oorlog het die Kroonkolonie-regering alle reg aan skole ontneem en 'n Reservaatraad het die skole in stand gehou. Geboue van hout en sink is as tydelike skole opgerig en onderwysers is sonder raadpleging aangestel. Daar is ook bewyse dat begunstiging by die aanstelling van onderwysers 'n groot rol gespeel het, en volgens Welsh was dit 'n terugslag in die beginjare van die nuwe fase in die onderwys. Nadat die tydelike geboue opgerig is, was die Raad genoodsaak om van verdere verbeteringe af te sien. Die Raad moes naamlik die geld wat gestem was vir onderwys, gebruik om salarisse mee te betaal en so is daar geen aandag meer aan die oprigting van geboue gegee nie, en bitter min skooltoerusting is verskaf. Aangesien so 'n geringe bedrag in 1904 gestem is, was dit ook nie moontlik om die Regering se werksaamhede uit te brei tot toesig oor en inspeksie by swart-skole nie, sodat daar dientenvolge baie onreëlmatighede plaasgevind het.

Mnr. Hugh Dunn, Direkteur van Onderwys, pleit in 1904 dat meer aktiewe werk in die verband gedoen word, maar sy pleidooie val op dowe ore, soos ook dié van dr. W.G. Viljoen in 1910. Veertien jaar het verbygegaan en eers in 1924 is aan die verwagtings voldoen.

Die Organiserende Inspekteur van swart onderwys wat op 1 April 1924 diens aanvaar het, het die toestande as chaoties beskryf. En die eerste jaarverslag van 31 Desember 1924 word verklaar dat "daar feitlik net soveel leerplanne as skole is" en dat, hoewel die onderwysers wel die kodes van onderwys volg, hulle alles weglaat wat ongerieflik is. (19, p. 33).

Vanaf 1928 word lenings aan munisipaliteite toegestaan vir die bou van skole, maar weens geldgebrek kon geen meubels en uitrusting aan die primêre skole verskaf word nie. Sover moontlik is sekondêre skole, hoër primêre klasse en opleidingsinrigtings met slegs die noodsaaklikste toegerus. Van liggaamlike opvoeding was daar in hierdie tyd egter weinig sprake en geen aandag word aan die opvoeding van die liggaam as sodanig gewei nie.

Sedert 1929 het die Vrystaat sy eie leerplan opgestel vir 'n opleidingskursus en vanaf 1930 begin om onderwysers-eksamens af te neem. Aangesien die onderwysers meestal ongekwalifiseerd was, soos blyk uit die feit dat in 1924 altesaam 231 uit die 370 onderwysers geen professionele opleiding gehad het nie, was dit noodsaaklik dat hieraan dringende aandag gegee moes word. Om die toestand te verbeter en te verseker dat die vereistes van die leerplanne uitgevoer word, was die nodige toesig ook dringend noodsaaklik.

Op 1 Januarie 1934 word daar 'n mylpaal in die geskiedenis in swart onderwys in die Vrystaat bereik deurdat 'n regulasie uitgevaardig word wat voorsiening maak vir die toekenning van beurse aan studente by Stofberg en Modderpoort vir opleiding as onderwysers. Hierdie beurse het ook voorsiening gemaak vir die opleiding buite die grense van die Vrystaat. Tot op hierdie stadium word daar egter geen melding van liggaamlike opvoeding in swart skole of opleiding in die vak gemaak nie, soos blyk uit die Welsh-verslag (19,pp 29-37). Ook word daar in die Eiselen-verslag (20, p.87) gemeld dat daar in die leerplan vir die primêre skole van 1945 vir die eerste keer sprake van liggaamlike opvoeding was, deurdat dit as die mikpunt beskou is van alle onderwys en die einddoel van alle skole om die leerlinge te voorsien van 'n opleiding wat hulle in staat sou stel om hul regmatige plek in die samelewing in te neem wanneer hulle die skool verlaat. Die doel moes wees die ontwikkeling van seuns en dogters tot welopgevoede en karaktervolle manne en vroue wat die lewe in sy ware betekenis en regte perspektief sal leer ken. Die kind moet dus liggaamlik sowel as verstandelik en sedelik ontwikkel.

Met die insluiting van gesonheidsleer in die leerplan sien Eiselen (20, p. 93) die doel as volg:

i) Om alles moontlik te doen om die gesondheid van die indiwidu, die huis, die dorp en die nasie te beveilig;

ii) Om gesonde gewoontes aan te kweek in verband met persoonlike higiëne, klere, netheid, voedsel, slaap, ens.;

iii) Om leerlinge 'n elementêre kennis van praktiese noodhulp te laat opdoen sodat hulle erkende metodes sal toepas in die geval van ongevalle; en

iv) Om leerlinge, deur praktiese uitlewing, insig te gee hoe om hulle eie gesondheid en dié van ander te beskerm en te bevorder.

Hierdie leerplan poog om alle skole in staat te stel om soveel voordeel moontlik uit die vak te put. Voorsiening is ook gemaak om 'n praktiese kursus in te stel tot en met die agtste skooljaar. Dit kan beskou word as die eerste daadwerklike poging tot liggaamlike opvoeding by swart skole in die Vrystaat.

### 3.5.5 Die Unie

Met die totstandkoming van die Unie is swart onderwys onder beheer van die Provinsiale Rade geplaas, waartydens die ontdekking gedoen is dat die metodes wat deur onderwysers hier toegepas is, op niks anders neergekom het nie as "onderrig in die engste sin van die woord". (19, p. 27). Hierna is swart onderwys vir hersiening voor die Onderwysraad geplaas en is kragtens die Wet van 1907 verdere ontwikkeling van die skema van 1903 voorgestel. Liggaamlike opvoeding sou 'n belangrike deel van die leerplan uitmaak, naamlik "dat liggaamsoefening met inbegrip van sake soos persoonlike sindelikheid, bo en behalwe liggaamsontwikkeling, en die afweer en genesing van die siektes waaraan die Naturelle veral onderhewig is" soos deur Welsh (19, p.27) gestel.

Hoewel die Raad se voorstelle vir die Provinsiale Uitvoerende Komitee aanneemlik was, is daar nie onmiddellik op gehandel nie en is besluit om te wag totdat die Unie-regering sy beleid in die algemeen te kenne sou gee. Aangesien daar egter nie 'n beleidsaankondiging verskyn het nie, is die skema en die leerplan wat daarop gebaseer was, eers vanaf 1915 ingevoer. Gedurende hierdie periode is daar ook 'n ontwerpleerplan aan die verteenwoordigers van die vernaamste sendinggenootskappe voorgelê, wat ook die eerste keer was dat die pioniers geken is in sake rakende swart-onderwysers, waarmee hulle reeds soveel jare besig was.

In 1920 benoem die Departement drie spesiale inspekteurs vir swart skole, sodat hulle ook meer aandag geniet het. Gedurende 1935 benoem die Departement 'n Hoofinspekteur vir swart-onderwys, 'n pos wat die ander drie provinsies reeds in 1925 ingestel het.

Die jare 1923-24 kan ook tereg as die oorgangsjare bestempel word. Gedurende hierdie tyd is alle finansiële verantwoordelikheid vir verdere ontwikkeling en uitbreiding van die provinsie regstreeks aan die Unie toegewys, hoewel die administrasie nog onder die provinsie gebly het. In hierdie tydperk vind daar nou ook twee belangrike ontwikkelings in swart onderwys plaas, soos in die Welsh-Verslag (19, pp. 23-29) aangetoon:

i) Die Transvaalse Adviserende Raad vir swart onderwys is gestig; en

ii) Die primêre skool word uitgebrei na tot en met st. 5.

ŉ Derde mylpaal wat saam met laasgenoemde in dieselfde lig gestel kan word, is dat die eerste sekondêre skool vir swartes in 1929 by Rosettenville, Johannesburg, geopen word.

### 3.5.5.1 Gesondheidsleer

Vanaf 1948 word daar, volgens die Eiselen-Verslag (20, p. 87) daadwerklik na die liggaam omgesien. Die Transvaalse primêre leerplan bevat onder meer die volgende:

> Dis die doel van die laerskool om gewoontes van sedelike en liggaamlike reinheid by die kind aan te kweek sodat hy ŉ nuttige lid van ŉ vooruitstrewende gemeenskap kan word.

Eiselen (20, p. 93) meld verder dat die swart kinders deur middel van onderrig in die Transvaal in ŉ vak soos gesondheidsleer eerbied vir hul aangebore liggaamlike en verstandelike begaafdheid, sowel as dié van ander moet ontwikkel. Deur gesondheidsleer moet gesondheidsideale geskep word. Hierdeur moet gepoog word om gesonde en heilsame vorme van ontspanning aan die leerlinge te verskaf, wat hulle verder in hul volwasse lewens tot heil sal wees.

## 3.6. Sport en Vryetydsbesteding

Eiselen (20, p. 163) beklemtoon die belangrikheid van gesonde sport en ander vorme van vryetydsbesteding vir skoolkinders en beveel aan dat die Departement van swart onderwys sowel morele as geldelike steun aan jeugbewegings moet verleen; dat inspekteurs en onderwysers aangemoedig behoort te word om aktiwiteite vir vryetydsbesteding te organiseer; en dat 'n gesonde verhouding tussen die skoolgemeenskap en jeugbewegings tot stand gebring behoort te word.

Die sportbeleid van die Departement van Onderwys en Opleiding wat sedert 5 Oktober 1981 in alle streke geïmplementeer word, plaas die organisasie en beheer van alle skoolsporte op die skouers van die skoolhoof en sy personeel. Khabele (11, pp. 34-37) sê dat hoewel die begrip 'skoolsport' so oud as die begrip 'skool' self is, hy dit vreemd vind dat die organisasie en beheer van sport op skool aan die personeel van die skool toevertrou word en dat alle ander persone buite skoolverband uitgesluit word.

Ons vind dat daar nou vir die eerste keer in swart onderwys sprake is van "opvoeding deur sport", 'n begrip wat deur die jare nog nie genoegsaam benadruk is nie. Hierdie sportbeleid van die Departement verteenwoordig 'n positiewe her-evaluering en heroriëntering van sport in die swart skole.

## 3.7. Die huidige Onderwyssisteem

Die huidige opvoedkundige sisteem van die swart onderwys is die uitvloeisel van baie veranderinge aan verskeie eenvoudige

en ook ingewikkelde aspekte van die swartman se kultuur. Soos die gemeenskap geleidelik verander het, so kon die filosofie en die filosofie van die opvoedkunde nie aan die veranderinge ontsnap nie. Waar die kind vandag na die skool gestuur word, is dit met die doel dat hy soveel moontlik moet leer van wat die samelewing bied.

Die geskiedenis van die swart opvoedkunde, van die aanvang van die eerste sendingskooltjie tot die huidige omvattende sisteem onder swart Departemente van Onderwys en Kultuur, toon die fenomenale veranderinge in die kulturele en lewensomstandighede van die swartman.

As gevolg van die verskeie nuwe eise van volwassenheid het die Wet op swart onderwys vanaf 1954 skole onder beheer van ouertoesig met behulp van skoolrade en ouerkomitees geplaas. Hierdie nuwe behoeftes van die gemeenskap het nuwe vereistes meegebring wat in die huidige leerplanne weerspieël word maar nog nie oral toegepas word nie. Luthuli (13, pp. 66-67) wys daarop dat onderwys in die swart skole tans behoorlik gedifferensieer word deur die huidige (3 + 3) + (3 + 3) sisteem, wat meebring dat die kind nou drie jaar op elk van die volgende vlakke deurbring, naamlik: laer primêr, hoër primêr, junior sekondêr en senior sekondêr.

Van Loggerenberg (21, pp. 88 - 89) wys daarop dat die onderwyser 'n wyer taak as bloot onderrigwerk te vervul het, en dat 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing vir hom noodsaaklik is. Hy het ook 'n rol te vervul in verband met hervorming, rekonstruksie en herstel van die menslike samelewing. Hier het die onderwyser wat verantwoordelik

is vir die liggaamlike opvoeding aan dié skool sonder twyfel 'n baie ernstige sosiale taak en verpligting, nie net teenoor die leerlinge nie, maar ook teenoor die samelewing. Sy hoogste waarde lê nie in sy daaglikse pligsgetrouheid, of kennis van die vak, of in sy metodes en tegnieke nie, maar in die mate waarin hy deur sy persoonlikheid die kinders lei en inspireer om te ontwikkel tot gesonde, lewenskragtige volwassenes van die toekomstige volk.

## 3.8. Bywoning van skole

Skoolbywoning word universeel aanvaar as 'n normale deel van 'n kind se loopbaan, so ook by die moderne swart bevolking. 'n Dekade of twee gelede het slegs 'n klein persentasie van die swart volwasse sektor formele skool-opvoeding gehad, en hiervan het weinig meer as 'n standerd 2-sertifikaat behaal. Ouers met standerd 5 tot 8 was in die minderheid en slegs 'n geringe persentasie het standerd 10 of universitêre opleiding ontvang. Vandag het hierdie prentjie egter geheel en al verander. So byvoorbeeld was daar in 1960 aan die Universiteit van Zoeloeland slegs 41 geregistreerde studente, en vandag, ná twee-en-twintig jaar, is daar 2 362 ingeskrewe studente met 163 aan die Instituut en 479 by die satelliet-kampus van die Universiteit te Umlazi, wat die verandering in die opvoedingspatroon van die swart bevolking beklemtoon.

As gevolg van die huidige toestand van onvastigheid van tradisie waarin die swartman hom bevind, woon baie kinders vandag nog nie skole by nie, terwyl andere die skool vroeg verlaat om in die ekonomie opgeneem te word. Luthuli (13, p. 41) toon aan dat die verpligte skoolbywoning vir alle swart kinders binne die volgende vyf jaar

ŉ werklikheid behoort te word. Hy sê verder dat by

> the most Westernised, urbanised and 'schooled' Black people, many of the traditional customs are stil practised. A child for instance, is still taught to cup his hands when receiving something from a senior person, and is expected to use both hands.

Hierdie tradisies en gebruike kan nie sonder meer geïgnoreer word nie en moet in die leerplanne opgeneem word, want informele opvoeding tuis oefen steeds ŉ diepgaande invloed op die opvoeding van die jeug uit.

Luthuli (13, p. 48) wys verder daarop dat die eertydse sisteem hoofsaaklik informele en meestal toevallige onderwys behels het. Die kind het deur observasie van die ouers en ander kinders geleer en het so in die lyn van tradisionele gedragspatrone ontwikkel. Hy wys verder daarop dat dans en musiek ŉ groot rol in die opvoeding van die kind gespeel het, iets wat ook groepwerk bevorder:

> Imitative play, which consisted of the representation of adult life, was one major form of education. Competative games usually indirectly tested and enhanced the physical, intellectual and social qualities of the individual. For that reason it can be rightly concluded

> that through play or games the Black child develops those assets which served him in good stead in his adult life.

Verder pleit vooraanstaande swart opvoedkundiges dat spel en sport wel in die skole tot maksimale hoogtes aangebied word, iets wat duidelik die vraag na liggaamlike opvoeding weerspieël.

## 3.9. Spele op Skoolterrein by die Zoeloe

Veranderinge in die lewenspatroon van die swart bevolking in Suid-Afrika deur interne en eksterne faktore, het die swartman sy lewensbeskouing en uitkyk op sy opvoeding verander. As gevolg van kontak met verskeie Westerse kulture, sê Luthuli (14, p. 32) het 'n verandering in dié lewenspatroon ingetree en 'n geleidelike evolusie na Westerse gedragspatrone het begin ontwikkel:

> ..... their children had to go to formal schools and church, played Western games and took part in Western sport, wore Western Clothes, and assumed attitudes which were Western in origin, no matter how much these had been adapted to suit them.

Spele wat veral in KwaZulu deur uitsluitlik skoolgaande kinders op die skoolterrein gespeel word, word soos volg deur Schoeman (16, pp. 152-156) uiteengesit:

### 3.9.1. "Hopscotch"

Dit is hoofsaaklik 'n meisiespel wat baie ooreenstem met die spel wat deur blanke kinders gespeel word.

### 3.9.2. Balspele

Verskeie vorme van balspele kom op die skoolgrond voor, naamlik:

#### 3.9.2.1. Grypbal

Die spel is 'n soort netbal en word "umdlalo wokunqaka ibhola" genoem wat letterlik "kalfgrypspel" genoem word. Wanneer 'n span 'n doel behaal, word 'n klippie opsygesit wat hulle 'n "bees" noem en die span wat eerste die regte hoeveelheid "beeste" bymekaar gemaak het, wen.

#### 3.9.2.2. Springbal

Die spel word hoofsaaklik beperk tot die meisies en word "ukunxuma ibhola" genoem wat "laat die bal spring" as vertaal kan word. Die spel word met 'n tennisbal gespeel wat die speelster op en af laat bons en terwyl die bal opwaarts beweeg, word 'n been van die speelster bo-oor die bal geswaai wat sy dan met een hand moet vang en weer laat bons terwyl dieselfde beweging nou met die ander been gedoen word. Die telling word in twees gedoen, en die speelster met die hoogste telling wen.

### 3.9.2.3. Raakgooi

Die spel is bekend as "umdlalo utuklu waphakatie" wat "binnespel" beteken en stem ooreen met "bok in die hok" wat deur blanke kinders gespeel word. Twee staan tussen 8 tot 12 meter uitmekaar en in 'n afgebakende ruimte tussen die twee gooiers staan een of meer spelers. Die twee aan die buitekant probeer nou met 'n tennisbal soveel moontlik raakgooi.

### 3.9.2.4. Sokker

Dié spel is veral gewild onder die skoolseuns en word dikwels gespeel.

### 3.9.3. Touspring

Die spel word "ingqabeshu" genoem wat deur drie en of meer spelers gespeel word. Twee swaai 'n tou van ongeveer twee meter in sirkelbeweging terwyl 'n speler inspring. Verskeie variasies kom hier voor deur byvoorbeeld slegs een speler te laat inspring as die tou deurswaai. Die tou word al vinniger geswaai totdat 'n speler deur die tou geraak word, of die speler wat inspring roep 'n maat van buite af en kyk so hoeveel spelers binne kan inkom voordat die tou een kan raak. Nog 'n variasie is waar dogters kyk hoe hoog hulle oor 'n tou kan spring wat vergelyk kan word met hoogspring en word "umagalopha" genoem.

## 3.9.4. Albasters

Hierdie spel volg dieselfde patroon as by blankes en word "imabula" genoem. Die albasters wat gewen word word die "beeste" (izinkomo) genoem.

## 3.9.5. Klippie opgooi

Hierdie spel word hoofsaaklik deur dogters gespeel en word "ukugenda" genoem. Die spel word gespeel deur een klippie in die lug te gooi en terwyl die klip in die lug is, met dieselfde hand 'n klippie uit 'n hopie te verskuif.

## 3.9.6. Kaartspel

Kaartspel kom vandag by byna al die groot skole voor. Die spel "amaphepha" is eers net deur seuns gespeel, maar in die afgelope paar jaar het dit ook 'n gewilde spel onder die dogters geword. Hierdie spel gaan dikwels ook te paard met dobbelary.

## 3.9.7. Umulabalaba

Hierdie spel kan nie in Afrikaans omskryf word nie. Dit is veral gewild onder ouer seuns en word ook ná skoolopleiding nog intensief gespeel. Die spel kom in 'n mate ooreen met dambord.

## 3.9.8. Stelteloop

Die spel "unongekleni" is veral gewild by seuns op die platteland

deurdat daar gekyk word wie die verste op die stelte kan loop.

Spel by die kind bly basies een van die middele waarmee hy hom graag self besig hou, en deur hierdie spelaktiwiteite in die liggaamlike opvoedingsles op te neem, kan van hom op skool 'n gelukkige individu maak.

## 3.10 BRONNELYS


1. BRUWER. J.P. 1951 Die Bantoe van Suid-Afrika. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel.

2. BRYANT A.T. 1939 The Zulu People. Pietermaritzburg, Shutter & Shooter.

3. COERTZE P.J. 1973 Inleiding tot die Algemene Volkekunde. Johannesburg, Voortrekkerspers

4. DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING 1979 Jaarverslag: RP 101/1979. Pretoria, Staatsdrukker.

5. DUMINY P.A. 1968 African pupils and teaching them. Pretoria, J.L. van Schaik Ltd.

6. EDUCAMUS 1980 Statistiek: Getal onderwysers: Maart 1979. Mei 1980, Vol XXVI, No.4, Johannesburg, Perskor.

7. EDUCAMUS 1980 Statistiek: Primêre skool inskrywings: Maart 1979. Augustus 1980, Vol. XXVI, No.6 Johannesburg, Perskor.

8. EDUCAMUS 1980 Statistiek: Universiteite: Studente-inskrywings: Junie 1979. November 1980, Vol. XXVI, No.9, Johannesburg, Perskor.

9. EDUCAMUS 1981 Statistiek: Skole voltyds. Maart 1981. Vol XXVII, No.2 Johannesburg, Perskor.

10. HAMMOND-TOOKE W.D. 1974 The Bantu-speaking Peoples of Southern Africa. London Routledge & Kegan Paul.

11. KHABELE B.M. 1981 The organisation of school sport and extra-curricular activities in the circuit and in the region. Educamus, November 1981, Vol XXVII, No.9 Johannesburg, Perskor.

12. KRIGE E.J. 1950 The social system of the Zulus. Pietermaritzburg, Shutter & Shooter.

13. LUTHULI P.C. 1981 The philosophical foundations of Black Education in South Africa. Durban, Butterworths.

14. LUTHULI P.C. 1982 An introduction in South Africa. Durban, Butterworths.

15 MÖNNIG H.O. 1967 The Pedi. Pretoria, J.L. van Schaik Ltd.

16. SCHOEMAN H.S. 1970 Spel in die Kultuur van sekere Natalse Nguni. Pretoria, Unisa.

17. SELIGMAN C.G. 1956 Races of Africa. London, Oxford University Press.

18. STONE H.J.S. 1974 Struktuur en motief van die Onderwysstelsel. Bloemfontein Sacum Beperk.

19. UNIE VAN SUID-AFRIKA 1936 *Verslag van die Interdepartementele Kommissie in sake Naturelle - Onderwys 1935.* (Welsh-verslag). U.G. No. 29/1936, Pretoria, Staatsdrukker.

20. UNIE VAN SUID-AFRIKA 1951 *Verslag van die Naturelle-onderwyskommissie: 1949-51.* (Eiselen-Kommissie) U.G. No 53/1951, Pretoria, Staatsdrukker.

21. VAN LOGGERENBERG N.T. & JOOSTE A.J.C. 1966 *Verantwoordelike Opvoeding: 'n Fenomologies-Prinsipiële studie.* Bloemfontein, Sentrale Pers.

22. VOS A.J. 1976 *'n Funksionele beoordeling van onderwysstelsels vir Swart Afrika-Volke aan die hand van 'n model uit die vergelykende opvoedkunde.* Pretoria, Unisa, D.Ed.- Proefskrif.

HOOFSTUK 4

# PROSEDURE BY DIE ONDERSOEK NA LIGGAAMLIKE OPVOEDING, SPORT EN REKREASIE AAN DIE SWART SKOLE IN KWAZULU

Daar bestaan tans geen navorsingsgetuienis oor die waarde van liggaamlike opvoeding, sport of rekreasie in die samelewing en leefwyse van die skoolgaande Zoeloe-kind in KwaZulu nie. So 'n waardebepaling is dus nodig, gesien vanuit verskeie gesigspunte, naamlik die opvoedkundige, maatskaplike, psigologiese en filosofiese. So 'n ondersoek raak dus die bestaansreg van liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie en die plek wat dit in die swart skole hier behoort aan toegeken te word.

Positiewe bevindinge kan dien as 'n belangrike bedingingskrag vir ruimer bewillings , naamlik by opleiding, fasiliteite, fondse en mannekrag. Om dus 'n behoorlike saak te kan uitmaak met die oog op sterker bedinging, asook om preoriteite by die verantwoordelikhede neer te lê, is dit nodig dat hierdie probleemterrein deeglik ondersoek moet word.

Met die oog op die insameling van die verlangde gegewens is daar besluit om van 'n vraelys gebruik te maak.

## 4.1. Die vraelys

Die vraelys is spesifiek ontwerp met die doel om ondersoek in te stel na die liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie aan die swart skole in KwaZulu. Die beginsel van eenvoud is by die opstelling van die onderskeie vrae gehandhaaf, aangesien die doel hoofsaaklik was om inligting in te win, en nie soseer om 'n dieptestudie van die toestande by die skole te maak nie.

Die vraelys moes deur die onderwysers wat Liggaamlike Opvoeding aan die skole doseer of deur sportafrigters by die skole ingevul word. ( Kyk bylae E p. 199)

Die ontleding van die vrae gebruik uit die vraelys kan hoofsaäklik in die volgende punte onderverdeel word:

i) Persoonlike besonderhede

ii) Apparaat en terrein beskikbaar

iii) Toestand van apparaat

iv) Deelname aan sport op skoolvlak

v) Sosio-ekonomiese invloed van sport op skoolvlak

vi) Belangstelling in bywoning van sportklinieke vir swart onderwysers in KwaZulu.

## 4.2. Die ondersoekgroep

Vraelyste is aan alle swart skole en onderwysinstansies in KwaZulu uitgestuur om ondersoek in te stel na die liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie aan die swart skole; om vas te stel wat die beskikbaarheid van apparaat en velde by die skole is; en om as 'n peiling te dien van die toestand van die apparaat en die terrein.

Die respondente is die sportonderwysers aan die skole of persone wat sport in hul vryetyd by skole afrig, in samewerking met die skoolhoofde, wat die vraelyste moes voltooi.

## 4.3. Motivering

Om 'n goeie respons te probeer verkry by die voltooiing en terugsending van die vraelyste is 'n brief by die vraelys ingesluit, onderteken deur prof. P.C. Luthuli, Departementshoof: Filosofie van die Opvoedkunde aan die Universiteit van Zoeloeland en mnr. J.E.Ndlovu, Sekretaris: Departement van Opvoeding en Kultuur van KwaZulu, waarin uiteengesit word waarom die gevraagde inligting verlang word, en welke persone gekies is om by die skole die vraelyste te voltooi. ( Kyk bylae D p. 198).

## 4.4. Uitstuur van vraelyste

Vraelyste is na die verskillende swart skole in KwaZulu as volg uitgestuur. Waar KwaZulu verspreid in Natal lê, is sonering deur middel van die Poskantoor Kodes van gebruik gemaak. Natal word hiervolgens in nege sones as volg ingedeel: ( Kyk bylae A p. 195).

| | | |
|---|---|---|
| i) | 2 900 - 3 199 | Natal 1 |
| ii) | 3 200 - 3 399 | Natal 2 en Pietermaritzburg |
| iii) | 3 400 - 3 599 | Umvoti |
| iv) | 3 600 - 3 799 | Natal 3 |
| v) | 3 800 - 3 999 | Zoeloeland |
| vi) | 4 000 - 4 099 | Durban en Takkantore |
| vii) | 4 100 - 4 299 | Suidkus |
| viii) | 4 300 - 4 499 | Noordkus |
| ix) | 4 500 - 4 699 | Natal - Kaap |

Die uitstuur van die vraelyste aan die swart skole, in bostaande gebiede, vir voltooiing is soos volg uitgevoer:

i) 'n Onderhoud met die Sekretaris van die Departement van Opvoeding en Kultuur van KwaZulu, mnr. J.E.Ndlovu, is aangevra om verlof te verkry om die voorgestelde vraelyste aan skole te stuur en die probleem van onopgeleide personeel in dié vakgebied duidelik te stel. (Kyk bylae C p.197).

ii) Na afloop van die vergadering het die Departement van Opvoeding en Kultuur wel die nodige toestemming verleen, maar die Departement het laat blyk dat hy sal wil sien dat dié vraelyste aan al die skole, wat onder die jurisdiksie van KwaZulu val, uitgestuur sal word.

iii) Waar moontlik is skole besoek by die voltooiing van die vraelyste om beter samewerking te kon verkry.

iv) Afrigters en sportonderwysers is besoek om vas te stel of die vraelys verstaan word en of hulle dit kan voltooi.

v) Waar moontlik, is telefoniese opvolgwerk gedoen en sportorganiseerders is op dié manier oorreed om die nodige samewerking te gee vir die voltooiing van die vraelyste.

## 4.5. Probleme voortspruitend uit die terugontvangs van die vraelyste

Met die terugontvangs van die vraelyste het daar heelwat probleme opgeduik waarvan die vernaamstes as volg aangegee kan word:

i) Dit het later geblyk dat sommige van die skole aan wie die vraelyste uitgestuur is, nie meer bestaan nie, of weens die personeel tekort nog nie funksioneer nie.

ii) Sommige van die vraelyste was so onvolledig ingevul dat dit glad nie in aanmerking geneem kon word by die verwerking van die gegewens nie.

iii) Sommige skole het laat blyk dat hulle nie oor sportorganiseerders beskik nie of dat daar geen sport aan die skole beoefen word nie. Hierdie vraelyste is onvoltooid teruggestuur.

## 4.6. Bylaes

### Bylae A

KwaZulu lê verspreid in die provinsie Natal (Kyk p.13 van hoofstuk 1) en sonering van die skole is deur middel van die Poskantoor Kodes gedoen. Hierdeur kon die persentasie skole aan wie vraelyste gestuur is, per sone gedoen word.

Bylae B

Dié bylae is gebruik as kontrole vir die terugontvangs van die voltooide vraelyste.

Bylae C

Verlof moes van die Departement van Onderwys en Kultuur van KwaZulu verkry word om die vraelyste aan skole in die gebied te kan stuur. Verlof is toegestaan op voorwaarde dat die vraelyste aan al die skole in KwaZulu gestuur moes word.

Bylae D

'n Bekendstellingsbrief is aan elke vraelys geheg om te verseker dat die respondente die noodsaaklikheid van die vraelys insien, dit voltooi en terugstuur.

Bylae E

Algemene instruksies aan respondente vir die voltooiing van die vraelyste.

Bylae F

Die vraelys self.

HOOFSTUK 5

# BEVINDINGE, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

## 5.1. Bevindinge

'n Totaal van 2 222 vraelyste is aan swart skole in KwaZulu gestuur, waarvan die volgende voltooide vraelyste terug ontvang is:

i) Uit die totaal versend is slegs 381 terug ontvang wat 17,15% van die totale getal skole uitmaak.

ii) Hiervan was 39 bedorwe of glad nie voltooid nie, 'n persentasie van 1,76%.

iii) Die res, naamlik 342, kon gebruik word (hoewel sommige gegewens bevraagteken kan word), wat 'n persentasie van 15,48% uit die totaal verteenwoordig.

### 5.1.1. Die Vraelys

Afdeling A

Vraag 1: Naam van die Skool

Die vraag was gemik op die afmerk van die kontrolelys.

Vraag 2: Distrik

Die vraag is om op bylae B die ontvangs van die vraelyste aan te toon. KwaZulu lê verspreid in Natal en sonering is gebruik deur middel van die Poskantoorkodes soos in hoofstuk 4 aangetoon.

Vraelyste na die verskillende skole is soos volg uitgestuur (Sien Bylae A):

TABEL 1

Uitstuur van Vraelyste

| Sorteerlyn | i | ii | iii | iv | v | vi | vii | viii | ix | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 278 | 164 | 160 | 136 | 625 | 116 | 306 | 204 | 233 | 2222 |
| Persentasie | 12,5 | 7,4 | 7,2 | 6,1 | 28,1 | 5,2 | 13,8 | 9,2 | 10,5 | 100 % |

Hieruit blyk dit dat die gebied V, naamlik Zoeloeland, in die Noorde van Natal, die meeste skole aangetref word, wat 28,13% van die totale skole van KwaZulu verteenwoordig.

Die bruikbare vraelyste wat terugontvang is, verteenwoordig elke gebied soos volg (Bylae B):

TABEL II

Terugontvangs van Vraelyste

| Sorteerlyn | i | ii | iii | iv | v | vi | vii | viii | ix | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 44 | 30 | 15 | 17 | 87 | 21 | 48 | 45 | 35 | 342 |
| *Persentasie | 15,8 | 18,3 | 9,4 | 12,5 | 13,9 | 18,1 | 15,7 | 22,1 | 15 | |

Die ontvangs uit gebied vii, naamlik die distrik Stanger, het die beste gereageer op die vraelyste, waar 204 vraelyste uitgestuur en 22,06% terug ontvang is, wat 2,03% van die vraelyste uitmaak.

---

*Persentasie van elke gebied in Tabel II bereken vanaf aantal terugontvang teenoor aantal uitgestuur soos in Tabel 1.

Vraag 3: Ligging van die skool t.o.v. Platteland/Dorp/Stedelik

TABEL III

| | Platteland | Dorp | Stedelik |
|---|---|---|---|
| N | 289 | 16 | 37 |
| % | 84,5 | 4,68 | 10,82 |

Hier word drie gebiede afgebaken, naamlik plattelandse, dorp- en stedelike skole. Uit die vraelyste wat ontvang is, blyk dit dat die plattelandse skole die beste gereageer het.

Vraag 4: Skole ingedeel volgens stelsel in KwaZulu

TABEL IV

| | Primêr | Junior Sekondêr | Senior Sekondêr | Tegnies | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| N | 242 | 68 | 26 | 6 | 342 |
| % | 70,76 | 19,88 | 7,6 | 1,76 | 100 |

Dit het geblyk dat die beste respondente die van die Primêre skole was. Tegniese- en Onderwysopleidingskolleges vir swartes het so swak gereageer dat dit saamgevat is onder Tegniese skole.

Vraag 5

Waar die skole vroeër as gemeenskapskole in KwaZulu ingedeel was, toon almal aan dat hulle tans onder die Departement van Opleiding en Kultuur ressorteer.

Vraag 6 Geslag van Sportonderwyser

Omrede dit die gebruik is om die personeellid wat verantwoordelik is vir die sport op die skool as 'Sport teacher' aan te spreek kan hier nie melding van 'n liggaamlike opvoeder gemaak word nie. Deur waarneming en onderhoude is gevind dat liggaamlike opvoeding nie verder gevorder het as die beoefening van sekere sportsoorte nie.

TABEL V

| | Manlik | Vroulik | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 229 | 113 | 342 |
| % | 66,96 | 33,04 | 100 |

Die gegewens dui op 'n hoë % van organisasie en afrigting wat deur onderwyseresse gedoen word, deurdat by talle skole geen manlike personeel is om die leiding op sportgebied kan neem nie. Waar by blanke skole 'n man vir die seuns en 'n dame vir die dogters by die beoefening van sport in beheer is, word dit nie hier gevind nie.

Vraag 7 Hoedanigheid waarin die 'Sportonderwyser' optree

| SPORTSOORT | ORGANISEERDERS | AFRIGTERS | BEAMPTE/SKEIDSREGTER |
|---|---|---|---|
| Atletiek | 145 | 111 | 51 |
| Boks | 16 | 11 | 5 |
| Karate | 20 | 8 | 1 |
| Netbal | 165 | 105 | 96 |
| Ringtennis | 6 | 1 | - |
| Sokker | 212 | 169 | 126 |
| Tafeltennis | 6 | 3 | 2 |
| Tennis | 10 | 6 | 1 |
| Volleybal | 4 | 2 | - |

Hieruit blyk dit dat daar basies drie sportsoorte intensief by swart skole beoefen word, naamlik: atletiek, netbal en sokker. In Tabel X (kyk p. 140) word aangetoon tot watter mate die personeel as afrigters gekwalifiseer is.

By sommige stedelike skole word aandag geskenk aan sportsoorte soos boks en karate. Die res word by so min skole aangebied dat dit weer eens dui op onvoldoende fasiliteite by die skole, asook 'n gebrek aan die nodige opgeleide personeel om die sportsoorte aan die leerlinge oor te bring, iets wat so noodsaaklik is vir die vryetydsbesteding en rekreasie na skoolopleiding. Hierdie toestand lei daartoe dat leerlinge by klubs aansluit en so alle belang verloor by sport op skoolvlak.

Vraag 8 Kwalifikasies van respondente

Respondente wat die vraelyste voltooi het beskik oor die volgende kwalifikasies wat soos volg ingedeel word:

A : Slegs skoolkwalifikasies;

B : Slegs diploma; en

C : Universiteitsgrade

Respondente met slegs skoolkwalifikasies

TABEL VII (a)

| ST. | Voor/ 1970 | '71 | '72 | '73 | '74 | '75 | '76 | '77 | '78 | '79 | '80 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 16 | 4 | 2 | 6 | 5 | 12 | 7 | 8 | 6 | 4 | 1 | 71 |
| 9 | 3 | - | 2 | 2 | 1 | 2 | 5 | 4 | 1 | 1 | 1 | 22 |
| 10 | 14 | 2 | 1 | 1 | 5 | 6 | 4 | 5 | 6 | 7 | 15 | 66 |
| N | 33 | 6 | 5 | 9 | 11 | 20 | 16 | 17 | 13 | 12 | 17 | 159 |

Voltooide skoolkwalifikasies

TABEL VII (b)

| ST. | Ten volle | Gedeeltelik | Totaal |
|---|---|---|---|
| 8 | 69 | 2 | 71 |
| 9 | 22 | - | 22 |
| 10 | 55 | 11 | 66 |

Respondente in besit van onderwysdiplomas

TABEL VIII

| Diploma \ Voor/ 1970 | '71 | '72 | '73 | '74 | '75 | '76 | '77 | '78 | '79 | '80 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S.O.D. | 2 | - | 2 | - | 1 | 2 | - | - | - | 2 | - | 9 |
| S.S.O.D | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | - | 1 | 3 |
| P.O.S. | 5 | - | - | 2 | 2 | 2 | 1 | 5 | 4 | 4 | 6 | 31 |
| J.S.O.S | 2 | 2 | - | - | - | 6 | - | 2 | 2 | 2 | 6 | 22 |
| H.P.O.S | 7 | - | - | 1 | - | - | 1 | 4 | 3 | 2 | 2 | 20 |
| N | 16 | 2 | 2 | 3 | 3 | 10 | 2 | 11 | 11 | 10 | 15 | 85 |

Al hierdie respondente het dié diplomas met sukses voltooi.

S.O.D. = Senior Onderwysdiploma

S.S.O.D.= Senior Sekondêre Onderwysdiploma

P.O.S. = Primêre Onderwyserssertifikaat

J.S.O.S.= Junior Sekondêre Onderwyserssertifikaat

H.P.O.S.= Hoër Primêr Onderwyserssertifikaat

Respondente besig met Universiteitsgrade

TABEL IX (a)

| Graad | Voor/ '71 | '75 | '76 | '79 | '80 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | 1 | 2 | 2 | 2 | 6 | 13 |
| B.Sc. | | | | 1 | 2 | 3 |
| N | 1 | 2 | 2 | 3 | 8 | 16 |

Respondente met voltooide Universitêrekwalifikasies

TABEL IX (b)

| Graad | Ten volle | Gedeeltelik | Totaal |
|---|---|---|---|
| B.A. | 4 | 9 | 13 |
| B.Sc. | 1 | 2 | 3 |
| N | 5 | 11 | 16 |

Kwalifikasies in sport behaal

TABEL X

| Sport | 1972 | '75 | '77 | '78 | '79 | '80 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Administr. & Organisasie | - | 1 | - | - | 1 | 6 | 8 |
| Atletiek | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 7 | 14 |
| Boks | - | 1 | - | - | - | - | 1 |
| Netbal | - | - | - | - | 1 | - | 1 |
| N | 1 | 3 | 1 | 1 | 5 | 13 | 24 |

Uit die voorafgaande vyf tabelle is dit duidelik dat daar nie voldoende gekwalifiseerde personeel beskikbaar is vir gespesialiseerde afrigting nie.

Volgens Tabel VII (a) is daar 61,15% personeellede met kwalifikasies van matriek en laer by die 342 skole wat verantwoordelik is vir die sportafrigting en-organisasie. In Tabel VIII het respondente aangetoon dat 4,62% diplomas aan 'n universiteit en 28,07% aan onderwyserskolleges behaal het.

Volgens Tabel IX het 6,16% onderwysers universitêre opleiding ontvang waarvan 1,92% die graadkursus voltooi het en 4,23% hul kursus nog moet voltooi. Hierdie respondente het ook nie gespesialiseerde kursusse in sport bygewoon nie.

Tabel X toon dat van die 260 onderwysers slegs 9,23% kwalifikasies in sport behaal het waar een of ander kursus bygewoon is. In atletiek, wat een van die belangrikste sportsoorte aan die swart skole is, het slegs 5,38% respondente kursusse bygewoon, waarvan 3 'n kursus by die S.A.A.A.U., 4 in Welkom, 2 aan 'n onderwyserskollege, 2 by Yskor en 3 by 'n kursus wat by Ulundi aangebied is, bygewoon het.

Volgens Tabel XI het slegs 10,77% van die respondente een of ander kursus in die metodiek van sport deurloop. Uit die vraelyste het 82 respondente nie melding gemaak van hul kwalifikasies nie.

Hieruit is dit duidelik dat daar 'n geweldige tekort aan behoorlik opgeleide personeel in skole aan KwaZulu is.

Vraag 9 Ander kursusse in sport bygewoon

TABEL XII

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 134 | 208 | 342 |
| % | 39,18 | 60,82 | 100% |

Uit die vraag is dit verblydend dat feitlik 40% van die respondente wel een of meer kursusse in sport bygewoon het, soos wat in vraag 10 aangetoon word.

Vraag 10 Bywoning van kursusse in sport

Uit die gegewens ontvang blyk dat die genoemde 40% van die respondente altesaam 176 kursusse bygewoon het. In atletiek het daar ongeveer 75% afrigtingskursusse bygewoon, in netbal ongeveer 40%, in sokker 14% en in boks en volleybal ongeveer 1% elk.

Dit blyk uit die voorafgaande dat daar 'n geweldige tekort aan opgeleide swart onderwyspersoneel is en dat daar dringend aandag aan kursusse in sport en rekreasie gegee moet word. Uit sommige vraelyste kom die behoefte na vore en vra respondente dat kursusse en sportklinieke op gereelde grondslag vir hulle aangebied moet word sodat die skoolgaande kind die nodige en korrekte afrigting sal kan ontvang. Sportafrigters wat nie aan die onderwyskorps verbonde is nie, is ook gretig om die klinieke by te woon, waar dit die gebruik is waar afrigting van sekere sportsoorte deur buitestaanders aangebied word.

AFDELING B: ALGEMENE INLIGTING

Vraag 1: Het u skool 'n saal?

TABEL XIV

Skole met skoolsale.

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 165 | 177 | 342 |
| % | 48,25 | 51,75 | 100% |

Volgens hierdie gegewens beskik ongeveer die helfte van die skole oor sale. Die benutting van dié sale word in vraag 2 en 3 aangetoon.

Vraag 2: Indien u skool oor 'n saal beskik, word daar sportaktiwiteite in aangebied?

TABEL XV

Skoolsaal vir sportgebruik

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 76 | 89 | 165 |
| % | 46,06 | 53,94 | 100% |

Vraag 3: Indien u antwoord in vraag 2 "Ja" was, dui aan welke sport in die sale beoefen word.

Sportsoorte wat in die 76 sale aangebied word is: karate in 31, boks in 15 en tafeltennis in 4 sale. In 11 sale word daar slegs opvoedkundige films vertoon en 24 word gebruik vir toneelopvoerings en samekomste.

Weens die groot leerlingtalle word 89 sale in klaskamers omskep weens die gebrek aan genoegsame ruimte.

Vraag 4: Neem u leerlinge aan atletiekbyeenkomste deel?

TABEL XVI

Deelname aan atletiek

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 237 | 105 | 342 |
| % | 69,3 | 30,7 | 100% |

Volgens die gegewens dui dit daarop dat 'n groot groep skole wel aan atletiekbyeenkomste deelneem, maar 30,7% van die skole neem nie deel nie weens verskeie redes, soos afstand, vervoer en onvoldoende fasiliteite, asook weens die feit dat daar nie opgeleide personeel vir sportafrigting is nie.

Vraag 5: Beskik u skool oor 'n atletiekbaan?

TABEL XVII

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 70 | 272 | 342 |
| % | 20,47 | 79,53 | 100% |

Dit is duidelik dat daar nie voldoende fasiliteite by skole beskikbaar is nie, van die 20,47% wat daar wel is, is die toestande baie swak, en die afmetings van die bane laat veel te wense oor. Van gespesialiseerde deelname kan daar nie veel verwag word nie, want byna geen gespesialiseerde oefeninge word aan die leerlinge gegee nie.

Vraag 6: Indien u antwoord by vraag 5 "Nee" was, waar oefen die leerlinge vir atletiekbyeenkomste?

Gegewens dui daarop dat leerlinge by 128 skole op sokkervelde oefen en by 29 skole maak hulle gebruik van naburige velde by sportklubs of blanke skole. Tien van die skole dui aan dat hulle glad nie oefen nie en regstreeks aan byeenkomste deelneem. Baie skole maak ook gebruik van paaie na die skool wat dan vir verkeer gesluit word terwyl atletiek-afrigting plaasvind. Uit die gegewens blyk dit egter duidelik dat gespesialiseerde afrigting weinig of glad nie toegepas word nie.

Vraag 7: Met u laaste atletiekbyeenkoms was daar enige uitstaande prestasie?

Dié gegewens dui nie op 'n werklike beduidende gevolgtrekking nie soos in vraag 8 aangedui word.

Vraag 8: Indien wel, meld sy/haar prestasie

Aan die antwoorde wat hier ontvang is, kan die gebrek aan afrigting en kennis van die sportonderwysers duidelik gesien word.

Die meeste respondente het ook nie kennis van tye of afstande nie soos deur die volgende gegewens interessantheidshalwe aangetoon word:

| | | |
|---|---|---|
| 100 meter seuns 0/14 | : | 1 min. 0,2 sek. |
| 800 meter seuns 0/19 | : | 4 uur 40 min. |
| 5 000 meter seuns 0/19 | : | 1 min 50 sek. |
| Hoogspring dogters 0/14 | : | 6 meter |
| Verspring dogters 0/19 | : | 20,5 meter |

Uit bogenoemde blyk dit dat intensiewe kursusse in atletiek aangebied sal moet word om die evaluering van prestasies sinvol te maak.

TABEL XVIII (a)

Sportvelde by skole

| Sportvelde | Skole Sonder | Skole Met | Aantal velde | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | |
| Netbal | 28 | 314 | 297 | 17 | - | 342 |
| % | 8,19 | 91,81 | - | - | - | 100% |
| Sokker | 51 | 291 | 282 | 8 | 1 | 342 |
| % | 14,91 | 85,09 | - | - | - | 100% |
| Tennis | 333 | 9 | 6 | 3 | - | 342 |
| % | 97,37 | 2,63 | - | - | - | 100% |
| Volleybal | 339 | 3 | 3 | - | - | 342 |
| % | 99,12 | 0,88 | - | - | - | 100% |

TABEL XVIII (b)

Toestand van die sporveld by skole

| Sportvelde | Toestand van velde | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| | Puik | Goed | Swak | |
| Netbal | 4 | 164 | 146 | 314 |
| % | 1,27 | 52,23 | 46,5 | 100% |
| Sokker | 3 | 149 | 139 | 291 |
| % | 1,03 | 51,2 | 47,77 | 100% |
| Tennis | 3 | 5 | 1 | 9 |
| % | 33,33 | 55,56 | 11,11 | 100% |
| Volleybal | 1 | - | 2 | 3 |
| % | 33,33 | | 66,67 | 100% |

Netbal blyk een van die gesogste sporte in swart skole te wees. Volgens Tabel XVIII (a) blyk dat daar by slegs 8,19% van die skole nie netbalbane is nie, terwyl uit die oorblywende 91,81% 297 een baan en 17 skole twee bane besit. Die toestand van die bane is egter onrusbarend deurdat slegs ± 1% in 'n puik toestand is, ± 52% in 'n goeie toestand en ± 46% swak is.

Vir sokker dui 14,91% aan dat daar nie velde is, teenoor 85,09% wat wel oor die velde beskik. Die toestand is soortgelyk as die van die netbalbane en dringende aandag sal hieraan gegee moet word.

Slegs 2,63% van die skole besit tennisbane, waarvan ongeveer die helfte in 'n redelike toestand is. Dit toon dat dié sport wat sy begin in Natal gehad het, op byna geen skool as 'n sport beoefen word nie.

Volgens die ingesamelde gegewens blyk dit dat minder as 1% van die skole oor volleybalbane beskik wat min ruimte verg en ook goedkoop apparaat, en as 'n gewilde balspel by swart skole kan ontwikkel.

Uit bostaande blyk dit dat by die 342 skole 'n totaal van 617 sportvelde beskikbaar is waarvan die toestand soos volg aangegee kan word:

i) Puik: 11 sportvelde : 1,78%

ii) Goed: 318 sportvelde : 51,54%

iii) Swak: 288 sportvelde : 46,68%

Dat slegs 50% van alle sportvelde by die swart skole in 'n redelike speelbare toestand is, is verontrustend en die owerhede en skoolinstansies sal dringende aandag aan die toestande moet gee, aangesien liggaamlike opvoeding 'n verpligte onderdeel van die curricula is en die mens as sosiale wese hier die kans om te speel en hom/haar ten volle uit te leef, ontneem word.

Vraag 10: Besit en toestand van atletiek apparaat

TABEL XIX (a)

10.1.

Stophorlosies by skole

| | Geen Skole | Aantal per skool | | | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | |
| N | 311 | 26 | 4 | 1 | 342 |
| % | 90,94 | 7,6 | 1.17 | 0,29 | 100% |

TABEL XIX (a.1.)

Toestand van die stophorlosies

| | Toestand van apparaat | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | Puik | Goed | Swak | |
| N | 4 | 26 | 1 | 31 |
| % | 12,9 | 83,87 | 3,23 | 100% |

Dit blyk uit die bostaande tabelle dat ongeveer 90% van die skole nie oor stophorlosies beskik nie. Die toestand van die beskikbare horlosies is egter oor die algemeen goed. Deurdat slegs 10% van die skole oor horlosies beskik is dit ontmoontlik om tye in atletieknommers te bepaal. Daar kan aanbeveel word dat elke skool oor minstens een moet beskik en dat onderwysers opleiding moet ontvang in die gebruik van dié apparaat.

10.2.

TABEL XIX (b)

Spiese vir seuns

| | Geen Skole | Apparaat vir Seuns | Aantal spiese per skool | | | | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | |
| N | 297 | 45 | 35 | 7 | 1 | 2 | 342 |
| % | 86,84 | | 10,2 | 2,05 | 0,29 | 0,58 | 100% |

TABEL XIX (c)

Spiese vir dogters

| N | Geen Skole | Apparaat vir dogters. | Aantal spiese per skool | | | | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | |
| N | 301 | 41 | 31 | 7 | 1 | 2 | 342 |
| % | 88,01 | | 9,06 | 2,05 | 0,29 | 0,58 | 100% |

TABEL XIX (d)

Toestand van die spiese by skole

| | Toestand van apparaat | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | Puik | Goed | Swak | |
| N | 11 | 62 | 13 | 86 |
| % | 12,79 | 72,09 | 15,12 | 100 |

Uit 'n ontleding van die gegewens in bostaande tabelle blyk dat daar by minder as 15% van die skole spiese vir seuns en dogters is. Slegs 10% van die skole besit elk 1 spies vir die seuns en dogters, slegs 7 skole besit 2 van elk, 1 skool het 3 van elk en 2 skole besit 4 van elk.

Die groot persentasie skole wat nie oor spiese beskik nie, is skokkend en die item kom ook nie tot sy reg nie deurdat daar geen afrigting in gegee kan word nie. Atlete maak dikwels op byeenkomste die eerste keer kennis met dié apparaat. Deurdat die apparaat duur is en maklik beskadig kan word, kan aanbeveel word dat die item 'krieketbal-gooi' in die plek van spiesgooi ingevoeg word.

10.3.

TABEL XIX (e)

Skyfwerp vir seuns

| | Geen Skole | Apparaat vir Seuns | Aantal Skyfwerpe per skool | | | | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | |
| N | 295 | 47 | 40 | 6 | 1 | - | 342 |
| % | 86,26 | | 11,7 | 1,75 | 0,29 | | 100% |

TABEL XIX (f)

Skyfwerp vir dogters

| | Geen Skole | Apparaat vir dogters | Aantal Skyfwerpe per skool | | | | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | |
| N | 298 | 44 | 37 | 5 | 1 | 1 | 342 |
| % | 87,13 | | 10,83 | 1,46 | 0,29 | 0,29 | 100 |

TABEL XIX (g)

Toestand van die skyfwerpe

| | Toestand van apparaat | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | Puik | Goed | Swak | |
| N | 13 | 65 | 13 | 91 |
| % | 14,29 | 71,42 | 14,29 | 100% |

Dieselfde gevolgtrekkings kan hier as in Tabel XIX (b) gemaak word, en daar kan aanbeveel word dat elke skool minstens 'n junior skyf vir seuns aankoop sodat die nodige afrigting ook hier gedoen kan word.

10.4.

TABEL XIX (h)

Gewigstoot vir seuns

| | Geen Skool | Apparaat vir Seuns | Aantal gewigte per skool | | | | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 5 | |
| N | 294 | 48 | 41 | 2 | 5 | | 342 |
| % | 85,96 | | 12,0 | 0,58 | 1,46 | | 100% |

TABEL XIX (i)

Gewigstoot vir dogters

| | Geen Skool | Apparaat vir dogters | Aantal gewigte per skool | | | | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 5 | |
| N | 303 | 39 | 34 | 3 | 1 | 1 | 342 |
| % | 88,6 | | 9,94 | 0,88 | 0,29 | 0,29 | 100 |

TABEL XIX (j)

Toestand van die gewigte

| | Toestand van apparaat | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | Puik | Goed | Swak | |
| N | 13 | 68 | 6 | 87 |
| % | 14,94 | 78,16 | 6,9 | 100% |

Uit die gegewens blyk dit dat gewigstoot 'n soortgelyke probleem as werpskyf by dié skole ondervind. Slegs 15% van die skole beskik oor die apparaat en by geen skool is die korrekte sirkel of stootblok gevind nie. Die toestand van die apparaat word oor die algemeen as bevredigend aangegee maar aandag sal aan die velde gegee moet word.

## 10.5. Hekkies

Slegs 3 skole het aangetoon dat hulle oor 6 hekkies elk beskik wat as "uiters swak" beskryf word. Aan hierdie item word glad nie aandag gegee nie.

## 10.6 Aflosstokke

By slegs 29 skole kon uit die gegewens afgelei word dat hulle oor aflosstokke beskik, en die toestand van die stokke is deurgaans as "ongeskik" aangegee. Dié apparaat kan self vervaardig word en met die nodige kennis kan die item maklik aangeleer word.

## 10.7 Wegspringblokke

Volgens die gegewens beskik sleg 2% van die skole oor wegspringblokke en maak die res ook nie van hierdie apparaat gebruik nie. Daar sal egter dringend aan die metodiek van die wegspring aandag gegee moet word, aangesien by byeenkomste hierdie 'n vreemde begrip is wat baie atlete hier vir die eerste keer ondervind.

## 10.8. Afsitpistool

Slegs 4% van die skole besit afsetpistole. By die ander word van fluitjies gebruik gemaak. Aan die afset by al die atletieknommers sal baie meer aandag gegee moet word. Weer eens moet daarop gewys word dat afrigtingsklinieke van kardinale belang is, sodat afrigters op die hoogte van die korrekte metodieke gebring kan word.

## 10.9. Fluitjies

Ongeveer 70% van die skole besit fluitjies. Dit is 'n goedkoop apparaat en elke skool behoort oor ten minste drie daarvan te beskik. Die apparaat is onontbeerlik as hulpmiddel by sportafrigting en die aankoop daarvan is noodsaaklik.

## 10.10. Klokke

Uit die gegewens blyk dit dat ongeveer 40% van die skole nie oor klokke beskik nie. Die toestand is oor die algemeen goed, maar dit word slegs vir skoolgebruik aangewend.

## 10.11 Hoogspringapparaat

Slegs 10% van die skole besit hoogspringapparaat, waarvan die toestand as "uiters ongeskik" aangegee word. Dit blyk uit die ontvangde gegewens dat aan hierdie faset ook weinig aandag gegee word, en byna geen afrigting vind hierin plaas nie.

## 10.12 Wenpale

Slegs 10% van die skole beskik oor 'n stel wenpale. By die res word daar nie van hierdie apparaat gebruik gemaak nie. Die metode wat gevolg word, laat 'n leemte, deurdat by die meeste items geen korrekte beslissings gemaak of korrekte tye aangeteken word nie. Hierdie apparaat kan maklik selfvervaardig word uit afvalmateriaal, wat byna geen finansiële uitgawe is nie. Met korrekte leiding kan die sportonderwyser self die nodige doen.

## 10.13 Meetlinte en merkers

Slegs 20% van die skole het aangedui dat hulle oor meetlinte beskik, waarvan die hantering veel te wense oorlaat, soos reeds in vraag 8 aangetoon is. Slegs 2% van die skole het aangedui dat hulle oor merkers beskik. Gevolglik kan afgelei word dat geen afstande afgemerk word nie.

Uit die bostaande gegewens blyk dat atletiek op die oomblik by swart skole 'n laagtepunt bereik het en drastiese stappe gedoen sal moet word om hierdie sportsoort op te hef. Die gegewens dui op 'n totale onvoldoende besit van atletiekapparaat vir deelname en afrigting aan dié skole. Daar kan aanbeveel word dat die Departement van Onderwys en Kultuur van KwaZulu dringend aandag aan dié faset van die onderwys sal gee en toesien dat deelname aan dié sport uitgebou word.

Vraag 11: Besit u skool enige van die volgende apparaat?

11.1 Boks

Slegs 7% van die skole besit bokshandskoene, en 5% skermhandskoene, gesigskerms en slaansakke. Die toestand van die apparaat blyk in 'n bevredigende toestand te wees en word redelik intensief by dié skole gebruik. Die standaard van die sport is egter nie hoog nie, omrede die apparaat onvoldoende blyk te wees.

Dankbaarheid moet egter aan dié sportonderwysers uitgespreek word wat die moeite doen om die sport by die skole aan te bied ondanks die tekort aan die nodige hulpmiddele.

11.2. Krieket

Die sport word nie hier aangebied nie.

11.3. Hokkie

Die sport word nie hier aangebied nie.

11.4. Netbal

TABEL XX (a)

Netballe per skool

| | Geen Skole | Netballe per skool | | | | | Totale Skole. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 5 | 6 | |
| N | 17 | 256 | 62 | 5 | 1 | 1 | 342 |
| % | 4,96 | 74,85 | 18,14 | 1,47 | 0,29 | 0,29 | 100% |

Uit die gegewens blyk dit dat ongeveer 95% van die skole wel oor netbalballe beskik. Die toestand van die balle is oor die algemeen goed en slegs by 20% van die skole word die toestand as "swak" aangegee. Netbal geniet baie aandag aan swart skole en baie dogters speel die spel. Weens groot getalle aan dié skole is een bal per skool onvoldoende en meer balle sal verskaf moet word.

Die gegewens toon verder dat hoewel netbal intensief beoefen word, die fasiliteite onvoldoende is. Netbalbane neem nie baie ruimte in beslag nie en skoolgronde is oor die algemeen groot. Skoolhoofde moet hier toesien dat meer bane aangelê word om aan die behoefte te kan voorsien.

## 11.5 Sokker

TABEL XX (b)

Sokkerballe per skool

| | Geen Skole | Sokkerballe per skool | | | | | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
| N | 24 | 238 | 69 | 5 | 5 | 1 | 342 |
| % | 7,02 | 69,59 | 20,18 | 1,46 | 1,46 | 0,29 | 100% |

Naas netbal vir die dogters is sokker die belangrikste sportsoort vir seuns op skool. Uit bostaande gegewens blyk dat slegs 7% van die skole nie oor sokkerballe beskik nie. Die toestand van die balle is swakker as by die netbal, omrede dié spel die

balle aan strawwer toetse onderwerp. Net soos by netbal blyk dit dat die getal balle per skool ontoereikend is, en meer balle sal aangekoop moet word. 'n Klein persentasie seuns neem aktief deel en die meerderheid word sodoende gedwing om van die begin af as toeskouers op te tree. Dit skep 'n ongunstige situasie deurdat die seuns nie maksimale oefeninge kry nie.

Net soos by netbal is daar nie genoeg bane nie, dus kry slegs die enkelinge voldoende geleentheid tot die bemeestering van die spel. Die doelpale voldoen nie aan die vereistes nie, maar wat van belang is, is dat daar wel is.

Die gegewens dui daarop dat ongeveer 50% van die skole pompe vir die balle besit, wat oor die algemeen in 'n bevredigende toestand is.

## 11.6 Tennis

Soos reeds aangedui, besit net 9 skole tennisbane, en beskik 7 skole oor genoeg rakette. 'n Tekort aan nette en tennisballe word egter aangegee.

Vraag 12: Het u skool enige sportklere self uit skoolfonds aangekoop?

TABEL XXI (a)

Aankoop van sportklere

| | JA | NEE | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| N | 212 | 130 | 342 |
| % | 61,99 | 38,01 | 100% |

Uit bostaande tabel blyk dit dat meer as 60% van die skole sportuitrusting aankoop om 'n eenheid op die sportveld te vorm. Van die sportuitrusting wat aangekoop is, besit skole die volgende:

TABEL XXI (b)

Aangekoopte sportklere by skole

| Sport Uitrusting | Geen Aankope | Aankope Gedoen | Totale Skole | Totale kleding | Gemiddeld per skool |
|---|---|---|---|---|---|
| N Atletiek-hemde | 326 | 16 | 342 | 327 | 20,44 |
| % | 95,32 | 4,68 | 100% | | |
| N Karate-pakke | 341 | 1 | 342 | 8 | 8 |
| % | 99,7 | 0,3 | 100% | | |
| N Netbal-jurke | 191 | 151 | 342 | 1,793 | 11,87 |
| % | 55,85 | 44,15 | 100% | | |
| N Sokkertruie | 158 | 184 | 342 | 2,955 | 16,06 |
| % | 46,2 | 53,8 | 100% | | |

Uit bostaande gegewens blyk dit dat daar aan sokker en netbal by uitstek meer aandag gegee word as enige ander sportsoort. Meer as 50% van die skole koop uit skoolfondse sokkeruitrusting aan teen 'n gemiddeld van 16 stelle per skool, terwyl netbaluitrustings by ongeveer 45% van die skole aangekoop word teen ongeveer 12 per skool.

Vraag 14: Watter sportaktiwiteite word deur die skool aangebied en hoe gereeld oefen die leerlinge?

TABEL XXII

Sportaktiwiteite deur skole aangebied

| Sport | Geen Skool | Oefendae per week in seisoen | | | | | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
| N Atletiek | 174 | 103 | 44 | 9 | 4 | 8 | 342 |
| % | 50,87 | 30,12 | 12,87 | 12,63 | 1,17 | 2,34 | 100% |
| N Boks | 318 | 13 | 4 | 4 | 1 | 2 | 342 |
| % | 92,98 | 3,81 | 1,17 | 1,17 | 0,29 | 0,58 | 100% |
| N Karate | 304 | 18 | .4 | 6 | 4 | 6 | 342 |
| % | 88,89 | 5,27 | 1,17 | 1,75 | 1,17 | 1,75 | 100% |
| N Netbal | 21 | 182 | 100 | 22 | 4 | 13 | 342 |
| % | 6,14 | 53,22 | 29,24 | 6,43 | 1,17 | 3,8 | 100% |
| N Sokker | 26 | 175 | 97 | 22 | 7 | 15 | 342 |
| % | 7,6 | 51,17 | 28,36 | 6,43 | 2,05 | 4,39 | 100% |
| N Tennis | 333 | 7 | 2 | - | - | - | 342 |
| % | 97,37 | 2,05 | 0,58 | - | - | - | 100% |

Dit blyk dat meer as 50% van die skole nie tyd afstaan vir atletiekoefening nie. Slegs 30% van die skole oefen 1 dag per week.

Boks word slegs by 24 skole aangebied, terwyl meer as 50% van dié skole ook slegs een dag per week oefen. Die apparaat blyk ook ontoereikend te wees, soos reeds aangedui is.

Volgens die gegewens blyk karate meer gewild te wees as boks in swart skole. Van die 38 skole wat karate aanbied, oefen ongeveer 50% slegs een dag, terwyl die res tussen 2 en 5 dae per week oefen.

Netbal is by uitstek 'n sport wat deur dogters ook op swart skole beoefen word en slegs by ongeveer 6% van die skole vind geen afrigting plaas nie. By die meeste skole vind afrigting een tot twee dae per week plaas terwyl by groter skole dié sport die hele week formeel beoefen word, aangesien daar nie genoeg bane is om meer spanne gelyktydig af te rig nie.

Die seuns op swart skole speel hoofsaaklik sokker, en slegs by 26 skole is gevind dat daar nie formele afrigting gegee word nie. Ongeveer 80% van die skole oefen 1 tot 2 dae per week, en hier, net soos by netbal beoefen groter skole sokker die hele week as gevolg van te min bane en balle.

Tennis word uit die gegewens slegs by 9 skole formeel afgerig, en wel van 1 tot 2 dae per week.

Uit bostaande gegewens blyk dit dat daar 'n mate van formele afrigting van genoemde sportsoorte op gereelde dae plaasvind. Kursusse en sportklinieke is dus noodsaaklik en moet met gereelde tussenposes aangebied word om die standaard op skoolvlak te verhoog.

Vraag 15: Noem die verskillende sportsoorte waarin u skool teen ander skole meeding, en hoeveel wedstryde word per seisoen gespeel?

TABEL XXIII

Sport waarin meegeding word*

| | Sport | Geen Skole | Toernooie /Wedstryde per jaar 1 tot 3 | 4 tot 6 | 7 tot 9 | 10 tot 12 | Totale Skole |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | Boks | 328 | 7 | 5 | - | 2 | 342 |
| % | | 95,91 | 2,05 | 1,46 | | 0,58 | 100% |
| N | Karate | 329 | 6 | 3 | 1 | 3 | 342 |
| % | | 96,2 | 1,75 | 0,88 | 0,29 | 0,88 | 100% |
| N | Netbal | 40 | 70 | 151 | 46 | 35 | 342 |
| % | | 11,7 | 20,47 | 44,15 | 13,45 | 10,23 | 100% |
| N | Sokker | 55 | 64 | 136 | 45 | 42 | 342 |
| % | | 16,08 | 18,71 | 39,77 | 13,16 | 12,28 | 100% |
| N | Tennis | 338 | 2 | 1 | 1 | | 342 |
| % | | 98,84 | 0,58 | 0,29 | 0,29 | | 100% |

Gegewens toon dat slegs 2 skole hulle intensief toespits op boks deur aan meer as 10 toernooie per jaar deel te neem. Van die res, nl. 12 skole, neem 7 aan 1 tot 3 toernooie deel, terwyl 5 skole aan 4 tot 6 toernooie per jaar deelneem.

Volgens die gegewens neem 13 skole aan toernooie aan karate deel. Hiervan neem 6 skole aan 1 tot 3, 3 skole aan 4 tot 6, 1 aan 7 tot 9 en 3 skole aan 10 en meer toernooie per jaar deel.

* Atletiek word nie in die tabel aangegee nie deurdat atletiek nie deur die respondente as 'n wedstrydsport gereken was nie.

Uit die gegewens blyk dit dat netbal intensief beoefen word en dat slegs ongeveer 12% van die skole nie wedstryde speel nie.

Wedstryde in sokker vind ook oor die algemeen baie plaas en slegs by 16% van die skole word nie wedstryde gespeel nie.

Slegs 4 van die 9 skole wat oor tennisbane beskik, neem aan toernooie deel en slegs 2 skole speel in meer as 7 toernooie.

Uit die bestaande tabel blyk dit duidelik dat daar slegs in netbal en sokker werklik gekompeteer word. Wat boks betref, kan ons aanvaar dat daar nie voldoende apparaat is nie, en so ook in karate. Wat tennis betref, is daar hoofsaaklik 'n tekort aan bane. Weer eens is daar bewys dat daar nie genoegsame afrigting in die ander sportsoorte is nie en dat afrigtings- en sportklinieke dringende aandag moet geniet.

Vraag 16: Woon die ouers van leerlinge wedstryde by?

TABEL XXIV (a)

Bywoning deur ouers

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 256 | 86 | 342 |
| % | 74,85 | 25,15 | 100% |

Gegewens toon duidelik dat ongeveer 75% van die ouers wel die wedstryde bywoon.

Vraag 17: Indien "Ja" in vraag 16, hoe is die bywoning?

Tabel XXIV (b): Persentasie bywoning

| | Goed | Gemiddeld | Swak | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| N | 69 | 142 | 45 | 256 |
| % | 26,95 | 55,47 | 17,58 | 100% |

Uit dié gegewens blyk dat die bywoning van ouers gemiddeld is (55%) en redes vir die swak bywoning van wedstryde word aangegee as vervoer, afstand en tyd. Hierdie redes is deur mondelinge mededelinge verkry.

Vraag 18: Getal onderwysers aan u skool

TABEL XXV (a)

Personeel aan skole

| | Mans | Dames | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 1 207 | 2 557 | 3 764 |
| % | 32,07 | 67,93 | 100% |

Dames maak ongeveer 70% uit vir die onderwyspersoneel van die 342 skole wat die vraelyste voltooi en teruggestuur het. Dit toon dan ook dat daar by sommige skole geen manlike personeel is nie en dat by dié skole die dames die taak opgelê word om sport aan beide geslagte te gee. Met hierdie verskynsel waar meer dames as mans op die personeel is, betree die vrou ook as afrigter manlike sportsoorte en moet sy dus die nodige opleiding hê om haar in staat te stel om dié taak te kan volbring.

Vraag 19: Onderwysers aan u skool wat sportafrigting waarneem

TABEL XXV (b)

Personeel gemoeid met sportafrigting

| | Sport | Mans | Dames | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| N<br>% | Atletiek | 198<br>45,62 | 236<br>54,38 | 434<br>100% |
| N<br>% | Karate | 22<br>78,57 | 6<br>21,43 | 28<br>100% |
| N<br>% | Netbal | 61<br>5,54 | 1 041<br>94,46 | 1 102<br>100% |
| N<br>% | Sokker | 673<br>76,65 | 205<br>23,35 | 878<br>100% |
| N<br>% | Tennis | 12<br>54,55 | 10<br>45,45 | 22<br>100% |
| N<br>% | Boks | 23<br>100 | - | 23<br>100% |

Wat betref atletiek, is daar 55% dames teenoor die 45% mans behulpsaam met die afrigting.

Van die 38 skole wat karate aanbied, is ongeveer 80% mans teenoor die 20% dames. Ook hier is daar nie genoegsame opgeleide onderwysers nie en maak baie skole van afrigters buite die onderwyskorps gebruik.

By die skole waar netbalafrigting plaasvind, is daar ± 5% mans wat met die afrigting behulpsaam is. Die sport word deur dogters beoefen, maar weens 'n tekort aan opgeleide onderwyseresse aan sekere skole moet onderwysers die afrigting hiervan waarneem. Sportkursusse by

tersiêre inrigtings moet dus ook afrigtingskursusse in netbal vir mans sowel as dames insluit as 'n voorvereiste by die toekenning van 'n diploma of onderwysgraad.

In sokker vind ons dat dames ongeveer 25% van die sokkerafrigters verteenwoordig. Dit dui op die geweldige tekort aan manlike onderwysers in swart skole. Hier betree die dames beduidend die veld wat hoofsaaklik eers aan die man toegeken is; dus moet sokker ook in die leerplanne by tersiêre inrigtings vir dames ingesluit word.

Tennis geniet by die 9 skole 'n groot belangstelling by die personeel en 22 onderwysers help hier met afrigting. Hiervan is ongeveer 50% dames, wat toon dat die sport geweldig veld wen onder die swart bevolking en waar daar fasiliteite is, is die belangstelling besonder hoog.

Wat boks betref, toon die gegewens dat daar slegs 23 onderwysers is wat met die afrigting by 24 skole behulpsaam is en die tekort word aangevul deur van afrigters buite die onderwyserskorps gebruik te maak.

Uit bogenoemde tabelle blyk duidelik dat die belangstelling groot is, maar dat struikelblokke in die weg gelê is wat voorkom dat sport by swart skole werklike hoogtes bereik. Tersiêre inrigtings moet intensiewer sportkursusse by hulle leerplanne insluit en dit is duidelik dat alle voornemende onderwysers so 'n kursus moet volg, want die hele personeel, en nie slegs die sportonderwyser nie, is verantwoordelik vir die afrigting van sport aan die hele skool.

Vraag 20: Hoeveel leerlinge neem aktief deel aan georganiseerde sport by skole?

Deelname deur seuns en dogters aan georganiseerde sport

| | Sport | Seuns | Totale Seuns | Dogters | Totale Dogters | Groot-totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| N | Atletiek | 10 202 | 65 117 | 9 419 | 65 697 | 130 814 |
| % | | 15,67 | 100% | 14,34 | 100% | |
| N | Boks | 481 | 65 117 | - | - | 65 117 |
| % | | 0,74 | 100% | | | |
| N | Karate | 1 009 | 65 117 | 368 | 65 697 | 130 814 |
| % | | 1,55 | 100% | 0,56 | 100% | |
| N | Netbal | - | - | 12 970 | 65 697 | 65 697 |
| % | | - | - | 19,74 | 100% | |
| N | Sokker | 15 703 | 65 117 | - | - | 65 117 |
| % | | 24, 12 | 100% | - | - | - |
| N | Tennis | 227 | 65 117 | 243 | 65 697 | 130 814 |
| % | | 0,35 | 100% | 0,37 | 100% | |

Uit bogenoemde tabelle blyk dit dat slegs ± 16% seuns en ± 14% dogters aktief aan atletiek deelneem. Dit dui ten eerste op onvoldoende fasiliteite en ten tweede dat motivering by die onderwysgeledere ontbreek.

Wat boks betref, blyk dit dat slegs 1% van die seuns afrigting ontvang. Dié sport is skynbaar gewild onder die swart seuns en meer aandag kan aan die sport bestee word.

Karate blyk 'n nuwe sport te wees wat by swart skole gegee word, en die belangstelling onder seuns en dogters neem toe. Ongeveer 1% in beide gevalle ontvang afrigting.

Die gegewens wat t.o.v. netbal en sokker ontvang is, dui daarop dat ongeveer 20% van die dogters en 25% van die seuns aktief deelneem. Die vraag kan nou gestel word: Watter vorm van rekreasie word aan die res van die leerlinge gegee? Sport moet 'n integrerende deel van die nie-akademiese lewe van die skoolgaande kind vorm, wat hier blyk nie die geval te wees nie. Waarskynlike redes soos geen fasiliteite, nie genoegsame tyd en ongekwalifiseerde personeel word vir die tendens verstrek. Dringende aandag sal hieraan gegee moet word om 'n gesonde jeug te verseker.

Tennis word gestrem deur die feit dat daar by slegs ± 3% van die skole fasiliteite bestaan, wat meebring dat slegs ± 0,4% van die leerlinge hieraan deel kan hê.

Uit die voorafgaande tabelle blyk dit dat sport oor die algemeen

nie intensief beoefen word in die skole nie. Feite soos gebrek aan fasiliteite en onopgeleide personeel in die afrigting van sport sal onder die Onderwysdepartement se aandag gebring moet word, en drastiese stappe ter verbetering sal so spoedig moontlik gedoen moet word. Weens die geweldige finansiële las wat dit op die onderwys sal lê, moet daar weë gesoek word om dit te bowe te kom, en skole sal moet uitspring en eie fasiliteite skep om sodoende hierdie agterstand uit te wis.

Die daarstelling van eie fasiliteite soos netbal-, sokker-, volley-bal en talle ander bane kan sonder finansiële las deur die skole self bewerkstellig word, met die nodige leiding deur die Departement van Onderwys, in samewerking met ander sportliggame. Indien hier nou 'n begin aan gemaak word, kan die sportsituasie binne 'n dekade 'n radikale verandering ondergaan.

Vraag 21: Maak u skool gebruik van afrigters wat nie op u doserende personeel is nie?

TABEL XXVII (a)

Afrigters buite onderwyskorps

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 109 | 233 | 342 |
| % | 31,87 | 68,13 | 100% |

Die gegewens toon dat 'n duidelike afleiding gemaak kan word dat reeds meer as 30% van die skole van afrigters buite die onderwyskorps gebruik maak. Die volgende tabel toon in welke mate daar reeds aan ses sportsoorte wat by swart skole aangebied word, professionele leiding gekry word.

Vraag 22: Indien so, noem die sportsoort waarin afrigting van sport deur afrigters buite die onderwyskorps verkry word.

TABEL XXVII (b)

Afrigting deur afrigters buite die onderwys

| Sport | Aantal Afrigters | Persentasie |
|---|---|---|
| Atletiek | 18 | 11,92% |
| Boks | 8 | 5,3 % |
| Karate | 15 | 9,93% |
| Netbal | 24 | 15,89% |
| Sokker | 85 | 56,29% |
| Tennis | 1 | 0.66% |
| N | 151 | 100% |

Uit Tabel XXVII (a) p. 170 is dit duidelik dat afrigters buite die onderwyskorps ongeveer 44% van die skole bedien waar personeel nie oor die nodige kundigheid beskik nie. Hierdie tendens is 'n beduidende verskynsel en weerspieël die geweldige tekort aan opgeleide sportonderwysers.

Vraag 23: Neem u leerlinge aan sport op klubvlak deel?

TABEL XXVIII (a)

Deelname deur leerlinge op klubvlak

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 181 | 161 | 342 |
| % | 52,92 | 47,08 | 100% |

Die gegewens dui daarop dat leerlinge by meer as 50% van die skole op klubvlak aan sport deelneem. Sommige skole verskaf die volgende redes waarom hul leerlinge hier meeding:

i) Onvoldoende afrigting op skoolvlak het leerlinge aangemoedig om by groter klubs aan te sluit;

ii) 'n Tekort aan die nodige fasiliteite en te min geleentheid, veral op die platteland, vir aktiewe deelname;

iii) Verwagting van ouers en onderwysers om leerlinge verder op sportgebied te laat presteer;

iv) Kompetisie op skoolvlak is te swak en groter uitdaging word gesoek;

v) Swak organisasie en administrasie van sport op skoolvlak;

vi) Daar is te min opgeleide afrigters aan skole vir gespesialiseerde deelname.

Vraag 24: Indien so, watter sport en aantal leerlinge?

TABEL XXVIII (b)

Sport op klubvlak

| Sport | Leerlinge | Skole | Gem. per skool |
|---|---|---|---|
| Boks | 4 | 1 | 4 |
| Karate | 68 | 6 | 11,3 |
| Sokker | 2 359 | 176 | 13,4 |

Uit die ontvangde gegewens blyk dit duidelik dat sokker in groter mate in aanvraag is as waarvoor tans op skoolvlak voorsiening gemaak word. 'n Gemiddelde van meer as 13 leerlinge by elk van 176 skole neem tans op klubvlak aan sokker deel, wat ongeveer 4% van alle seuns is. By 6 skole neem 68 leerlinge karate, en by 1 skool boks 4 leerlinge op klubvlak.

Vraag 25: Frekwensie van deelname in klubverband

Die gegewens van vraag 25 was ontoereikend en kon nie in berekening gebring word nie.


Vraag 26: Aantal leerlinge per standerd

TABEL XXIX

Leerlinge per standerd

| St. | Seuns | Dogters | Totaal | % | Aantal Skole |
|---|---|---|---|---|---|
| 10 | 966 | 1 054 | 2 020 | 1,54% | 20 |
| 9 | 1 964 | 2 395 | 4 359 | 3,33% | 29 |
| 8 | 3 653 | 4 299 | 7 952 | 6,08% | 79 |
| 7 | 4 372 | 4 558 | 8 930 | 6,83% | 79 |
| 6 | 4 501 | 5 220 | 9 721 | 7,43% | 86 |
| 5 | 4 665 | 4 764 | 9 429 | 7,21% | 130 |
| 4 | 4 769 | 5 046 | 9 815 | 7,5 % | 151 |
| 3 | 6 066 | 6 577 | 12 643 | 9,66% | 159 |
| 2 | 6 161 | 6 238 | 12 399 | 9,48% | 186 |
| 1 | 7 593 | 7 371 | 14 964 | 11,44% | 184 |
| Klas 2 | 8 966 | 8 141 | 17 107 | 13,08% | 181 |
| Klas 1 | 11 441 | 10 034 | 21 475 | 16,42% | 181 |
| N | 65 117 | 65 697 | 130 814 | 100% | |

Uit die bostaande tabel blyk dit dat daar 'n vinnige afname vanaf klas 1 is, met 'n redelik bestendige aantal leerlinge tussen St. 4 en 8, soos die volgende grafiek toon:




Die rede vir die vinnige afname kan waarskynlik toegeskryf word aan leerlinge wat in die arbeidsmark opgeneem word. Hierdie leerlinge wat nie toegerus is met kennis van vryetydsbesteding nie, kry dus bykans nooit die geleentheid om sport in hul vrye tyd te beoefen nie. Hier moet die sportonderwyser die nodige leiding neem en leerlinge voorberei, sodat hulle as volwassenes die geleentheid

het om hulle verder in sport te bekwaam.

Vraag 27: Maak die skoolrooster voorsiening vir liggaamlike opvoed

TABEL XXX (a)

Liggamlike Opvoeding op skool

| | Nee | Ja | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 16 | 326 | 342 |
| % | 4,68 | 95,32 | 100% |

TABEL XXX (b)

Aantal periodes per week

| | Aantal periodes 1 | 2 | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 66 | 260 | 326 |
| % | 20,25 | 79,75 | 100% |

Gegewens dui duidelik daarop dat meer as 95% van die skole wel voorsiening vir liggaamlike opvoeding maak, maar by 5% van die skole word daar nie voorsiening voor gemaak nie. Ook dui die gegewens daarop dat ongeveer 80% van die skole 2 periodes per week aan liggaamlike opvoeding bestee, en by 20% is daar slegs een periode.

Vraag 28: Watter aktiwiteite word gedurende die liggaamlike opvoedingsperiodes aangebied?

Ten eerste moet daar nie uit die oog verloor word dat daar tans geen opgeleide personeel is om liggaamlike opvoeding in skole in KwaZulu aan te bied nie. Onderwysers het slegs kursusse bygewoon aan universiteite en opleidingskolleges en beskik nie oor gespesialiseerde, praktiese kennis van die vak nie. Uit die gegewens wat ontvang is, word in voorkeurorde die volgende aktiwiteite beoefen:

i) Sokker word oor die algemeen by die meeste van die skole gedurende dié periodes deur die seuns gespeel. Die skole wat nie oor sokkervelde beskik nie, maak van die skoolgronde

gebruik.

ii) Die dogters speel oor die algemeen netbal waar bane en balle beskikbaar is. Klasse is egter uitermate groot, wat meebring dat alle leerlinge nie optimale geleenthede tot deelname kry nie.

iii) Gedurende die atletiekseisoen word wel aandag aan atletiek gegee. Daar is egter nie algemene afrigting nie, maar leerlinge met potensiaal word by sommige skole uitgesoek vir latere afrigting en deelname.

vi) By enkele skole, en veral in die laer klasse, word algemene oefeninge gedoen wat nog by sommige skole as "drill" bekend staan.

v) By sommige laer klasse maak onderwyseresse gebruik van die spel-metode uit die werk van McIntosh.

vi) Vyf skole het aangetoon dat karate in hierdie periode aan die leerlinge gegee word.

vii) Sommige skole gebruik hierdie periodes uitsluitlik vir "Inkata".

viii) Volksdanse en koorsang word by sommige skole in die periodes aangebied, iets wat tot 'n integrerende deel van die leerplan by swart skole uitgebou behoort te word. Sommige van die volksdanse het 'n hoë moeilikheidsgraad. Hierdie danse behoort as inleiding tot die liggaamlike-opvoedinglesse beoefen te word, iets wat eerstens vir opwarmingsdoeleindes gebruik word en tweedens om nasietrots te verhoog.

ix) By sommige skole word die vak egter afgemaak en die periodes word gebruik om skoolgronde skoon en netjies te maak of in skooltuine te werk.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat liggaamlike opvoeding nog nie sy regmatige plek op die skoolrooster van swart skole gekry het nie, en dat die opleiding van gekwalifiseerde onderwysers in hierdie vakgebied voorkeur-aandag behoort te kry.

Vraag 29: Is u bewus dat liggaamlike opvoeding 'n verpligte skoolvak is?

TABEL XXXI

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 336 | 6 | 342 |
| % | 98,25 | 1,75 | 100% |

Die meeste onderwysers beweer dat hulle bewus is dat liggaamlike opvoeding 'n verpligte skoolvak is, soos aangetoon.

Vraag 30: Is u hoof bewus dat liggaamlike opvoeding op die skoolrooster moet verskyn?

Gegewens toon dat al die skoolhoofde kennis dra dat dié vak 'n regmatige plek op die skoolrooster moet hê.

Vraag 31: Ontvang u skool finansiële steun van die Departement van Opvoedkunde en Kultuur?

Geen skool ontvang 'n toekenning vir sport in KwaZulu nie en alle sporttoerusting moet deur die skole self aangekoop word uit eie fondse. Dit plaas 'n geweldige finansiële las op skole, met die gevolg dat daar nie soveel aandag aan sport gegee word nie.

Vraag 32: Geen skool in KwaZulu ontvang tans finansiële steun van die Departement van Opvoeding en Kultuur vir sport op skoolvlak nie.

Vraag 33: Is u gemeenskap bereid om die skool in sport behulpsaam te wees?

TABEL XXXII: Dienste vanuit gemeenskap

| | JA | NEE | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| N | 303 | 39 | 342 |
| % | 88,6 | 11,4 | 100% |

Uit die gegewens blyk dit duidelik dat verreweg die meeste gemeenskappe bereid is om die skool behulpsaam te wees om sport aan die leerlinge aan te bied.

Vraag 34: Hoe ondersteun die gemeenskap u skool?

TABEL XXXIII: Ondersteuning van gemeenskap

| | Finansieel | Sportuitrusting | Afrigting | Vervoer | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| N | 131 | 11 | 31 | 169 | 342 |
| % | 38,31 | 3,22 | 9,06 | 49,41 | 100% |

Uit die gegewens blyk dit dat die ondersteuning van die gemeenskap nie genoegsaam is om sport te bevorder nie. Ongeveer 50% van die ouers wie se kinders aan sport deelneem, is bereid om met die vervoer van die leerlinge te help. Slegs 38% dra finansieel by ter bevordering van sport en 9% is met afrigting behulpsaam. By die aankoop van sportuitrusting vir die kinders dra slegs 3% van die ouers 'n deel by.

Skole gaan hierdeur gebuk onder die las dat, indien sport as 'n buitemuurse bedrywigheid aangebied sou word, dit uitsluitlik die skool se verantwoorde= likheid is. 'n Logiese gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat sport aan swart skole op die huidige klaarblyklik 'n donker era betree, en waar daar al meer van die jeug verwag word, sal aan hierdie faset van die onderwys dringend aandag aan gegee moet word.

## C PERSOONLIKE MENING

Vraag 1: Dink u dat die leerlinge aan u skool genoegsaam aan sport deelneem?

TABEL XXXIV

Voldoende deelname deur leerlinge

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 146 | 196 | 342 |
| % | 42,69 | 57,31 | 100% |

Slegs 57% van die sportonderwysers meen dat däar nie genoegsame sportdeelname by skole is nie. Die bevinding is onbeduidend.

Vraag 2: Redes vir die gebrek aan deelname deur leerlinge

Die moontlike redes wat onderwysers aanvoer vir die gebrek aan deelname deur die leerlinge kan aan die hand van die volgende gesien word:

i) By skole is daar nie voldoende fasiliteite om sport op 'n gesonde grondslag af te rig nie.

ii) Die nodige apparaat ontbreek om sport aan te bied, soos bv. atletiek-apparaat.

iii) Skole ontvang nie die nodige finansiële hulp en leiding van die Departement om sport aan skole te verbeter nie.

iv) Kennis van afrigting ontbreek by die personeel, met die gevolg dat entoesiasme nie by die leerlinge of die personeel verwag kan word nie.

v) Keuse van deelname aan sportsoorte is beperk, sodat slegs 'n geringe persentasie van die leerlinge kan deelneem.

vi) Die feit dat skoolure lank is, laat sommige skole nie toe om sport intensief te kan beoefen nie.

vii) Die nodige fondse ontbreek en ouers kan nie verder belas word om die finansiële posisie by skole te verbeter nie, met die gevolg dat die nodige sporttoerusting nie aangekoop kan word nie.

viii) Leerlinge woon ver van skole af en het nie vervoer van en na skole nie. Weens die groot afstande wat so afgelê moet word deur sommige leerlinge, kan hulle nie ná skool agterbly om aan georganiseerde sport deel te neem nie.

ix) Sommige skole beskik nie oor genoegsame ruimte om sportvelde aan te lê nie.

Vraag 3: Dink u dat leerlinge aan verpligte sport by u skool moet deelneem?

TABEL XXXV

Verpligte deelname aan sport op skoolvlak

| | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| N | 288 | 54 | 342 |
| % | 84,21 | 15,79 | 100% |

Gegewens dui duidelik dat ongeveer 85% van die respondente beweer dat hulle voorstanders is van verpligte sportdeelname vir alle leerlinge van die skool.

<u>Vraag 4:</u> <u>Redes vir verpligte deelname</u>

Die moontlike redes wat aangevoer word vir verpligte deelname kan soos volg saamgevat word:

i) Die opvoeding vandie jeug is nie net op akademiese grondslag gebaseer nie; die liggaam moet ook die nodige oefening kry, want "'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees".

ii) Deur middel van sport kan die leerlinge beter voorberei word vir hul latere lewens, en 'n groter keuse kan t.o.v. werksgeleenthede gemaak word.

iii) Indien leerlinge bewus gemaak word van die verskeie sportsoorte, kan dit 'n geweldige invloed op hul vryetydsbesteding maak en kan hul nou die verskeie rekreasiegeleenthede beter benut.

iv) Verpligte deelname aan sport kan tot gevolg hê dat leerlinge wat doelloos ronddwaal, van die strate af gehou word en sinvol kan deelneem aan georganiseerde sport.

v) Meer skole kan nou op 'n gesonde grondslag teen mekaar deelneem en sportbande kan so gesmee word.

vi) Deurdat verskillende skole op dié grondslag teen mekaar deelneem, kan die reise na ander skole gekoppel word aan opvoedkundige toere.

vii) Deur verpligte deelname aan sport kan versluierde talente ontdek word en leerlinge kan ten volle ontwikkel.

viii) 'n Groot persentasie van die leerlinge is onfiks en met verpligte deelname kan hierdie ongesonde situasie geheel en al verander word.

ix) Met geringe wysigings aan die daaglikse skoolrooster kan genoeg tyd ingeruim word vir verpligte sportdeelname van alle leerlinge.

Vraag 5: Kursusse wat u dink wat gereeld aan die onderwysers gebied moet word:

'n Lys van sportsoorte is gegee en afrigtingskursusse in die volgende sportsoorte word dringend aangevra, naamlik atletiek, basketbal, boks, krieket, gimnastiek, karate, netbal, sokker, tennis en volleybal.*

Hierdie kursusse kan met behulp van sportliggame op gereelde tye in die verskillende streke aangebied word.

Vraag 6: Is u bereid om vir 'n week gedurende skoolvakansies so 'n kursus by te woon?

Uit die gegewens wat ontvang is, blyk dat ongeveer 90% van die onderwysers bereid is om sulke kursusse by te woon.

Vraag 7: Wanneer moet so 'n kursus aangebied word?

Ongeveer 50% van die respondente verkies dat kursusse gedurende die Junie/Julie-vakansie aangebied moet word, ongeveer 40% verkies die April-vakansie en ongeveer 10% die September-vakansie.

'n Versoek van verskeie onderwysers is by die vraelyste aangeheg dat atletiekkursusse aangebied word voor die skole in Februarie heropen of net voor die atletiekseisoen 'n aanvang neem. Hierdie versoek moet aandag geniet, omdat die onderwysers wat gemoeid is met atletiek op skool die korrekte metode van afrigting so kan ontvang om aan hulle atlete oor te dra.

* 'n Tabel van sportsoorte word nie aangegee nie omrede bogenoemde sport=soorte voorkeur by al die respondente geniet het.

Vraag 8: Kan 'n stel planne van die volgende sportvelde vir u tot nut wees?

'n Lys van die volgende sportvelde was by die vraelys aangeheg naamlik, 'n atletiekbaan, 'n netbalbaan, 'n ringtennisbaan, 'n sokkerveld en 'n volleybalbaan.*

Al die onderwysers blyk entoesiasties te wees om planne met afmetings te bekom. 'n Groot persentasie van die onderwysers het ook genoem dat indien hulle oor sulke planne beskik, hulle self, met die hulp van leerlinge en ouers wat gewillig is om te help, die sportvelde sou oprig, sodat die leerlinge hierdie sportsoorte kan aanleer.

## 5.2. Gevolgtrekking

Op grond van die bevindings uit hierdie ondersoek kan sekere riglyne aangedui word en probleme ten opsigte van liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie geïdentifiseer word, wat swart skole in KwaZulu op die huidige ondervind, en wat sodoende sportafrigting onder die swart skoolgaande jeug feitlik tot stilstand dwing.

### 5.2.1. Begrip: Liggaamlike opvoeding, Sport en Rekreasie

Liggaamlike opvoeding in blanke skole word gesien as die vak op skool wat hoofsaaklik na die fisieke behoeftes van die kind binne die opvoedingsprogram moet omsien. Furter (1, p.2) toon aan dat dit alle vorme van fisieke aktiwiteite soos liggaamlike oefeninge, opvoedkundige danse, gimnastiek, sport, spele, swem, selfverdediging, ens., omvat, in sover dit as middel dien om die liggaam vir sy ware taak te bekwaam.

*'n Tabel word nie gegee nie omdat alle onderwysers 'n stel van die planne vir sportvelde wil bekom.

Die Verslag van die Hoofkomitee: RGN-sportondersoek (2, p. 7-8) ken die volgende definisies aan sport en rekreasie toe, as:

i) <u>Sport</u>

....... die betreklike gereelde deelname deur individue of spanne aan georganiseerde en mededingende sport, afgesien van die intensiteit van deelname en mededinging (2,p.8)

ii) <u>Rekreasie</u>

...... die deelname aan aktiwiteite soos swem tennis, bergklim, stap, draf, oefen, ensovoorts, wat fisieke inspanning vereis en terwille van die plesier, opwinding of oefenwaarde daarvan beoefen word, en nie terwille van mededinging of wen nie (2, p.7)

